

DIE ROL VAN DIE BESTUURSRAAD IN SKOOLBESTUUR

HENRY WILLIAM VAN WYK

(HONS.BSC., B.Ed., U.O.D.)

Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die die graad Magister Educationis in Onderwysbestuur in die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

STUDIELEIER: PROF. I.J. OOSTHUIZEN

HULPLEIER: PROF. P.C. VAN DER WESTHUIZEN

POTCHEFSTROOM

NOVEMBER 1991

## DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my dank betuig teenoor al die persone en instansies wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie studie te kon voltooi.

My besondere dank aan:

- \* Prof. I.J. Oosthuizen vir sy positiewe en inspirerende studieleiding en eindelose geduld;
- \* Prof. P.C. van der Westhuizen vir sy hulp, bystand en insiggewende wenke;
- \* My eggenote, Susan en kinders: Dirk, Alida en die tweeling Elmari en Sanet wat my met soveel liefde en geduld aangemoedig en ondersteun het tydens my studie;
- \* Prof Daan Wissing vir sy akkurate en keurige taalversorging.
- \* Mnr. D.F. du Toit vir sy hulp en wenke ten opsigte van die vooraf taalversorging.
- \* Mev. Elsa Mentz van die Fakulteit Opvoedkunde vir haar bekwame hulp, bystand en wenke ten opsigte van die opstel van die vraelys, die verwerking en interpretering van die empiriese data.
- \* Die Statistiese konsultasiediens vir die kontrolering van die empiriese werk.
- \* Die RGN vir finansiële ondersteuning.
- \* Die Transvaalse Ondewysdepartement vir toestemming en inligting wat my in staat gestel het om hierdie studie te kon voltooi.

My dank aan my Skepper wat aan my die talente, die krag en gesondheid gee het om hierdie studie te kon voltooi.

AAN HOM ALLEEN DIE EER

## SUMMARY

### THE ROLE OF MANAGEMENT COUNCILS IN SCHOOL MANAGEMENT

The Problem adressed in this Research is the role fulfilled by management councils in school management on behalf of the parents.

Through a survey of the literature the historical background, and the judicial and educational basis of parental say in education is investigated.

Parental representation by management councils and non-statutory bodies such as the TAO (Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging) and TEMPA (Transvaal English Medium Parent Association), is evaluated; co-operation between management councils and non-statutory bodies is discussed and brief attention is given to parents' evenings as an informal manner of parental say in education.

From the above-mentioned survey it becomes apparent that both parents and schools have an educational duty; that parents have to be involved in the school; that parents have to be represented in the school officially by the management council.

The importancy, regarding their management assignments and the degree of execution of their management tasks; their knowledge, regarding their statutory given assignments; the necessity of training of management council members; the methods that may be used to improve parental involvement in education and the co-operation between mangement councils and non-statutory parental organizations is empirically investigated.

From the empirical investigation it seems apparent that management councils regard their duties as important and that they successfully execute

these duties; that members of management councils possessed a satisfactory amount of knowledge regarding the execution of their statutory delineated duties, but that training is necessary; that parental involvement may be improved in a number of ways; and that co-operation between management councils and the parents' organizations is satisfactory.

Recommendations forwarded through this investigation are that management councils should be involved in school management to a greater degree; receive training to improve the execution of their management tasks; be made more aware of their assignments regarding personnel, pupil and curriculum management; strive to attain a greater degree of parental involvement and to facilitate greater co-operation between themselves and the parents' organizations.

## INHOUD

Dankbetuigings	
Summary.....	i
Lys van Tabele.....	xi
HOOFSTUK 1 ORIËNTERING.....	1
1.1 Inleiding.....	1
1.2 Probleemstelling.....	1
1.3 Doel met die navorsing.....	4
1.4 Die begrip "rol".....	4
1.5 Metodologie.....	5
1.5.1 Literatuurstudie.....	5
1.5.2 Empiriese ondersoek.....	5
1.5.2.1 Vraelys.....	5
1.5.2.2 Populasie en steekproef.....	5
1.5.2.3 Statistiese verwerking.....	5
1.6 Terreinafbakering.....	5
1.7 Hoofstukindeling.....	6
1.8 Samevatting.....	6
HOOFSTUK 2 OUERINSPRAAK EN -VERTEENWOORDIGING IN DIE ONDERWYS.....	7
2.1 INLEIDING.....	7
2.2 DIE FUNDERING VAN OUERINSPRAAK IN DIE ONDERWYS.....	7
2.2.1 Oriëntering.....	7
2.2.2 Die taak van die ouer ten opsigte van die opvoeding van sy kind.....	9
2.2.3 Die opvoedende onderwystaak van die skool.....	12
2.3 HISTORIESE AGTERGROND VAN OUERINSPRAAK IN DIE ONDERWYS.....	15
2.3.1 Inleiding.....	15

## Inhoud (vervolg)

2.3.2	Die historiese agtergrond van ouerinspraak in die onderwys in die RSA.....	16
2.3.2.1	Die periode 1652 tot 1835.....	16
2.3.2.2	Die periode 1838 tot 1909.....	17
2.3.2.3	Die periode 1910 tot 1953.....	19
2.3.2.4	Die periode na 1953.....	20
2.4	DIE JURIDIESE BEGRONDING VAN OUERINSPRAAK IN DIE ONDERWYS.....	21
2.4.1	Inleiding.....	21
2.4.1.1	Die gemeenregtelike aspek van ouerinspraak in die onderwys.....	22
2.4.1.2	Die statutêre aspek van ouerinspraak in die onderwys.....	23
2.4.2	Die ouer se reg tot inspraak in die onderwys.....	24
2.5	DIE OPVOEDKUNDIGE GRONDE VIR OUERINSPRAAK IN DIE ONDERWYS.....	27
2.5.1	Inleiding.....	27
2.5.2	Gesinsnorme vir 'n ideale opvoedingsmilieu.....	28
2.5.3	Norme waaraan die skool moet voldoen om 'n ideale opvoedingsmilieu te skep.....	29
2.6	STATUTÊRE OEUERVERTENWOORDIGING.....	31
2.6.1	Inleiding.....	31
2.6.2	Die bestuursraad.....	32
2.6.2.1	Omskrywing.....	32
2.6.2.2	Woordomskrywings.....*	32
2.6.2.3	Samestelling van die bestuursraad.....	33
2.6.2.4	Diskwalifikasies van lede van 'n bestuursraad.....	34
2.6.2.5	Die magte en pligte van die bestuursraad.....	34

Inhoud (vervolg)

2.6.2.6	Die bestuurstake van die bestuursraad.....	36
2.6.2.6.1	Inleiding.....	36
2.6.2.6.2	Bepanning.....	36
2.6.2.6.3	Organisering.....	38
2.6.2.6.4	Leidinggewing.....	40
2.6.2.6.5	Beheeruitoefening.....	41
2.6.2.7	Die bestuursareas van die bestuursraad.....	43
2.6.2.7.1	Inleiding.....	43
2.6.2.7.2	Personeelaangeleenthede.....	44
2.6.2.7.3	Leerlingaangeleenthede.....	45
2.6.2.7.4	Finansiële bestuur.....	47
2.6.2.7.5	Die bestuur van skool-gemeen- skapsverhoudinge.....	49
2.6.2.7.6	Kurrikulumbestuur.....	51
2.6.2.7.7	Die bestuur van fisiese fasi- liteite.....	53
2.6.2.7.8	Die bestuur van administratiewe aangeleenthede.....	54
2.6.2.8	Beperkings op die bevoegdhede van die bestuursraad.....	55
2.7	OUERVERTEENWOORDIGING DEUR NIE-STATUTÊRE OUERVERENIGINGS.....	57
2.7.1	Inleiding.....	57
2.7.2	Die TAO.....	58
2.7.3	TEMPA.....	59
2.7.4	Die COV.....	60
2.7.5	Oueraande as middel tot nie-formele ouerinspraak in die onderwys.....	61
2.8	SAMEVATTING.....	62

HOOFSTUK 3	EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE ROL VAN DIE BESTUURSRAAD IN SKOOLBESTUUR.....	63
3.1	INLEIDING.....	63
3.2	NAVORSINGSONTWERP.....	63
3.2.1	Die ontwerp van die meetinstrument.....	63
3.2.1.1	Die posvraelys.....	63
3.2.1.2	Voordele van die posvraelys.....	64
3.2.1.3	Nadele van die posvraelys.....	65
3.2.1.4	Die loodsvraelys.....	65
3.2.1.5	Die finale vraelys.....	65
3.2.6.1	Konstruksie van die vraelys.....	66
3.2.1.7	Administratiewe prosedure.....	68
3.2.2	Populasie en steekproef.....	68
3.2.3	Statistiese tegnieke.....	69
3.3	RESULTATE EN INTERPRETASIE.....	69
3.3.1	Biografiese gegewens.....	69
3.3.1.1	Ouderdom van bestuursraadsvoorsitter.....	70
3.3.1.2	Geslag van bestuursraadsvoorsitter.....	70
3.3.1.3	Hoogste kwalifikasies van bestuursraadsvoorsitters.....	71
3.3.1.4	Ondervinding van bestuursraadsvoorsitters as lid van 'n bestuursraad.....	71
3.3.1.5	Profiel van respondente.....	71
3.3.2	Demografiese gegewens.....	71
3.3.2.1	Tipe skool.....	72
3.3.2.2	Geslag van leerlinge in skole.....	73
3.3.2.3	Voertaal van skool.....	73

Inhoud (vervolg)

3.3.2.4	Gradering van skole.....	73
3.3.2.5	Koshuisinwoning.....	73
3.3.2.6	Sintese.....	74
3.4	PLIGTE, BEVOEGDHEDE EN WERKSAMHEDE VAN BESTUURSGRADE.....	74
3.4.1	Bestuurstake.....	74
3.4.1.1	Beplanning.....	74
3.4.1.1.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor die beplanningstaak van die bestuursraad.....	75
3.4.1.1.2	Sintese.....	78
3.4.1.2	Die organiseringstaak van die bestuursraad.....	78
3.4.1.2.1	Analise van die response ten opsigte van die vrae oor die organiseringstaak van die bestuursraad.....	79
3.4.1.2.2	Sintese.....	80
3.4.1.3	Leidinggewing as bestuurstak van die bestuursraad.....	80
3.4.1.3.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor die leidinggewingstaak van die bestuursraad.....	81
3.4.1.3.2	Sintese.....	82
3.4.1.4	Beheeruitoefening as bestuurstak van die bestuursraad.....	82
3.4.1.4.1	Analise van response ten opsigte van beheeruitoefening.....	83
3.4.1.4.2	Sintese.....	84
3.4.2	Bestuursareas.....	85
3.4.2.1	Personeelbestuur.....	85
3.4.2.1.1	Analise van response ten opsigte van personeelbestuur.....	85

## Inhoud (vervolg)

3.4.2.1.2	Sintese.....	86
3.4.2.2	Bestuur van leerlingaangeleenthede.....	87
3.4.2.2.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor leerlingbestuur....	87
3.4.2.2.2	Sintese.....	89
3.4.2.3	Finansiële bestuur.....	89
3.4.2.3.1	Analise van reponse ten opsigte van die vrae oor finansiële bestuur.	90
3.4.2.3.2	Sintese.....	93
3.4.2.4	Die bestuur van skool-gemeenskapsverhoudings...	93
3.4.2.4.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor die bestuur van skool-gemeenskapsverhoudings.....	95
3.4.2.4.2	Sintese.....	99
3.4.2.5	Kurrikulumbestuur.....	99
3.4.2.5.1	Analise van reponse ten opsigte van die vrae oor kurrikulumbestuur.....	100
3.4.2.5.2	Sintese.....	101
3.4.2.6	Bestuur van fisiese fasiliteite.....	101
3.4.2.6.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor die bestuur van fisiese fasiliteite.....	102
3.4.2.6.2	Sintese.....	105
3.5	OPLEIDING VAN BESTUURSRADSLEDE.....	105
3.5.1	Kennis van bestuursraadslede van hul bestuurstaak.....	105
3.5.1.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor die kennis van bestuursraadslede van hul bestuurstaak.....	107
3.5.1.2	Sintese.....	113
3.5.2	Noodsaaklikheid van opleiding van bestuursraadslede....	113

## Inhoud (vervolg)

3.5.2.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor die noodsaaklikheid van opleiding van bestuursraadslede.....	114
3.5.2.2	Sintese.....	114
3.5.3	Metodes vir opleiding van bestuursraadslede.....	115
3.5.3.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor metodes van opleiding van bestuursraadslede.....	115
3.5.3.2	Sintese.....	116
3.5.4	Opsomming.....	116
3.6	OUERBETROKKENHEID.....	116
3.6.1	Analise van die response ten opsigte van die vrae oor die metodes wat aangewend kan word om ouers meer betrokke by die skool te kry. ....	117
3.6.2	Sintese.....	117
3.7	SAMEWERKING TUSSEN BESTUURSRAD EN NIE-STATUTÊRE OEUERVERENIGINGS.....	118
3.7.1	Mate van samewerking.....	118
3.7.1.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor samewerking tussen bestuursrade en die nie-statutêre ouerverenigings.....	118
3.7.1.2	Sintese.....	118
3.7.2	Samewerking tussen die bestuursraad en die nie-statutêre ouerverenigings op verskeie terreine.....	119
3.7.2.1	Analise van response ten opsigte van die vrae oor die samewerking tussen die bestuursraad en die nie-statutêre ouerverenigings op verskeie terreine.....	120
3.7.2.2	Sintese.....	124
3.8	SAMEVATTING.....	125

Inhoud (vervolg)

HOOFSTUK 4	SAMEVATTENDE PERSPEKTIEFSTELLING.....	126
4.1	INLEIDING.....	126
4.2	COORSIG.....	126
4.3	BEVINDINGS.....	128
4.3.1	Bevindings ten opsigte van die literatuurstudie.....	128
4.3.2	Bevindings ten opsigte van die empiriese onder- soek.....	129
4.4	AANBEVELINGS EN RIGLYNE VIR 'N MEER EFFEKTIEWE BYDRAE DEUR DIE BESTUURSRAAD.....	131
4.4.1	Aanbevelings ten opsigte van die ondersoek.....	131
4.4.2	Aanbevelings vir verdere navorsing.....	137
4.5	SLOTOPMERKINGS.....	137
BRONNELYS.....		138
BYLAE.....		145
Bylae A	- Brief aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys (Transvaalse Onderwysdepartement).....	145
Bylae B	- Toestemmingsbrief van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys.....	146
Bylae C	- Briewe aan die skole.....	147
*	Brief aan die skoolhoof (Afrikaans).....	147
*	Brief aan die skoolhoof (Engels).....	148
Bylae D	- Vraelyste.....	149
*	Afrikaanse Vraelys.....	149
*	Engelse Vraelys.....	161

LYS VAN TABELLE

TABEL 3.1	VRAELYSTE ONTVANG.....	69
TABEL 3.2	BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN BESTUURSRaadSVOORSITTERS.....	70
TABEL 3.3	DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN SKOLE.....	72
TABEL 3.4	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE BEPLANNINGSTAAK.....	75
TABEL 3.5	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE ORGANISERINGSTAAK.....	78
TABEL 3.6	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE LEIDINGGEWINGSTAAK.....	80
TABEL 3.7	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN BEHEER DEUR DIE BESTUURSRaad.....	82
TABEL 3.8	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN PERSONEELBESTUURSAANGE- LEENIHEDE.....	85
TABEL 3.9	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN LEERLINGBESTUURSAANGE- LEENIHEDE.....	87
TABEL 3.10	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN FINANSIële BESTUUR.....	90
TABEL 3.11	BELANRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE BESTUUR VAN SKOOL- GEMEENSKAPSERHOUDINGS.....	94
TABEL 3.12	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN KURRIKULUNBESTUUR.....	99
TABEL 3.13	BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE BESTUUR VAN FISIESE FASILITEITE.....	102
TABEL 3.14	KENNIS VAN BESTUURSRaadSVOORSITTERS VAN HUL BESTUURSTAAK...	106
TABEL 3.15	NOODSAAKLIKHEID VAN OPLEIDING VAN BESTUURSRaadSLEDE.....	114
TABEL 3.16	BESTE METODES VAN OPLEIDING VAN BESTUURSRaadSLEDE.....	115

Lys van Tabelle (vervolg)

TABEL 3.17	METODES VIR DIE BEVORDERING VAN OUERBETROKKEHEID BY DIE ONDERWYS.....	117
TABEL 3.18	STAND VAN SAMEWERKING TUSSEN BESTUURSGRADE EN NIE-STATUTÊRE OEUERVERENIGINGS.....	118
TABEL 3.19	MATE VAN SAMEWERKING TUSSEN BESTUURSGRADE EN OEUERVER ENIGINGS OP VERSKEIE TERREINE.....	119

## HOOFSTUK 1

### ORIËNTERING

#### 1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die probleem ten opsigte van die rol van die bestuursraad in skoolbestuur bereken. Die doel, metode en terrein van die navorsing word bespreek en die hoofstukindeling vir die studie word gemaak.

#### 1.2 PROBLEEMSTELLING

God regeer sy skepping omdat hy 'n god van orde is. God het die mens geroep om oor die skepping te heers en dit te bewerk en te bewaar (Gen. 1:28). Daarom regeer en reël die mens alles wat in sy hand gegee word om oor te heers. Die mens kan iets reël omdat God dit reëlbaar geskape het (Van der Westhuizen, 1990:13). Daarom is dit ook nodig dat alle aktiwiteite van 'n skool gereël of bestuur word. Volgens Van der Westhuizen (1990: 13) is 'n besondere kenmerk van alle samelewingsverbande dat hulle 'n gesagstruktuur besit wat bevoeg en geroepe is om die lewe binne die betrokke verband te reël. Daarom moet die skool as samelewingsverband met 'n eie karakter ook oor 'n bevoegde gesagstruktuur beskik. Die skoolhoof met sy adjunk-hoof en departementshoofde vervul hierdie funksie op gereelde daaglikse basis (De Wet, 1981:111).

Die onderwys is egter 'n saak waarby elke lid van die gemeenskap, en ook elke sosiale instelling daarbinne, 'n intense belang het (Van Schalkwyk, 1983:7). Dit is veral die ouers as primêre opvoeders van hul kinders wat 'n besondere belang het by die skool waar hul kinders onderrig ontvang. Die RGN (1981:15) wys ook in Beginselriglyn 6 van sy verslag oor onderwysvoorsiening in die RSA daarop dat die ouers en die georganiseerde samelewing groter inspraak en seggenskap ten opsigte van die onderwys

het. Volgens Van Wyk (1982:119) sal hierdie groter inspraak en seggenskap hoofsaaklik betrekking hê op die hantering van skoolfondse en onderriggelede, toelating van leerlinge en die benoeming van personeel vir aanstelling in permanente poste - almal bestuursaangeleenthede. Verder sê Van Wyk (1982:118) dat die kern van die RGN-voorstelle met betrekking tot onderwysbestuur sterk ingeboude strukture vir deelname, konsultasie en onderhandeling in die vooruitsig stel. Die bestuursraad is die liggaam wat die ouer in hierdie verband by die skool verteenwoordig (RSA, 1990(a):36). Deur hierdie raad word die ouer dus by die bestuur van die skool betrokke gemaak. Die bestuursraad is 'n statutêre liggaam waarop ouers as lede kan dien (Van Wyk, 1987:70).

Die ouers word egter ook deur nie-statutêre liggame soos die TAO (Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging) vir Afrikaanssprekende, TEMPA (Transvaal English Medium Parents Association) vir Engelssprekende ouers en die OOV (Ouer Onderwysersvereniging) in Transvaal verteenwoordig. Anders as by die bestuursraad, waar die ouers deur verkose lede verteenwoordig word, is lidmaatskap van die nie-statutêre liggame oop vir elke ouer. Hierdie nie-statutêre ouerliggame moet soos enige ander vereniging 'n grondwet hê waarin sake soos doel, organisasie en ander tersaaklike reëlings uiteengesit word (Van Wyk, 1982:116).

Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid kan egter ook baie probleme vir die onderwys en vir die skool as instansie inhou:

\* Volgens Gorton (1983:456) is daar 'n teenkating (apatie) by ouers om betrokke te raak by die skool. Hierdie teenkating lei tot 'n gebrek aan belangstelling in die skool en sy aktiwiteite en ook 'n gebrek aan kennis van en begrip vir die probleme van die skool. Die gebrek aan

ouerbetrokkenheid kan verder daartoe aanleiding gee dat tydens die verkiesing van bestuursraadslede persone verkies word wat nie verteenwoordigend van die betrokke gemeenskap is nie, 'n toestand wat verreikende gevolge vir die skool en die onderwys kan inhou.

- \* Ouerbetrokkenheid kan verder lei tot inmenging deur die ouers in die professionele sake van die onderwyser. So 'n toestand kan lei tot 'n konfliktsituasie tussen die ouergemeenskap en die onderwyspersoneel tot nadeel van die kind as derde vennoot in die opvoedingsituasie.

Wanneer 'n bestuursraad se pligte, magte en bevoegdhede nie duidelik uitgespel of begryp word nie, kan so 'n bestuursraad sy bevoegdhede oorskry. Die optrede buite sy bevoegdheid kan lei tot 'n konfliktsituasie tussen die bestuursraad en die skool enersyds, en die bestuursraad en die ouergemeenskap andersyds.

Verder kan 'n konfliktsituasie tussen die bestuursraad en die nie-statutêre ouerliggame ontstaan indien die samewerking tussen dié liggame sou skipbreuk ly.

it voorgaande is dit duidelik dat hierdie navorsing op die volgende vrae fokus:

Op watter gronde staan ouerinspraak en -betrokkenheid in die onderwys, en watter rol kan die bestuursraad ter bevordering daarvan vervul?

Wat is die huidige pligte, magte en bevoegdhede van die bestuursraad, en wat is die kennis van die bestuursraad ten opsigte van hul bestuurstaaak? Is opleiding nodig vir bestuursraadslede om hulle beter vir hul bestuurstaak toe te rus?

Wat is die huidige stand van samewerking tussen bestuursrade en die verskillende nie-statutêre ouerliggame, en hoe kan die bestuursraad hierdie samewerking bevorder?

### 1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

Die doel met hierdie navorsing is om ondersoek in te stel na die volgende:

- \* Die begroning van oerinspraak en -betrokkenheid in openbare skole van die Transvaalse Onderwysdepartement en die rol wat bestuursrade moontlik kan vervul in die bevordering van oerinspraak en -betrokkenheid by die skole van dié departement.
- \* Die huidige pligte, magte en bevoegdhede van die bestuursraad en die nodigheid van opleiding van bestuursraadslede asook die wyse waarop opleiding moontlik kan geskied.
- \* Die huidige stand van samewerking tussen die bestuursrade van TOD-skole en die betrokke nie-statutêre oerliggame en die rol van die bestuursrade ter bevordering van genoemde samewerking.

### 1.4 DIE BEGRIP "ROL"

Owens (1981:69) sien die begrip "rol" as die gedrag wat iemand in 'n posisie (amp) openbaar as resultaat van sy interaksie met ander mense. Van der Westhuizen (1990:127) verwys na rol as die amp wat beklee word, byvoorbeeld die sleutelrol wat 'n onderwysleier in onderwysbestuur speel. Owens (1981:69) wys verder daarop dat om die begrip rol beter te kan verstaan daarop gelet moet word dat die rol wat iemand moet vervul duidelik omskryf moet wees, dat rolvoorskrifte duidelik omlin sal wees, en dat die verwagtings wat aan die rol gekoppel word, duidelik uitgespel word.

Uit voorgaande is dit duidelik dat die begrip rol dui op die funksie wat 'n persoon of liggaam in 'n organisasie vervul.

Vir die doel van hierdie studie verwys die woord rol dus na die funksie wat die bestuursraad in die skool vervul.

## 1.5 METODOLOGIE

### 1.5.1 Literatuurstudie

'n DIALOG-soektog is onderneem met die trefwoorde "role", "Management Council", "Schoolmanagement", "School Council" en "School Board". Daar is verder veral van plaaslike, maar ook van ander oorsese bronne, gebruik gemaak om soveel inligting as moontlik oor die probleemvrae in te win. Daarna is alle gegewens wat versamel is, geweeë, geëvalueer en tot enkele gevolgtrekkings gekom.

### 1.5.2 Empiriese ondersoek

#### 1.5.2.1 Vraelys

'n Gestruktureerde posvraelys is in die ondersoek gebruik.

#### 1.5.2.2 Populasie en steekproef

'n Gestratifiseerde ewekansige steekproef is gebruik om die mening van die bestuursraadsvoorsitters van vyftig openbare sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement oor genoemde probleemvrae in te win.

#### 1.5.2.3 Statistiese verwerking

Die inligting wat deur middel van die vraelyste verkry is, is met behulp van 'n rekenaar verwerk. Die resultate is geïnterpreteer en afleidings en gevolgtrekkings is gemaak. Daarna is sekere aanbevelings vir verdere studie gemaak.

## 1.6 TERREINAFBAKENING

In hierdie navorsing is bestuursraadsvoorsitters van openbare blanke sekondêre skole (spesiale-, kliniek- en verbeteringskole uitgesluit) onder die jurisdiksie van die Transvaalse Onderwysdepartement betrek. Die steekproefgrootte is 50.

## 1.7 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Oriëntering

Hoofstuk 2: Ouerinspraak en -verteenwoordiging in die onderwys

Hoofstuk 3: Empiriese ondersoek en navorsingsresultate.

Hoofstuk 4: Afleidings, gevolgtrekkings, aanbevelings, en samevatting

## 1.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleem van die rol van die bestuursraad in skoolbestuur en die doel van die navorsing gestel. Die begrip rol is verduidelik. Vervolgens is die metode van ondersoek genoem en die terrein van navorsing afgebaken. Ten slotte is 'n hoofstukindeling gemaak.

## HOOFSTUK TWEE

### OUERINSPRAAK EN -VERTEENWOORDIGING IN DIE ONDERWYS

#### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk val die klem op ouerinspraak in die onderwys. Daar sal in die eerste plek gekyk word na die fundering van hierdie inspraak en die noodsaaklikheid daarvan sal aangetoon word.

Die skool is 'n organisasie in eie reg en ouerinspraak daarin moet dus op georganiseerde wyse geskied. Dit beteken dat die ouers op georganiseerde wyse en dus deur 'n bepaalde organisasie of organisasies by die skool verteenwoordig kan word. Daarom sal daar in die tweede plek ook aandag gegee word aan sodanige ouerverteenwoordiging by die skool.

Ouverteenwoordiging kan deur statutêre liggame (deur wetgewing ingestel) en nie-statutêre liggame (vrywillige liggame) geskied (Van Wyk 1987:70). Daar sal voorts indringend aandag gegee word aan die bestuursraad as statutêre verteenwoordigingsliggaam van die ouers by die skool, veral met betrekking tot dié raad se huidige pligte en bevoegdhede.

Ten slotte sal daar ook kortliks aandag gegee word aan die rol van die nie-statutêre ouerliggame soos die TAO en TEMPA as verteenwoordigende liggame van die ouers by die skool. Daar sal veral aandag gegee word aan die rol wat hierdie liggame aanvullend tot dié van die bestuursraad kan vervul ten einde ouerinspraak in die onderwys te optimaliseer.

#### 2.2 DIE FUNDERING VAN OUERINSPRAAK IN DIE ONDERWYS

##### 2.2.1 Oriëntering

In Gen 1:28 word die mens deur God geroep om oor sy skepping te heers, dit

te bewerk en te bewaar (die kultuuroopdrag). Om dit te kan doen moet die mens op 'n volwaardige en volwasse manier leef (Stone, 1974:104). Daarvoor het 'n mens sekere beginsels en kennis nodig. Volgens Oosthuizen en Bondesio (1988:10) is dit primêr die ouers se taak om dié beginsels en kennis by hulle kinders tuis te bring, en daarom moet kinders opvoedende onderwys ontvang.

Die ouers kan die opvoeding van hul kinders weens 'n gebrek aan professionele opleiding (Oosthuizen & Bondesio, 1988:11) en weens 'n gebrek aan kennis van die diversiteit van beroepe, asook 'n gebrek aan tyd (Barnard, 1982:7) net tot op 'n sekere vlak voer. Om die opvoeding doelgerig en georden verder te voer, is die skool ingestel (Oosthuizen & Bondesio, 1988:11).

Barnard (1982:7) wys daarop dat kinderopvoeding in resente tye meer kompleks geword het, en volgens Comer (1986:442) bring die kompleksiteit van die moderne wêreld mee dat die kind al meer op die volwassene en veral die onderwyser in die skool steun. In 'n snel veranderende wêreld het ouers hul opvoedingsverantwoordelikheid gaandeweg op die skool, staat, en die kerk afgeskuif (Van der Walt, 1983:27). Die skool moes opvoed, die staat moes finansier en die kerk moes instaan vir die kind se geloofs- en sedelike ontwikkeling (Van Schalkwyk, 1983:7-8).

Uit voorgenoemde wil dit voorkom asof die ouer al meer op die kantlyn begin staan het wat die opvoeding van hul kinders betref, maar die ouer is volgens Schoeman (1983:128) primêr aanspreeklik vir die opvoeding van sy kind en hy mag hierdie verantwoordelikheid nooit afsweer of aan die skool oordra nie.

Uit voorgaande is dit duidelik dat beide die ouer en die skool 'n bepaalde

taak het ten opsigte van opvoedende onderwys. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die taak van beide die ouer en die skool in dié verband.

### 2.2.2 Die taak van die ouer ten opsigte van die opvoeding van sy kind.

Die taak van die ouer as primêre opvoeder van sy kind verwys in die eerste plek na die opvoeding en onderrig van die kind tuis in gesinsverband, en in die tweede plek verwys dit na die verantwoordelikheid van die ouer ten opsigte van die opvoeding van sy kind by die skool.

Ten einde die opvoedingstaak van die ouer reg te verstaan is dit nodig om vooraf eers die aard van die ouerlike opvoeding van nader te beskou.

Die huisgesin is volgens Barnard (1984:195) daardie samelewingsverband waarin ouers en kinders in liefde, harmonie, verantwoordelikheid en onderlinge trou, lojaliteit, respek, eerbied en toegeneentheid saamleef. Postma (1987:98) beskryf die gesin as 'n primêre samelewingsverband met 'n eie, unieke struktuur waarin die gesinslede in 'n bepaalde religieuse verband, binne 'n bepaalde tydvak, in 'n liefdesgemeenskap op 'n unieke wyse met mekaar saamleef. Die gesin is die plek waar die kind as mens aanvaar word en waar hy geborgenheid ervaar (Tandman, 1972:44-45). 'n geborgenheid wat die kind volgens Barnard (1982:5) in staat stel om dit buite die veiligheid en vastigheid van die gesin te waag en 'n onbekende terrein soos die skool, te betree en te verken.

Uit voorgaande is dit duidelik dat die ouerhuis waarin die gesinslede in liefde en geborgenheid met mekaar saamleef, 'n besonder gunstige milieu bied vir die lê van 'n gesonde opvoedingsbasis waarop die skool later moet voortbou. Ouerlike opvoeding het dus 'n eie innerlike aard.

Ouerlike opvoeding word gerig deur die religieuse oortuigings van die gesin (Stone, 1974:49), en die opvoedingsideale van elke gesin vind hulle

grondslag in die religieuse keuse wat die gesin maak. Daarom sal Christenouers hulle kinders opvoed of laat opvoed in ooreenstemming met hulle Christelike oortuigings en ooreenkomstig die doopbelofte.

Ouerlike opvoeding is tydgebonde (Postma, 1987:100). Daarom sal daar in die opvoedingshandeling rekening gehou moet word met die tydsomstandighede en -agtergrond waarteen opvoeding plaasvind. Dit beteken volgens Postma (1987:100 en 101) dat -

- \* die opvoedeling in elke nuwe ontwikkelingsfase wat hy betree, op 'n ander wyse opgevoed moet word;
- \* die verloop van tyd ook 'n bepaalde invloed op die opvoeders self het;
- \* opvoedingswyses moet aanpas by die ontwikkelingsvlak van die kind en by die eise van die tyd.

Ouerlike opvoeding vind plaas in 'n liefdes- en eenheidsgemeenskap (Van Schalkwyk, 1986:184-186) waarin die gesinslede saam leef, saam doen, saam glo, saam voel en streef, mekaar verdra, oefen, reghelp, raad gee en bystaan, omdat hulle uit wedersydse liefde vir mekaar omgee. Die gesin is ook die plek waar ouers hulle kinders in liefde versorg en op grond van hierdie liefde bied die ouerhuis aan die kinders veiligheid en sekuriteit (Van Schalkwyk, 1981:94). Hattingh (1978:6) wys daarop dat hierdie skepping van 'n veilige hawe vir hulle kinders spruit uit 'n opvallende aangetrokkenheid, ongevraagde toenadering en 'n diepgewortelde geneentheid van veral die moeder jeens haar kinders. Oberholzer (1968:40) stel dit nog sterker as hy dit 'n natuurlike drang noem wat daar by die ouer bestaan om aan die kind hulp en steun te verleen.

As gevolg van die unieke samestelling van die huisgesin is ouerlike opvoeding uniek (Postma, 1987:104), en daarom het dit 'n eie, onherleibare,

innerlike aard wat deur geen ander samelewingsverband vervang kan word nie.

Ouerlike opvoeding is egter volgens Postma (1987:101) gerig op die ontwikkeling van die kind se hele aktstruktuur - met ander woorde al sy inherente vermoëns moet ontwikkel word op so 'n wyse dat hy, as volwassene, God en sy naaste op volwaardige en volwasse wyse sal kan dien (Van der Walt, 1983:25). Daarom is die ouer ook ten nouste betrokke by dié deel van die kind se opvoeding wat hy self nie kan behartig nie, maar wat deur die skool vir hom gedoen word.

Die ouer is die enigste opvoeder wat van geboorte tot by volwassenheid volle verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderwys van sy kind moet aanvaar (Joubert, 1973:22). Dit impliseer dat die ouer se verantwoordelikheid nie beëindig word wanneer die kind skool toe gaan nie, maar dat hy steeds daadwerklik moet meewerk met die skool om die kind optimaal te ontwikkel en toe te rus vir sy taak as volwassene. Dit kom daarop neer dat die ouer by die kind die basis moet lê waarop die skool moet voortbou, naamlik dat -

- \* op grond van die Christelike opvoeding wat die kind tuis ontvang, hy alle gesag wat volgens Rom. 13 : 1 van God kom, met blymoedigheid sal aanvaar en die goeie orde, omdat God 'n god van orde is, nie sal versteur nie;
- \* op grond van die opvoeding wat die kind tuis in 'n liefdesgemeenskap ontvang het waar onderlinge respek, lojaliteit en liefde vir mekaar aangeleer is, sy meerderes sal respekteer en sy naaste sal liefhê.

Van der Stoep en Van der Stoep (1968:88) noem hierdie basis wat deur die ouers gelê word oriënteringsarbeid wat van kleins af deel van die kind se opvoeding moet uitmaak.

### 2.2.3 Die opvoedende onderwystaak van die skool.

Skool is 'n onderriginstituut of onderrigstruktuur wat deur opvoeding gekwalifiseer word (Stone, 1974:162). Barnard (1982:7) definieer skool as die plek waar daar onderrig plaasvind en waar daar geleer word. Postma (1987:106) sê dat skool deur drie partye gevorm word, naamlik hulle wat onderwys verlang (ouers/grootouers/voogde), hulle wat onderrig moet ontvang (leerlinge) en hulle wat professionele onderrig gee (onderwysers). Skool behels benewens leerlinge, onderwysers en ouers, leerinhoude wat onderrig en geleer moet word (Barnard, 1982:7). Skool is dus 'n instelling waarvan die primêre taak is om onderrig te gee aan kinders van onderwysverlangende ouers deur professioneel opgeleide onderwysers.

Die skool bestaan, soos hierbo gesien, uit mense, en daarom is dit 'n samelewingsverband wat, net soos alle ander samelewingsverbande, 'n eie struktuur vertoon waardeur dit as skool uitgeken kan word. Barnard (1982:7) toon aan dat samelewingsverbande soos die staat, gesin, kerk en bedryf belang het by die onderwys en dat hierdie samelewingsverbande die aard van die skool medebepaal. Dit bring mee dat ouers van kinders wat 'n bepaalde skool besoek, medebepalend van die aard en karakter van daardie skool is en daarom verplig is om betrokke te wees by die aktiwiteite van die skool.

Ten einde die opvoedende onderwystaak van die skool en die rol wat die ouers by die skool behoort te vervul, beter te kan verstaan, is dit nodig dat die aard daarvan vooraf van nader beskou word.

Net soos ander samelewingsverbande vertoon die skool 'n eie struktuur, wat volgens Postma (1987:105-111) die volgende behels:

- \* Die skool is religieus bepaald - met ander woorde die aktiwiteite van die skool is op God (anastaties), of weg van God (apostaties) gerig. Geen "neutrale" skool is moontlik nie en daarom sal die aard

van die opvoedende onderwystaak van die skool bepaal word deur die religieuse beginsels van die mense wat die skool vorm, naamlik die ouers, leerlinge en onderwysers.

- \* Die skool is tydgebonde - met ander woorde tyd omsluit die hele skool en al sy aktiwiteite. So is daar skooldae met periodes van bepaalde tydsduur, tyd vir sport- en kultuurbeoefening ensovoorts. Wat egter van belang is vir die opvoedende onderwystaak van die skool, is dat die skool sal rekening hou met die eise van die tyd. So moet daar in gedagte gehou word dat die opvoedingshandeling en die tempo daarvan, nou saamhang met die ontwikkeling van die denke van elke leerling. Opvoedende onderwys dra ook die kenmerk van 'n logiese volgorde en het dus 'n begin- en eindpunt. Die skool moet ook tyd inruim vir konstruktiewe kontak tussen ouer en onderwyser sodat daar besin kan word oor sake wat die leerling in die opvoedingsituasie raak.

Die opvoedende onderwystaak van die skool is kultuurhistories gefundeer en sy bestemming is geleë in die ontsluiting van die leerling se logies-analitiese denke. Dit is veral die kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese vaardighede van die leerling, wat reeds tuis tot 'n groot maat ontwikkel is, wat deur die skool verder gevoer en verfyn word.

Die opvoedende onderwystaak van die skool is uniek - met ander woorde dit is soewerein en beskik oor 'n eie kompetensierrein. Daarom mag niemand buite skoolverband, ook nie die ouer, hom bemoei met die professionele aktiwiteite van die skool nie.

Die taak van die skool ten opsigte van die opvoedende onderwys is net soos dié van die ouerhuis, 'n oefen- en afrondingskool vir die lewe (Postma, 1987:111). Van Schalkwyk (1981:89) sê dat die skool 'n plek is waar opge-

leide onderwysers leerlinge met 'n eie, besondere vryheid wat op 'n eie-soortige, geadministreerde en versnelde wyse, doeltreffend en doelgerig pedagogies aan die hand van leerinhoud ontsluit tot beskawingsvolwassenheid en tot diens aan God.

Die taak van die skool kan dus kortliks saamgevat word as die bemoeienis wat professioneel-opgeleide onderwysers maak met leerlinge ten einde dié deel van die opvoedende onderwys wat nie deur die ouers behartig kan word nie, aan die hand van toepaslike leerinhoud, by te bring. Daarom is dit nodig dat daar nouer kontak tussen ouer en onderwyser sal wees en is dit noodsaaklik dat die ouer by die skool waar sy kind skoolgaan betrokke sal wees.

Uit voorgaande uiteensetting van die opvoedende onderwystaak van die ouer en die skool, blyk dit duidelik dat die ouers -

- \* die primêre opvoeders van hulle kinders is en dat hulle om dié rede primêr verantwoordelik is vir die ontsluiting van die totale akt-struktuur van hulle kinders;
- \* nie bevoeg is om hul kinders totaal te ontsluit nie, en dat hulle al hoe meer op die skool aangewese is om die taak verder te voer;
- \* in liefde en geborgenheid, 'n gesonde opvoedingsbasis tuis behoort te lê waarop die skool met sukses verder kan voortbou.

Verder blyk dit dat die skool -

- \* 'n sekondêre opvoedingsinstansie is;
- \* se primêre funksie is om kinders te leer deur die aanbieding van die nodige leerinhoud en die begeleiding van die leerling na volwassenheid deur professioneel gekwalifiseerde onderwysers;
- \* op grond van sy kultuurhistoriese fundering en die feit dat sy kompetensieterrrein die ontsluiting van die kind se logies-analitiese denke is, bevoeg is om die opvoedingstaak van die ouer suksesvol

verder te voer, mits die ouer die nodige gesonde opvoedingsbasis by die kind gelê het.

Nouer kontak tussen die ouers en die skool is dus nodig, en aangesien die opvoeding hoofsaaklik die ouer se verantwoordelikheid is, is dit die ouer wat al meer by die skool betrokke moet wees waar sy kinders skoolgaan. Om dié rede is dit noodsaaklik dat ouers groter inspraak in die onderwys van hul kinders moet hê.

Aangesien skool deur die ouers gestig is (Postma 1987:105) en daar 'n noue samehang tussen skool en gesin bestaan (Van der Walt et al., 1979:217), was ouers van die vroegste tye af op een of ander wyse en tot een of ander mate by die skool betrokke. Om vas te stel op watter wyse en tot watter mate ouers in die verlede by die skool betrokke was, is dit nodig dat daar vervolgens kortliks na die historiese agtergrond van ouerinspraak in die onderwys gekyk sal word.

## 2.3 HISTORIESE AGTERGROND VAN OUERINSPRAAK IN DIE ONDERWYS

### 2.3.1 Inleiding

Die opvoeding kan vanuit twee hoofgesigspunte benader word, naamlik die teïstiese- en die humanistiese gesigspunte (Coetzee, 1977:5). Die teïstiese benadering, en vir die doel van hierdie studie, die Christelike benadering, berus op die aanname dat God die begin, die voortsetting en die vol-einding van die mens en daarom ook van die opvoeding is. Die kind moet dus opgevoed word met hemelburgerskap as uiteindelijke doel (Coetzee, 1977:5).

By die humanisme gaan dit om die mens self (Coetzee, 1977:6), en daarom is die einddoel van die opvoeding volgens die humanistiese opvoedingsbenadering dat die mens "humaan" (redelik) sal lewe (Roos, 1981:27). Dit beteken dat die opvoeding wat die humanisme betref, slegs die volle ontplooi-

ing van die mens se rede of verstand is. Die Humanisme het sy beslag gekry met die opkoms van die Griekse beskawing (Van der Walt, Steyn, & Niemann 1983:22), en gedurende dié tydperk was die opvoeding volgens Kazamias en Massialas (1965:21-22) hoofsaaklik gerig op staatsburgerskap. Samelewingsverbande soos die gesin, familie en skool was dele van die staatsgeheel, en ouers was maar min betrokke by die skool (Dooyeweerd, 1968:11).

Sowel die Christelike as die humanistiese opvoedingsbenaderings het hul stempel op die opvoedende onderwys in die RSA gelaat en daarom is dit nodig dat ouerinspraak in die onderwys vervolgens teen die agtergrond van dié twee benaderings gesien moet word.

### 2.3.2 Die historiese agtergrond van ouerinspraak in die onderwys in die RSA

#### 2.3.2.1 Die periode 1652 tot 1835

Gedurende die tydperk 1652 tot 1795 vestig die Hollandssprekende koloniste met hulle Protestants-Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel aan die Kaap (Barnard, 1979:5).

Volgens Steyn, Van der Walt, Dekker en Steyn (1982:69) het die staat, kerk en gesin inspraak in die onderwys van dié tydperk geniet.

In 1795 beset Groot-Brittanje, wat in oorlog met Frankryk verkeer het, die Kaap (Van der Walt *et al.*, 1983:36). Na die Vrede van Amiens (1802) gee Brittanje die Kaap aan Holland terug (Barnard, 1979:16). Die VOIC (Verenigde Oost-Indische Compagnie) was intussen bankrot en die nuwe bewindhebbers, die Bataafse Republiek, was baie liberaal (Barnard, 1979:16). Dit het die einde van die Protestants-Calvinistiese onderwys aan die Kaap beteken, want met sy bekende Skoolorder (1804) plaas De Mist die onderwys in die hande van die staat (Van der Walt *et al.*, 1983:36).

In 1806 herbeset Brittanje die Kaap en begin met 'n proses van denasionalisering van die Hollandssprekende koloniste (Van der Walt et al., 1983: 37). Die beheer van die onderwys is in die hande van die staat gesentraliseer (Steyn et al., 1982:72), met die gevolg dat ouers geen direkte inspraak in die onderwys geniet het nie.

#### 2.3.2.2 Die periode 1838 tot 1909

Die beleid van denasionalisering van die plaaslike bevolking het onder andere aanleiding gegee tot die Groot Trek (1835-1838) (Steyn et al., 1982:72). Die Hollandssprekende Koloniste was nie tevrede met die denasionalisering nie en het die binneland ingetrek waar hulle hul eie lewe onafhanklik van die Britse Kroon, ooreenkomstig hul eie Christelike lewensbeskouing, kon reël (Barnard, 1979:31).

Hierdie trekkers het hulle hoofsaaklik in die Oranje-Vrystaat, Natal en Transvaal gevestig.

Vir die doel van hierdie studie sal daar vervolgens slegs aandag gegee word aan die geskiedenis van ouerinspraak in die onderwys in Transvaal.

Tydens die vestigingsjare in Transvaal het die Trekkers die opvoedingspraktyk wat voor die Bataafse Bewind in Kaapland bestaan het, laat herleef (Steyn et al., 1982:73) en was die primêre doelstelling van die opvoeding die Christelike vorming van die kind. 'n Beleid van desentralisasie van die onderwys is gevolg waarmee daar gepoog is om die skool ter wille van die behoud van gesinsbande na die kind te bring (Steyn et al., 1982:73).

In 1899 breek die Tweede Vryheidsoorlog uit en val Transvaal in die hande van Brittanje (Van der Walt et al., 1983:37). Na die Vrede van Vereeniging in 1902 volg die Britse bewindhebbers weer, soos in die Kaapkolonie, 'n denasionaliseringsbeleid (Steyn et al., 1982:74). Alle plaaslike inisia-

tief met betrekking tot die onderwys is gedemp of deur wetgewing verbied (De Langen, 1981:27). Die Christelik-nasionale onderwys is vervang met 'n liberalistiese opvoeding, onder die toesig van die Goewerneur (Steyn et al., 1982:74), en van ouerinspraak in die onderwys, het daar weinig tereg gekom (De Langen, 1981:27).

Die Afrikaners was onwillig om hul kinders na die "goewermentskole" met Engels as voertaal te stuur (Barnard, 1979:109). Dit lei tot die stigting van die CNO-skole (Christelik-nasionale onderwys) (De Langen, 1981:35). Die CNO-skole was privaatskole (Barnard, 1979:109) waarin ouers 'n groot mate van inspraak gehad het.

Ten opsigte van ouerinspraak in die onderwys blyk twee dinge gedurende die tydperk voor Uniewording (1910) van belang te wees, naamlik die Selborne-memorandum van 1905 en die Smutswet van 1907. Die Selbornememorandum het bepaal dat ouers medeseggenkap verkry in die keuse van onderwysers vir hulle kinders vir sover dit laerskole betref (TOD Rapport, 19-05-1906). Adviserende kommissies waardeur ouers by die skole verteenwoordig is, is saamgestel. Die samestelling en pligte van die kommissies was egter van so 'n aard dat die inspraak wat aan ouers verleen is, nooit meer as net adviserende magte was nie (Van Wyk, 1958:79). Die Smutswet (Wet No. 25 van 1907), wat 'n uitvloeisel van die Selborne-memorandum was (Van der Schijff, 1969:194), was daarop gemik om die Goewermentskole en die CNO-skole met mekaar te versoen (De Langen, 1981:46).

In Artikel 38-73 van die Smutswet is voorsiening gemaak vir plaaslike beheer van skole in die vorm van 'n skoolkommissie vir elke afsonderlike laerskool (Barnard, 1979:115) en "Beherende Liggame" vir sekondêre skole (Coetzee, 1941:27) waarvan die lede deur ouers verkies kon word en waarop ouers as lede kon dien. Die pligte en magte van die liggame was onder meer

om mededeling aan skoolrade ten opsigte van die welsyn en werksaamhede van hul onderskeie skole te maak, toesig te hou oor skoolgeboue en -eien-domme, en om aanbevelings te maak ten opsigte van die aanstelling van onderwysers (Barnard, 1979:116).

### 2.3.2.3 Die periode 1910 tot 1953

In 1910 kom die Unie van Suid-Afrika tot stand en word Transvaal 'n provinsie daarvan. Alle wetgewing, ook die Smutswet, het van krag gebly (De Langen, 1981:51). Die Smutswet was tot 1953 die geldende onderwyswet in Transvaal (Coetzee, 1963:300).

Gedurende die tydperk 1910-1953 was die bevindings van die volgende drie kommissies van ondersoek na die onderwys, van belang vir ouerinspraak in die onderwys:

- \* Die Jagger-kommissie van 1916 onder voorsitterskap van J.W. Jagger, wat ter wille van kontak met die ouers ten gunste was van die voortbestaan van die skoolkommissies (De Langen, 1981:51).
- \* Die Malherbe-kommissie van 1917 onder voorsitterskap van dr. H.L. Malherbe, wat onder meer tot die gevolgtrekking gekom het dat onderwys primêr die plig van die ouers is (Oosthuizen, 1987:30).
- \* Die Nicol-kommissie van 1937-1939 onder voorsitterskap van ds. W.M. Nicol. Hierdie kommissie het bevind dat die opvoeding van die kind primêr die verantwoordelikheid van die ouers is, dat hul gesag nooit oor die hoof gesien mag word nie, en dat hul samewerking in die onderwys verkry moet word (De Langen, 1981:54). Die kommissie doen verder aan die hand dat die ouers groter beheer moet verkry oor die skool waar hul kinders skoolgaan (De Langen, 1981:54).

Uit die verslae van bogenoemde kommissies is dit duidelik dat ouerinspraak in die onderwys noodsaaklik is en dat dit veral deur die owerheid erken is. In die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953 (Onderwysordonnansie

No. 29 van 1953, hst. 11) is daar voorsiening gemaak vir die instelling van statutêre liggame in Transvaalse skole, te wete skoolrade, beheerrade en skoolkomitees vir hoër- en laerskole en advieskomitees vir landbou- en beroepskole (De Langen, 1981:59). Hierdie rade en komitees sou as verteenwoordigers van die ouers by hul betrokke skole optree.

#### 2.3.2.4 Die periode na 1953

In 1954 wys die IOD (1954:10) daarop dat die ouer reg tot seggenskap het in verband met die beheer oor die onderwys. Deur nasionale wetgewing (Wet No. 39 van 1967) word 'n besondere plek aan ouerseggenskap in die onderwys toegeken.

In Junie 1980 versoek die Kabinet die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) om 'n indringende wetenskaplike ondersoek na die totale onderwysituasie in die RSA te onderneem (Barnard, 1984:67). Op 30 Julie 1981 is die finale verslag van die Hoofkomitee van die RGN aan die Minister van Nasionale Opvoeding voorgelê waarin elf beginselriglyne vir onderwysvoorsiening in die RSA gestel word (Barnard, 1984:67). In riglyn nommer 6 is aan die ouers en georganiseerde samelewing 'n medeverantwoordelikheid vir, en inspraak in die onderwys toegeskryf (RGN, 1981:15). In 1986 is dié beginselriglyn vervat in die Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet No. 102 van 1986) (Van Wyk, 1987:117), en is dit bevestig met die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (Wet No. 70 van 1988) (RSA, 1990:34).

Op 23 Maart 1990 stel die Minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad twee nuwe modelle vir onderwysvoorsiening voor (Parlementêre Redaksie Beeld, 1990:2). Die twee modelle is addisioneel tot die bestaande modelle van die openbare skole en die gewone privaatskole en behels kortliks die volgende:

\* Ouers kan 'n keuse uitoefen om onder bepaalde voorwaardes hul skool te

privatiseer - met ander woorde die bestaande staatskool word geprivatiseer en die betrokke ouergemeenskap besluit wie in die skool toegelaat mag word. Die ouers huur die skoolgeboue en terrein by die staat en sal verantwoordelik wees vir die instandhouding daarvan met behulp van staatsubsidies. Ouers sal egter 'n al hoe groter finansiële bydrae moet maak.

- \* Die tweede model bly basies dieselfde as dié van die bestaande staatskool, maar in dié geval sal daar aan die skoolgemeenskap die reg verleen word om self oor die toelating van leerlinge te besluit.

Voordat 'n keuse oor enige van dié modelle uitgeoefen kan word, moet 'n baie hoë persentasie (meer as 90%) van die ouergemeenskap 'n mening uitspreek oor die skool se toelatingsbeleid.

Hierdie nuwe skoolmodelle is voorgelê aan verskeie belangegroepes soos die Provinsiale Onderwysrade, Federale Onderwysraad en die Federasie van Ouerverenigings vir advies en kommentaar. Wat egter van belang is vir hierdie studie, is die feit dat die keuse van die ouers en dus hul seggenskap en inspraak in die nuwe skole so omvangryk is.

Tot dusver is die fundering van ouerinspraak in die onderwys en die historiese agtergrond daarvan van nader beskou. Ouerinspraak staan egter ook op regsgronde en daarom sal daar vervolgens ingegaan word op die juridiese begronding daarvan.

## 2.4 DIE JURIDIESE BEGRONDING VAN OUERINSPRAAK IN DIE ONDERWYS

### 2.4.1 Inleiding

Die reg is volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek die wetlike voorskrifte en bepalings wat in 'n gemeenskap geld (Kritzinger, Labuschagne & Pienaar, 1981:502). Vermeulen (1971:34) sien die reg as die ewewigtige

harmonie in 'n veelheid van individuele en sosiale belange, en volgens Van Wyk (1987:11) het die reg die eienskap dat dit die leefwêreld van die mens orden. Dit beteken dus dat daar op 'n ordelike en harmoniese wyse geleef moet word, en om dit te verwesenlik is dit noodsaaklik dat daar oor die belange van elke individu gewaak moet word. Die wese van die reg word verder deur Van der Westhuizen en Oosthuizen (1989:750) getipeer as daardie geborge bestaansruimte wat deur 'n gesagsdraer, ampsdraer of gesagsinstansie moontlik gemaak word. Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die funksie van die reg en spesifiek die onderwysreg is om te borg en veilig te laat voel en nie primêr om te vergeld nie.

Die staat is volgens Stone (1974:45) die persoon wat juis bevoeg is om oor die belange van die individu en die groep te waak, en dit doen hy aan die hand van wette, ordonnansies, regulasies, dekrete, prosedurereëlings ensovoorts.

Dit is in die kind as individu se belang om opgevoed te word sodat hy gelei kan word tot erkenning van die gesag van wette en reëls, tot onderskeiding van reg en onreg, tot begrip van eie en ander se belange en tot 'n begrip van vergelding (Stone, 1974:45). Die ouer word deur die staat by wyse van wetgewing verplig om sy kind op te voed (Prinsloo & Beckmann, 1987:61), en so ontvang die ouer dus 'n juridiese opdrag in dié verband.

Hierdie juridiese opdrag berus volgens Oosthuizen en Bondesio (1988:56) op sowel die gemene as die statutêre reg en daar sal vervolgens kortliks op elkeen van hierdie regsaspekte ingegaan word.

#### 2.4.1.1 Die gemeenregtelike aspek van ouerinspraak in die onderwys

Die gemene reg is dié ongekodifiseerde deel van die reg wat ons regsferenis uitmaak en wat dus nie in wetgewing vervat is nie. Die regsbeginsel

van die gemene reg is "oorgeërf" uit die Romeins-Hollandse reg met 'n sterk beïnvloeding uit die Engelse reg (Oosthuizen & Bondesio, 1988:56) en vorm die basis van die Suid-Afrikaanse regstelsel (Van Wyk, 1987:16). Die gemene reg het dus 'n sterk historiese en kulturele grondslag. Oosthuizen en Bondesio (1988:58) onderskei die volgende gemeenregtelike oerpligte ten opsigte van die kind:

- \* die onderhoudsplig;
- \* die plig om huisvesting te voorsien;
- \* die plig om voedsel, kleding en geneeskundige hulp te voorsien;
- \* die opvoedingsplig, en
- \* die plig om die kind te beskerm teen gevare en onheile deur die nodige toesig oor die kind te hou.

Die opvoedingsplig is een van die belangrikste verpligtinge van die ouer (Van der Vyver & Joubert, 1985:611). Die ouer moet aan die kind 'n behoorlike opvoeding besorg wat sy skoling op verskillende terreine behels met die doel om hom liggaamlik, verstandelik, geestelik, moreel en kultureel vir sy rol as volwassene voor te berei.

#### 2.4.1.2 Die statutêre aspek van ouerinspraak in die onderwys

Die statutêre reg is dié reg wat geskep word deur wetgewing, en wetgewing is 'n handeling van wette en verordeninge wat deur 'n parlement of 'n ander gemagtigde gesagsliggaam gemaak word (Oosthuizen & Bondesio, 1988: 21). Ofskoon onderwysgebeure sonder enige wette kan voortgaan, word die onderwysbeleid van 'n gemeenskap deur 'n onderwyswet bekragtig (Van Schalkwyk, 1986:72).

Ouerinspraak in die onderwys vir blankes word bevestig deur:

- \* Artikel 2(1) (h) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (39/1967) waarin daar aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel

teogeken is.

- \* die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (110/1983) art. 14 en 15, waarin blanke onderwys as 'n eie saak geklassifiseer word (bedoelende met eie sake, die aspekte wat eie is aan 'n volk se identiteit en kultuur).

Statutêr word ouers verplig om deel te hê aan die proses van formele opvoedende onderwys deur die beginsel van skoolplig soos vervat in art. 53 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (70/1988), wat bepaal dat 'n leerling van die eerste skooldag van die jaar waarin hy sewe jaar oud word tot en met die laaste skooldag van die jaar waarin hy sestien word, verplig is om formele onderwys te ontvang. Verder word ouers op georganiseerde wyse deur statutêre liggame soos die Bestuursraad by die skool, die Skoolraad in die skoolraadsdistrik en deur die Streeksraad op streeksvlak verteenwoordig (RSA, 1988:14). Deur sy betrokkenheid by die onderwys kan die ouer as lid op die verskillende rade dien of kan hy sy regmatige keuse by wyse van stemming uitoefen ten einde dié persone as lede daar te stel wat hom die beste op genoemde rade sal kan verteenwoordig.

Tot sover is daar slegs gelet op die pligte van die ouer ten opsigte van die opvoeding van sy kind. Die ouer het egter nie net 'n plig om sy kind op te voed nie, hy het ook die reg daartoe en daarmee saam het hy ook die reg tot inspraak in die onderwys.

#### 274.2 Die ouer se reg tot inspraak in die onderwys

Wens die aanspreeklikheid vir die totale ontplooiing van sy kind en as verbruiker van die onderwysdiens het die ouer die reg op effektiewe onderwys en dus ook reg op inspraak in die onderwys (Landman, 1987:5). Hierdie reg van ouers om hul kinders op te voed spruit uit die aard van die gesin,

naamlik uit die afhanklikheid van die kinders van die ouers vir besker-  
ming, versorging en sosialisering (Fischer & Schimmel, 1978:322). Die  
skool moet voortbou op die oriënteringsarbeid wat tuis begin is (Van der  
Stoep en Van der Stoep, 1968:88) en daarom is dit vir ouers noodsaaklik om  
ten volle inoëlig te wees ten opsigte van die onderwysproses (Rowell,  
1981:441). Die ouers het, met ander woorde, die reg om:

- \* meer te weet van die hoof en onderwysers en van hul akademiese bevoegd-  
heid en opvoedkundige vermoëns asook hul godsdienstige agtergrond, en-  
sovoorts;
- \* meer kennis te hê van die skoolkurrikulum, naamlik die leerinhoud wat  
aan hul kinders onderrig word en aan watter buitemuurse bedrywighede  
leerlinge deelneem;
- \* meer kennis te hê oor skoolbeleid, byvoorbeeld beleid ten opsigte van  
skoolreëls, kleredrag van leerlinge, toetse en eksamens, skoolfonds,  
ensovoorts.

In die tweede plek sê Rowell (1981:442) het die ouer die reg om 'n invloed  
uit te oefen op die onderwys ten opsigte van:

- \* administratiewe sake soos byvoorbeeld om direk betrokke te wees by die  
keuring van nuwe onderwysers;
- \* skoolbeleid, nie om die finale besluitneming waar te neem nie, maar om  
direkte insette te lewer wat sal bydra tot die suksesvolle verloop van  
die onderrighandeling tot voordeel van elke leerling.

Prinsloo en Beckmann (1987:63) toon aan dat die ouer reg tot inspraak  
in die onderwys het op grond van nie net die intellektuele en sedelike  
ontwikkeling van die kind nie, maar ook wat die volgende betref:

- \* die ontwikkeling van die kind se liggaam - met ander woorde die kind

moet deur die voorsiening van voedsel, liggaamsoefening, gesonde gewoontes en die nodige rus in staat gestel word om die beste baat te vind by opvoedende onderwys;

- \* karaktervorming - aanvaarde lewensnorme moet aan die kind geleer word en dit wat onaanvaarbaar is soos, negatiewe en antisosiale gedrag, moet afgeleer word.
- \* gedelegeerde gesag - die onderwyser tree op in loco parentis (in die plek van die ouer) en daarom moet die ouer kontak met die onderwyser hê om toe te sien dat die gesag in ooreenstemming is met die ouerlike gesag (Prinsloo & Beckmann, 1987:58).

Uit dit wat tot dusver oor die reg van ouerinspraak in die onderwys gesê is, is dit duidelik dat hierdie reg gegrond is op die volgende:

- \* die ouer is primêre opvoeder van sy kind en daarom het hy reg tot inspraak in die onderwys;
- \* die ouer is die belangrikste verbruiker van onderwys en daarom is dit sy reg om al die nodige kennis ten opsigte van skool te hê en om waar moontlik, waardevolle insette tot voordeel van die kind te lewer;
- \* die ouer het wat die nie-intellektuele sy van sy kind se opvoeding betref die reg tot inspraak in die onderwys om toe te sien dat die skool die ontwikkeling van nie net die kind se intellek en sedes nie, maar ook sy liggaam en karakter suksesvol verder sal voer;
- \* skool die ontwikkeling van nie alleen die kind se intellek en sedes nie, maar ook dié van sy liggaam en sy karakter suksesvol verder sal voer;
- \* die ouer het reg tot inspraak in die skool op grond van die delegering van sy gesag oor sy kind aan die skool.

veruer beweer Barnard (1984:73) dat een van die implikasies van beginsel-

riglyn nommer 6 van die RGN-verslag van 1981 oor medeseggenkap en inspraak van die ouers en die georganiseerde gemeenskap in die onderwys, daadwerklike geldelike bydraes behels. In art. 102.(1) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (Wet No. 70 van 1988) word daar deur die Minister van Onderwys en Kultuursake (Volksraad) voorsiening gemaak vir die instelling van onderriggelde wat deur die ouers betaalbaar sal wees. Daar kan dus verwag word dat die ouer se reg tot inspraak in die onderwys sal toeneem namate die finansiële verpligtings ten opsigte van die opvoeding van sy kind toeneem.

Ouerinspraak in die onderwys staan nie net op fundamentele, historiese en juridiese gronde nie, maar die ouer het ook 'n opvoedkundige verpligting teenoor sy kind. Daarom is dit ten slotte ook nodig dat daar na die opvoedkundige gronde vir ouerinspraak in die onderwys gekyk sal word.

## 2.5 DIE OPVOEDKUNDIGE GRONDE VIR OUERINSPRAAK IN DIE ONDERWYS.

### 2.5.1 Inleiding

Wanneer die ouers die doopbelofte voor die gemeente van Christus aflê, onderneem hulle om die kind op te voed of te laat opvoed (Postma, 1987:99). Opvoeding is die begeleiding van 'n onvolwassene deur 'n volwassene tot volwassenheid en beskawingsmondigheid (Van der Walt *et al.*, 1983:22). Vir die Christen-gelowige impliseer opvoeding volgens Van Wyk (1973:52) 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde aktiwiteit waarby die volwassene, veral die ouer, uit liefde vir God en sy naaste 'n onvolwasse persoon begelei tot volle geloof in en diens aan God, tot bevordering van die heil en voorspoed van sy naaste en tot uitvoering van sy kultuuroopdrag.

Opvoeding is dus 'n aktiwiteit waarin daar daadwerklike bemoeienis gemaak word met die kind om hom in geloof en liefde ten volle vir die volwasse

lewe toe te rus. Die opvoeding kan die beste gedy as dit binne 'n milieu geskied waarin kinders die volle vertroue geniet van almal waarmee hulle omgaan. Die gesin, wat in liefde en harmonie saamleef, bied so 'n milieu. Hoffman (1978:75) wys daarop dat die kind juis na omgangsvertroue in die gesin vra.

Ouers sal dus aan die een kant moet toesien dat hulle aan die kind 'n ouerhuis bied waarin omgangsvertroue verseker is, en aan die ander kant sal ouers moet toesien dat die skool ook hierdie omgangsvertroue aan hul kind sal bied.

#### 2.5.2 Gesinsnorme vir 'n ideale opvoedingsmilieu

Volgens Hoffman (1978:75) moet die gesin aan bepaalde norme voldoen ten einde omgangsvertroue by die kind en dus 'n ideale opvoedingsmilieu te skep. Hierdie norme is onder andere:

- \* Oorsprongsgerigtheid - beide ouer en kind moet in hul sosiale handelinge God in liefde dien.
- \* Getrouheid - gesinslede moet aan hulle self en aan mekaar getrou wees.
- \* Geregtigheid - gesinslede moet mekaar se regte respekteer en mekaar regverdig behandel.
- \* Welwillendheid - daar moet omgangsharmonie tussen gesinslede wees.
- \* Ewewigtigheid - ouers moet in hul omgang met hul kinders hulle nie verwen of oorbeskerm nie en ook nie verwaarloos nie, maar moet probeer verhoed dat hulle voorbarig, ongebalanseerd en wanaangepas sal raak.
- \* Verstaanbaarheid - omgangsvertroue is slegs moontlik waar daar 'n gesonde verstandhouding tussen gesinslede heers en waar openhartige gesprek en kommunikasie tussen ouers en kinders bestaan.
- \* Positivering - ouers moet die algemeen-geldende beginsels vir die lewe van die gesinslede korrek en eietyds kan verwerklik.
- \* Oordeelkundigheid - ouers moet korrekte oordeel aan die dag kan lê ten

opsigte van die keuse van optrede teenoor bepaalde gesinslede in ge-  
we situasies.

- \* Sensitiwiteit - gesinslede moet 'n aanvoeling hê vir mekaar se behoeftes sonder om emosioneel te oorreegeer indien iets in die gesinsverhoudings verkeerd sou loop.
- \* Beheersdheid - ouers moet in alles wat hulle doen hulle self kan beheer en moet hul kinders van kleins af selfbeheersing leer.
- \* Wellewendheid - gesinslede moet nie koud en afsydig teenoor mekaar staan nie, maar moet op liefdevolle wyse saamleef en hul samesyn beleef.
- \* Wisselwerking - daar moet ruimte in die gesin wees vir wedersydse beïnvloeding ten goede.
- \* Aanpasbaarheid - gesinslede moet in staat wees om met behoud van on-  
derhandelbare norme, soos hul Christelike lewens- en wêreldbeskouing, by die snelveranderende lewensituasies aan te pas.
- \* Samehorigheid - gesinslede moet in hul omgang met mekaar 'n gees van samehorigheid en aanvaarding van mekaar openbaar.
- \* Eenstemmigheid - daar moet in die gesin 'n eenheid in die veelheid van al die norme hierbo genoem, bestaan wat beteken dat alle verhandelinge en handelingse 'n eenstemmige karakter moet hê. So sal die handelingse van byvoorbeeld 'n Christelike gesin 'n eenstemmige Christelike karakter dra.

#### 2.5.3 Norme waaraan die skool moet voldoen om 'n ideale opvoedingsmilieu te skep

Die ideaal sou wees dat die skool in alle opsigte dieselfde norme as dié van die gesin aan die kind sou kon voorhou, maar as gevolg van die diversiteit van die gesinne binne die skoolgemeenskap wat deur die skool bedien word, is dit nie moontlik nie. Die skool moet egter wel omgangsver-

troue aan die leerling bied. Van Schalkwyk (1986:221-222) wys daarop dat die skool omgangsvertroue kan bied as:

- \* hy die kind gedifferensieerd kan onderrig in ooreenstemming met sy aanleg, vermoëns of gestremdheid;
- \* hy die kind se moontlikhede optimaal ontsluit deur 'n hoë onderrigpeil te handhaaf;
- \* hy die godsdienstige en kulturele waardes van die ouerhuis respekteer;
- \* hy reg en geregtigheid ten opsigte van die kind laat geskied, en
- \* die onderwys wat deur die skool gegee word, sal voldoen aan die beroepsverwagtinge van die leerling en sy ouers.

Verder wys Nell (1982:14) daarop dat onderwysers nooit die vertrouensposisie wat hulle geniet, in watter opsig ook al, mag misbruik nie, aangesien dit die vertroue van die leerling in die onderwyser en die skool kan skaad.

Die skool kan dus nie net 'n onderrig-leerplek wees nie, maar moet veel eerder 'n plek wees waar daar omgesien sal word na die opvoedkundige behoeftes van die leerlinge. Die ouer het dus 'n plig om toe te sien dat die skool wel aan die opvoedkundige verwagtings van die ouers sal voldoen. Van Loggerenberg en Jooste (1978:101-102) wys in dié verband daarop dat ouers moet toesien dat:

- \* die skool moet voortbou op dieselfde gees en rigting as dié van die ouerhuis;
- \* die lewens- en wêreldbeskouing wat in die ouerhuis aan die kind oorgedra is, by die skool verder verstewig en vasgelê word, en
- \* die onderwys Christelik-nasionaal is.

Uit voorgaande is dit duidelik dat beide die ouerhuis en die skool die kind se vertroue moet hê ten einde 'n gesonde opvoedkundige milieu te kan

skep en daarom is dit van kardinale belang dat die ouers en die skool by mekaar betrokke moet wees. Indien toereikende ouerbetrokkenheid by die skool bewerkstellig kan word, kan die onderwysers groter duidelikheid verkry met betrekking tot die verwagtinge van ouers ten opsigte van die skool en kan onderwysers hul verwagtinge met betrekking tot die onderwys duidelik aan die ouers oordra (Clase, 1985:5).

Soos reeds genoem (vergelyk.2.4.1), is die reg die ordening van menslike belange. Dit bring mee dat die belange van ouers by die onderwys georden en georganiseer moet verloop. Dit geskied formeel aan die hand van besondere gemeenskapstrukture, bekend as knoopstrukture (Van Schalkwyk, 1981: 109).

Knoopstrukture, ten opsigte van ouerinspraak in die onderwys, verwys na daardie aktiewe organisatoriese gemeenskapstrukture waarbinne hierdie inspraak gadministreer, georganiseer, gesteun, georden en bedink word (Van Schalkwyk, 1981:109).

Die ouers word op verskillende terreine en deur verskeie knoopstrukture in die onderwys verteenwoordig, en dié verteenwoordiging kan volgens Van Wyk (1987:70) statutêr of nie-statutêr geskied. Ouerinspraak in die onderwys kan ook op 'n nie-formele basis in die vorm van oueraande geskied (Van der Westhuizen, 1990:92).

## 2.6. STATUTÊRE OUERVERTEENWOORDIGING

### 2.6.1 Inleiding

Statutêre liggame is liggame wat deur wetgewing (statuut) in die lewe geroep is (Oosthuizen & Bondesio, 1988:21). Statutêre verteenwoordiging van die ouers by die skool geskied aan die hand van die Bestuursraad, die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys, Skoolrade, Streeksrade en die Provinsiale Onderwysraad (Van der Westhuizen, 1990:88-90).

Vir die doel van hierdie studie sal daar vervolgens slegs aandag gegee word aan die Bestuursraad as ouerverteenwoordigende liggaam (vergelyk 1.2).

## 2.6.2 Die Bestuursraad

### 2.6.2.1 Omskrywing

Die Bestuursraad is 'n statutêre, ouerverteenwoordigende liggaam wat kragtens wetgewing deur die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) vir openbare skole, uitgesluit nywerheids- en verbeteringskole, ingestel word (RSA, 1988:14), en wat verkies word deur stemgeregtigde ouers van kinders in 'n skool. Elke ouer wat een of meer kinders by 'n skool het, is geregtig om by 'n verkiesing vir lede van die bestuursraad van daardie skool te stem (RSA, 1990(a):37).

### 2.6.2.2 Woordomskrywings

Wat die status, bevoegdhede en werksaamhede van die bestuursraad betref, beteken, volgens Goewermentskennisgewing No. R.688, (RSA, 1990(a):1):

- \* "Die Wet" die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988;
- \* "Direkteur" 'n direkteur van onderwys van een van die verskillende onderwysdepartemente wat onder die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) ressorteer;
- \* "Lid" 'n lid van die bestuursraad;
- \* "Minister" die minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad);
- \* "Onderwyser" iemand wat volgens die Wet aangestel is om onderwys by 'n skool te gee, en
- \* "Skool" enige openbare skool uitgesonderd 'n nywerheids- en verbeteringskool.

### 2.6.2.3 Samestelling van die Bestuursraad

'n Bestuursraad word volgens Regulasiemoer No. 4475 van 30 Maart 1990 (RSA., 1990(a):34) soos volg saamgestel:

- (a) die skoolhoof van die betrokke skool en
- (b) 'n minimum getal lede van vier tot 'n maksimum getal lede van twaalf soos deur die Direkteur ten opsigte van die betrokke skool bepaal. Die meeste van die lede van die bestuursraad moet ouers van die betrokke skool wees wat deur stemgeregtigde ouers van die skool genomineer en as verkose verklaar is of verkies is.
- (c) In die geval van parallelmedium- en dubbelmediumskole moet die Direkteur die getal lede wat die minderheidstaalgroep in die bestuursraad moet verteenwoordig, bepaal. Volgens TOD-Omsendbrief 7 van 1991 (TOD., 1991:2) word die verteenwoordiging van die minderheidstaalgroep bepaal volgens die persentasie inskrywing op die tiende skooldag van die jaar waarin die verkiesing van die betrokke bestuursraad plaasvind, en wel soos volg:

- \* 12,5 % tot 24,9 % : minstens een lid;
- \* 25 % tot 37,4 % : minstens twee lede en
- \* 37,5 % en meer : minstens drie lede.

Die minderheids- en meerderheidstaalgroepe kan deur persone van albei taalgroepe op die bestuursraad van 'n parallel- of dubbelmediumskool verteenwoordig word (TOD., 1991:2).

- (d) Waar sekere liggame na die Minister se mening volgens bestaande tradisie inspraak in die samestelling van die bestuursraad van 'n skool het, kan die Minister op versoek van die Direkteur die nodige toestemming aan so 'n skool verleen. Die getal ouer-lede moet egter meer as die helfte van die toelaatbare getal bestuursraadslede wees.

Die Minister kan die toestemming soos in paragraaf (d) uiteengesit, te eniger tyd na goeë dunde terugtrek en die bestuursraad ontbind, waarna 'n nuwe bestuursraad saamgestel moet word soos in paragrawe (a), (b) en (c) hierbo beskryf.

- (e) Indien soveel ouers van leerlinge van 'n bepaalde skool so ver buite die onmiddellike omgewing van die skool woon dat die verkiesing van 'n bestuursraad deur die ouers nie prakties moontlik is nie, kan die Minister dit volgens sy eie diskresie saamstel (RSA, 1990(a): 35).

#### 2.6.2.4 Diskwalifikasies van lede van 'n Bestuursraad

Volgens Onderwysregulasie No. R.690 (RSA, 1990(a):35) is iemand onbevoeg om lid van 'n bestuursraad te word indien hy:

- \* minderjarig is;
- \* behalwe die skoolhoof, 'n onderwyser in diens van die betrokke Departement is;
- \* in 'n ander hoedanigheid in diens van die betrokke Departement is sonder toestemming van die Direkteur om in 'n bestuursraad te dien;
- \* nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie (die Minister kan nie-burgers bevoeg verklaar om op bestuursrade te dien);
- \* aan 'n misdryf skuldig was of is waarvoor gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete opgelê is, tensy algehele kwytskelding verleen is of die termyn van gevangenisstraf minstens drie jaar voor sy verkiesing as lid van so 'n raad verstryk het;
- \* geestesongesteld verklaar is, of
- \* ongerehabiliteerd insolvent is.

#### 2.6.2.5 Die magte en pligte van die bestuursraad

Die rol wat die bestuursraad vervul in skoolbestuur word veral weerspieël in die magte en pligte van dié raad wat deur die Minister by wyse van On-

derwysregulasie No. R.690 van 30 Maart 1990 (RSA, 1990(a):35) en Onderwysregulasies No.s R.1719, R.1720 en R.1721 van 27 Julie 1990 (RSA, 1990(a):112) aan hom toegeken is. Hierdie magte en pligte behels die volgende:

Die Bestuursraad -

- \* is 'n regs persoon en kan gevolglik in 'n regsgeskil as eiser of as verweerder optree;
- \* doen, as amptelike mondstuk van die ouers, verslag, indien nodig, aan die betrokke skoolraad en/of die Direkteur van Onderwys oor sake wat die skool raak;
- \* hou toesig oor die geboue, terrein, meubels en uitrusting van die betrokke skool;
- \* hou toesig oor die beheer van skoolfonds- en onderriggelde. Vir dié doel word 'n finansiële komitee by die skool ingestel;
- \* hou toesig oor die beheer van koshuisfondse;
- \* hou toesig oor die beheer van die skoolbusvervoer rekening;
- \* maak aanbevelings ten opsigte van die aanstelling van onderwysers in permanente poste by die betrokke skool. Die Minister doen die aanstellings;
- \* mag hom nie bemoei met die professionele werksaamhede van die onderwyspersoneel van die betrokke skool nie, maar mag enige wangedrag of onbehoorlike optrede van 'n personeellid aan die superintendent van onderwys rapporteer;
- \* bepaal die skooldrag van leerlinge van die skool;
- \* adviseer die skoolraad oor vervoerskemas vir leerlinge van die skool;
- \* maak aanbevelings aan die skoolhoof met betrekking tot die daaglikse openings- en sluitingstye, buitemuurse bedrywighede, gedragskode vir

en algemene voorkoms van leerlinge van die skool;

- \* doen minstens een keer per jaar by 'n ouervergadering of in 'n nuusbrief aan die ouers verslag oor sy werksaamhede.

Uit bogenoemde pligte is dit duidelik dat die rol van die bestuursraad in skoolbestuur redelik omvangryk kan wees. Die bestuursrol van 'n bestuurder of 'n bestuursliggaam soos die bestuursraad word vergestalt in 'n aantal reëlbare handelingte of bestuurstake (Van der Westhuizen, 1990(a):43).

Ten einde die omvang van die bestuursrol van die bestuursraad te kan bepaal, is dit vervolgens nodig om meer indringend te kyk na die besondere bestuurstake waarvoor die bestuursraad verantwoordelik is.

#### 2.6.2.6 Die bestuurstake van die bestuursraad

##### 2.6.2.6.1 Inleiding

Die bestuursgebeure in die skool word volgens De Wet (1981:112) vergestalt deur die bestuurstake wat daar in die skool verrig word. Die hoofbestuurstake behels volgens Van der Westhuizen (1990(b):139): beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening.

##### 2.6.2.6.2 Beplanning

Robbins (1980:128) beskou beplanning as die stel van bepaalde doelwitte en die bepaling van maniere om die gestelde doelwitte die beste te bereik. Walton (1976:9) sien beplanning as die bepaling van dit wat in 'n onderneming gedoen moet word en die metodes wat gevolg moet word om dit uit te voer. Allen (1964:109) sê dat beplanning die werk is wat 'n bestuurder verrig ten einde die toekoms te kan bemeester. Koontz, O'Donnell en Weinrich (1982:35) sien beplanning as die maak van keuses uit 'n raamwerk van alternatiewes, ten opsigte van doelwitte, beleid en prosedures.

Uit voorgaande kan verskeie aktiwiteite van beplanning geïdentifiseer

word, naamlik doelwitstelling, besluitneming, beleidmaking en probleemoplossing. Van der Westhuizen (1990(b):139) noem hierdie aktiwiteite die "subtake" van beplanning.

Die bestuurstake van die bestuursraad ten opsigte van beplanning kan vervolgens aan die hand van die indeling van die subtake van beplanning volgens Van der Westhuizen (1990:47) en Onderwysregulasie No. R. 690 (RSA:35) asook die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (70/1988), soos volg uiteengesit word:

- \* **Doelstellings:** Die bestuursraad werk saam met die skoolhoof en ander belangstellendes aan alle skemas wat aangepak word ten einde opvoeding in die oerhuis en die skool doeltreffender te maak (TOD, 1986: 414). Die bestuursraad is dus saam met die skoolhoof verantwoordelik vir die bepaling van veral langtermyn doelstellings soos beter en doeltreffender onderwys, beter en meer doelmatige sportgeriewe, 'n netter terrein en geboue en beter en meer gesofistikeerde onderrighulpmiddels en ander toerusting.
- \* **Doelwitstelling:** Die bestuursraad help die skoolhoof en personeel met die stel van korttermyn doelwitte. In Hoofstuk 32 paragraaf 8.4 van die TOD se Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie (TOD, 1986:414) word verskeie doelwitte genoem, soos verbetering van die skoolgrond en sportterrein, aanplant van bome en die insameling van fondse ter stywing van die skoolfonds.
- \* **Beleidmaking:** Die bestuursraad adviseer die skoolhoof ten opsigte van die formulering van beleid met betrekking tot die daaglikse openings- en sluitingstye van die skool, die skooldrag van leerlinge, buitemuurse bedrywighede van die skool, gedragskode vir en die algemene voorkoms van leerlinge van die skool (RSA, 1990(a):37).

- \* **Besluitneming:** Besluitneming is essensieel vir die bereiking van 'n skool se doelstellings (Van der Westhuizen, 1990(b):158). Die bestuursraad neem dus saam met die skoolhoof die nodige besluite ten einde dié doelstellings, doelwitte, geformuleerde beleid en die probleemoplossing waarvoor hy saam met die skoolhoof verantwoordelik is, te laat realiseer.
- \* **Probleemoplossing:** Gorton (1976:60) beweer dat doeltreffende probleemoplossing afhanklik is van die onderwysleier se vermoë om doeltreffende besluite te neem. Die bestuursraad, bestaande uit persone wat veral op die terrein waarvoor die raad verantwoordelik is kundiges behoort te wees, kan die skoolhoof sterk ondersteun in die oplossing van besondere probleme.

#### 2.6.2.6.3 Organisering

Daar moet onderskei word tussen die twee begrippe "organisasie" en "organisering". Organisasie verwys gewoonlik na 'n bepaalde instelling, stelsel of struktuur. In dié verband beskryf Nell (1980:165) 'n organisasie as 'n struktuur, bestaande uit persone wat in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan en wat sekere gemeenskaplike doelstellings nastreef. Reynders (1977: 98) sê organisasie bestaan oral waar twee of meer mense moet optree om 'n gemeenskaplike doel te bereik. Die bestuursraad is dus 'n organisasie.

Organisering is die bestuurstaak wat die aktiwiteite van 'n organisasie reël, pligte, verantwoordelikhede en gesag aan persone en afdelings toewys en hul onderlinge verhoudings bepaal, ten einde samewerking te verkry om sodoende die doelwitte van die organisasie so doeltreffend moontlik te bereik (Marx, 1981:235). Robbins (1980:8) sê organisering is die skepping van verhoudings tussen die aktiwiteite wat verrig moet word, die personeel wat dit moet verrig en die faktore wat nodig is om dit suksesvol te verrig.

Organisering verwys dus na die bestuurstaak wat verrig word om strukture te skep waarin mense (personeel) in 'n bepaalde verhouding met mekaar gestel word, met bepaalde gesag beklee word en gebruik word om die doelstellings van 'n organisasie so doeltreffend moontlik te bereik. Die subtake van organisering is volgens Van der Westhuizen (1990(a):47) organisasie-struktuurskepping, delegering en koördinering.

Die bestuursraad se taak ten opsigte van organisering is onder andere:

- \* **Struktuurskepping:** Marx (1981:243) sê organisasiestruktuurskepping is die skepping van 'n raamwerk van poste waarin mense wat verskillende take verrig saamgegroeper word om 'n gemeenskaplike doelstelling na te streef. Die bestuursraad stel 'n finansiële komitee aan wat verantwoordelik is vir die beheer en bestuur van skool- en/of koshuisfondse en onderrig- en/of losiesgelde soos bepaal in artikels 101 en 102 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (70/1988). Op dieselfde wyse kan die bestuursraad ook ander komitees aanstel byvoorbeeld sport- en kultuurkomitees. Die bestuursraad doen aanbevelings ten opsigte van die aanstelling van permanente onderwysers (RSA, 1990(a):36), en help dus so om die personeelstruktuur van die skool te skep. Die bestuursraad vervul met die hulp en advies wat hy aan die skoolhoof verleen 'n funksie wat, aldus Van der Westhuizen (1990(b):172), bekend staan as 'n staffunksie.
- \* **Delegering:** Delegering is die toevertrou van take, verantwoordelikhede en gesag deur die persoon in beheer van 'n organisasie aan ander (ondergeskiktes) (Van der Westhuizen, 1990(b):178). Die bestuursraad delegeer byvoorbeeld sy gesag aan die finansiële komitee, hierbo genoem, om namens hom die genoemde finansies van die skool te hanteer. Op dieselfde wyse kan delegering van gesag geskied na ander komitees van die bestuursraad.

\* **Koördinering:** Koördinering is daardie handeling wat uitgevoer word om die aktiwiteite van mense wat 'n bepaalde opdrag uitvoer, te synchroniseer, samewerking te verseker, spangees te bou en te verseker dat beleid eenvormig vertolk en toegepas word (Reynders, 1977:126). Die bestuursraad is besig met die koördineringshandeling as hy in 'n bestuursraadsvergadering bespreking voer oor die kwartaalverslag van die skoolhoof of die senior huisvader.

#### 2.6.2.6.4 Leidinggewing

Leidinggewing is die rigting wat gegee word aan en die toesig wat gehou word oor ondergeskiktes in 'n organisasie ten einde die beplande doelwitte te verwesenlik (Robbins, 1980:9). Reynders (1977:45) sê dat leidinggewing 'n kreatiewe, inisiërende en aktiverende handeling is.

Uit bogenoemde kom die volgende subtake van leidinggewing duidelik na vore: die gee van leiding en advies aan en die aktivering of motivering van gelykes en ondergeskiktes. Om aan mense leiding en advies te kan gee en om hulle te kan motiveer is kommunikasie tussen die verskillende partye nodig. Newell (1978:5) wys daarop dat mense vir hulle voortbestaan op mekaar aangewese is, met ander woorde waar mense ook al saam werk of woon, daar gesonde onderlinge verhoudings moet wees. Die werknemer moet ook in 'n gesonde verhouding teenoor sy werk staan (Van der Westhuizen, 1990(b): 192). Verhoudingstigting is dus 'n belangrike subtaak van leidinggewing.

\* **Leidinggewing:** Die bestuursraad gee leiding aan die skoolhoof wanneer tydens die beplanningsfunksie beleid gemaak word ten opsigte van byvoorbeeld skoolreëls, gedragskode van leerlinge, daaglikse opeenings en sluitingstye van die skool ensovoorts, wanneer terreinbeplanning gedoen word en wanneer aanbevelings gemaak word vir die aanstelling van permanente onderwysers (RSA, 1990(a):36-37). Die bestuursraad

kan aanbevelings maak by die betrokke onderwysdepartement ten opsigte van sake rakende die welsyn van die betrokke skool, en adviseer die plaaslike skoolraad met betrekking tot vervoerskemas vir leerlinge (RSA, 1990(a):36).

- \* **Motivering:** Die wese van motivering is die stimulering van mense tot aksie (Scott, 1962:44). Die bestuursraad het, as amptelike verteenwoordiger van die ouers, die taak om die ouers te motiveer tot groter betrokkenheid by die skool (TOD, 1986:415). Die bestuursraad kan ook deur sy eie entoesiasme en betrokkenheid by die skool die hoof en personeel motiveer tot voortrefliker dienslewering aan die skool.
- \* **Kommunikering:** Die bestuursraad is die amptelike mondstuk van die ouers by die skool (RSA, 1990(a):36) en is verantwoordelik vir die oordra van inligting betreffende sy werksaamhede aan die ouers by wyse van verslag tydens oueraande of deur omsendskrywe aan die ouergemeenskap. Die bestuursraad bring sake wat betrekking het op die welsyn van die skool onder die aandag van die betrokke onderwysdepartement en skakel met die plaaslike skoolraad oor sake rakende vervoerskemas vir leerlinge, instandhouding van die geboue en toerusting van die skool.
- \* **Verhoudingstigting:** Die bestuursraad kan saam met die skoolhoof planne beraam om soveel ouers moontlik in die skool en sy werksaamhede te laat belangstel (TOD, 1986:415). Hoe meer ouers en onderwysers met mekaar kontak het en mekaar leer ken, hoe beter kan onderlinge verhoudings groei tot voordeel van die leerlinge.

#### 2.6.2.6.5 Beheeruitoefening

Beheeruitoefening is die taak wat deur 'n bestuurder verrig word om werk te evalueer en te reguleer (Allen, 1964:324). Robbins (1980:10) sê dat in die uitoefening van beheer die bestuurder die werkverrigting van die organisasie beoordeel, reguleer en kontroleer om te verseker dat dit aan 'n

sekere standaard voldoen.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat om werk te kan evalueer daar bepaalde voorskrifte moet wees waarvolgens die standaard van werk geëvalueer moet word. Verder sal die werk meetbaar moet wees om die standaard daarvan te kan bepaal en as dit sou blyk dat die werk nie aan bepaalde standaarde voldoen nie, sal korrektiewe optrede nodig wees.

- \* **Beheervoorskrifte:** Die kriteria vir beheeruitoefening word reeds bepaal terwyl beplanning gedoen word (Van der Westhuizen, 1990(b):230) en dit moet vervat wees in die doelwitte, programme, beleid, reëls, prosedures, ensovoorts. Die bestuursraad stel in samewerking met die skoolhoof beheervoorskrifte op wanneer hy byvoorbeeld skoolreëls, 'n gedragskode en skooldrag vir leerlinge van die skool bepaal.
- \* **Waarneming en meting:** Van der Westhuizen (1990(b):230) sê dat daar verslag gedoen moet word oor gedane werk om die werklike werkverrigting met die gestelde standaarde te kan vergelyk. Die bestuursraad neem waar en meet die werkverrigting van die skool aan die hand van byvoorbeeld die kwartaalverslae van die skoolhoof en senior huisvader van die koshuis en op grond van sport- en kultuurbyeenkomste wat deur lede van die raad bygewoon word. Verder meet die bestuursraad die hantering van skoolfinansies aan die hand van ouditeursverslae.
- \* **Evaluering:** Evaluering is die versigtige, deeglike, objektiewe ontleding van elke individu, groep, produk of program ten einde sterk- en swakpunte te identifiseer (Gorton, 1983:65). Hierdie evalueringstaak verrig die bestuursraad wanneer hy bespreking voer oor die kwartaalverslae van die skoolhoof en senior huisvader of 'n ontleding maak van die ouditeursverslag van die skool- of koshuisfondse, of as hy planne moet goedkeur vir die uitbreiding van sportgronde, ensovoorts.

\* Korrektiewe optrede: Marx (1981:298) toon aan dat korrektiewe optrede die effektiewe regstel van afwykings aan die een kant en die voorkoming daarvan aan die ander kant behels. Korrektiewe optrede is dus die stappe wat geneem moet word om foute reg te stel of dit te voorkom. Die bestuursraad kan op sigself nie veel doen ten opsigte van korrektiewe optrede nie, maar kan foute en gebreke wat onder sy aandag kom by die skoolhoof, plaaslike skoolraad of die betrokke onderwysdepartement rapporteer vir die nodige aandag en regstelling. Verder kan die bestuursraad wangedrag van personelede by die betrokke superintendent van onderwys rapporteer (vergeelyk 2.6.2.5).

Bestuurshandelinge (take) vind nie in 'n lugleegte plaas nie, maar bepaalde sake (areas) in 'n organisasie (i.c. die skool) word aan die hand van bogenoemde bestuurstake bestuur (Van der Westhuizen, 1990(a):48).

2.6.2.7 Die bestuursareas van die bestuursraad

#### 2.6.2.7.1 Inleiding

'n Bestuursarea is 'n bepaalde omskrewe area met 'n eie wetsbepaaldheid, eie spesifieke kenmerke, en met 'n eie struktuur waarvolgens dit funksioneer en waarvolgens dit bestuur word (Van der Westhuizen, 1990(a):48-49). Gorton (1983:47) beweer dat die bestuursproses in die skool berus op die organisering en administrering van menslike en fisiese hulpbronne om die gestelde doelwitte van die skool die beste te kan bereik.

Bestuurshandelinge of take in die skool behels dus die aanwending van mense (personeel, ouers, leerlinge en ander) en fisiese fasiliteite (geboue, skoolterrein, sportfasiliteite, meubels en apparatuur) binne bepaalde taakareas ter verwesenliking van die opvoedkundige doelstellings van die skool.

Gorton (1983:47-49) en Van der Westhuizen (1990(a):50) onderskei die volgende bestuursareas:

- \* Personeelaangeleenthede
- \* Leerlingaangeleenthede
- \* Kurrikulum- en onderrigaangeleenthede
- \* Fisiese fasiliteite
- \* Finansiële aangeleenthede
- \* Skool-gemeenskapsverhoudinge

In die lig van die pligte en bevoegdhede van die bestuursraad (vergelyk 2.6.2.5) wil dit voorkom asof dié raad nog nie ten volle op alle terreine (bestuursareas) van die skool funksioneer nie. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die stand van bestuursraadsdeelname met betrekking tot genoemde bestuursareas.

#### 2.6.2.7.2 Personeelaangeleenthede

Personeelbestuur is die voorsiening, instandhouding en ontwikkeling van personeel met die oog op die bereiking van die primêre doelstellings van die onderneming (i.c. die skool) (Bondesio & De Witt, 1990:249). Gorton (1983:47-49) en Bondesio en De Witt (1990:250) onderskei die volgende subareas en take ten opsigte van personeelbestuur:

- \* Antisiperende aktiwiteite: Dit behels die bepaling en neerlegging van personeelbeleid en -prosedures. Hierdie aktiwiteite sluit die skepping van 'n personeelpos in.
- \* Personeelvoorsiening: Dit sluit onder andere werwing, keuring en indiensneming van personeel in.
- \* Personeelbenutting: Dit is die aktiwiteite wat plaasvind tussen indiensneming en diensbeëindiging en behels onder meer personeelinskakeling, -evaluering, -ontwikkeling, -opleiding en -motivering; hante-

ring van personeelkonflik, gedragsmodifisering; voorkoming van professionele uitbranding en die ontwikkeling van spangees (esprit de corps) by die personeel van die skool.

\* Diensbeëindiging: Dit sluit in aktiwiteite soos die hantering van bedankings, skorsings en die opskorting en/of afskaffing van poste.

Wat personeelaangeleenthede betref, hanteer die bestuursraad, in die lig van sy bevoegdheid (vergelyk. 2.6.2.5) hoofsaaklik die aanstelling van permanente onderwyspersoneel en die aanmelding van gevalle van wangedrag en onbevoegdheid van personeellede by die Superintendent van Onderwys Kring. Die bestuursraad mag hom egter nie met die professionele werksaamhede van die onderwyspersoneel bemoei nie (RSA,1990(a):37). Die bestuursraad kan egter 'n groter rol met betrekking tot personeelaangeleenthede speel. Gray (1984:406) wys in 'n artikel oor skool-gemeenskapsvennootskapprogramme in die VSA daarop dat by verskeie skole in die VSA daar programme bestaan waarin daar aan onderwysers byvoorbeeld indiensopleiding verskaf word deur kundiges uit die private sektor. Sulke programme kan met vrug deur bestuursrade in Transvaalse openbare skole geïnisieer word.

#### 2.6.2.7.3 Leerlingaangeleenthede

Leerlingaktiwiteite is volgens Prinsloo en Van Rooyen (1990:362) die mobilisering van psigiese en/of fisiese energie deur 'n leerling ten einde aktief deel te neem aan sy/haar opvoeding en proses van volwassewording. Die bestuur van leerlingaktiwiteite behels dus hoofsaaklik die beplanning, organisering, leidinggewing en kontrolering van die psigiese en/of fisiese aktiwiteite van leerlinge ten einde die nie-volwasse kind tot volle volwassenheid te begelei.

Prinsloo en Van Rooyen (1990:365-366) en Gorton (1983:48) onderskei die volgende subareas van leerlingbestuur:

- \* **Leerlingaktiwiteit:** Dit sluit in akademiese, vaardigheids, sosiale, maatskaplike, ekonomiese, kulturele, religieuse en 'fisiese aktiwiteite.
- \* **Organisasiestruktuur van leerlingaktiwiteit:** Die organisasiestruktuur van leerlingaktiwiteit bestaan uit die volgende komponente: leerlinge, onderwysers, ouers en ander volwassenes en fisiese fasiliteite.
- \* **Leerlingeierskap:** Waar leerlinge aan bepaalde aktiwiteite in 'n groep deelneem, kom leerlingeierskap ter sprake, wat impliseer dat daar leerlinge is wat met bepaalde gesag en besluitnemingsbevoegdhede beklee word (Prinsloo & Van Rooyen, 1990:373). Leerlingeiers moet dus versigtig geselekteer en opgelei word om die verantwoordelikhede van gesag en besluitneming te kan behartig.
- \* **Leerlingondersteuningsdienste:** Leerlingbestuur behels ten slotte ook die hantering van leerlingondersteuningsdienste. Gorton (1983:48) noem onder meer:
  - die voorsiening van opvoedkundige leidingdienste;
  - beleidmaking ten opsigte van die oriëntering van nuwe leerlinge, skoolbywoning, hantering van aanpassingsprobleme en leerlingveiligheid in die skoolgebou en op die skoolterrein;
  - die ontwikkeling van 'n buitekurrikulêre program;
  - die hantering van dissiplinêre gevalle, en
  - die kontinue bepaling en rapportering van die leerlingvordering.

Wat die bestuur van leerlingaangeleenthede betref, hanteer die bestuursraad tans slegs die volgende sake:

- \* die bepaling van die skooldrag van leerlinge;
- \* advies aan die skoolraad oor vervoerskemas van leerlinge;

\* advies aan die skoolhoof oor die daaglikse openings- en sluitingstye van die skool, buitemuurse bedrywighede, gedragskode vir leerlinge, en beleid ten opsigte van die voorkoms van leerlinge.

Uit voorgaande is dit duidelik dat ouerinspraak in die leerlingaangeleenthede in Transvaalse openbare skole deur die bemiddeling van bestuursrade baie beperk is. McDonald (1986:753) wys op 'n verskeidenheid programme wat in Kentucky in die VSA geloods is om 'n wye verskeidenheid ondersteuningsdienste ten opsigte van leerlingaangeleenthede te bied oor onderwerpe wat wissel van kuns-, wiskunde- en wetenskapsverryking tot die voorkoming van vroeë skoolverlating. Die programme word ondersteun deur plaaslike besig hede van gemeenskappe waarin die skole geleë is. Bestuursrade kan soortge-lyke programme in Transvaalse openbare skole inisieer.

#### 2.6.2.7.4 Finansiële bestuur

Finansiële onderwysbestuur is daardie handeling wat in verband staan met die finansiële aspekte van 'n skool deur iemand in 'n gesagsposisie en waarin onderwysfondse aangewend word ten einde die verwesenliking van onderwysdoelstellings te bevorder (Niemann, 1990:386).

Soos alle ander bestuursareas bestaan finansiële onderwysbestuur ook uit verskeie subareas. Niemann (1990:387) onderskei onder andere die volgende subareas van finansiële onderwysbestuur: die begroting, vervoer, verseke- ring, en rekeningkundige prosedure.

Die bestuursraad hanteer ten opsigte van die finansiële bestuur van 'n skool slegs die volgende (RSA, 1990(a):35):

\* Toesig oor skoolfondsgelde - met ander woorde hulle keur items op die skoolfondsbegroting. Hulle verleen toestemming vir die aankoop van

addisionele begrotingsitems en is verantwoordelik vir die ouditering van skoolfondsboekhouding.

- \* Toesig oor onderriggelde. Onderriggelde is nog nie in Transvaalse openbare skole ingestel nie, maar daar kan verwag word dat dit sodra dit gefinaliseer is, op dieselfde wyse hanteer sal word as skoolfondse.
- \* Toesig oor koshuisgeld. Die bestuursraad hou toesig by skole waar daar 'n koshuis is en waar daar nie 'n koshuisraad volgens art. 15 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (No. 70 van 1988) ingestel is nie, oor die bedryfsrekening van die koshuis (RSA, 1990(b):5) deur iemand skriftelik aan te wys wat verantwoordelik is vir die hantering van die betrokke koshuisfondse. Net soos in die geval van skoolfondse keur die raad items op die koshuisbegroting, en is hulle verantwoordelik vir die behoorlike boekhouding en ouditering van die koshuisfondsboeke.
- \* Toesig oor skoolbusvervoergeld. Volgens Goewermentskennisgewing No. R. 1721 van 27 Julie 1990 (RSA, 1990(b):8) hou die bestuursraad toesig oor die skoolbusvervoerrekening by skole waar kontrakskoolbusvervoer voorsien word. Net soos by skool- en koshuisfondse word iemand skriftelik deur die bestuursraad aangestel wat vir die boekhouding en ouditering van die skoolbusvervoerrekening verantwoordelik is.

Die bestuursraad wys ook persone anders as die persone wat verantwoordelik is vir die hantering van bogenoemde rekeninge aan wat op weeklikse basis alle geld ontvang en nagaan ten einde te verseker dat die kontant voorhande korrek is, dat vir alle geld wat ontvang is kwitansies uitgereik is, en dat alle gelde wat ontvang is, gebank is (RSA, 1990(b):2-10).

Raadslede help ook met die insameling van skoolfondsgelde tydens skoolfunksies soos kermisse en sportbyeenkomste.

Dit is egter belangrik dat waar skoolfonds, en by implikasie koshuisgeld, eintlik geld is wat vir die gerief van leerlinge ingevorder word, die ouers deur middel van die bestuursraad die inisiatief en die verantwoordelikheid vir die voorsiening en invordering daarvan op hulle sal neem. Die skool kan vir die gerief van die raad, die administrering van dié gelde steeds waarneem.

In oorsese lande soos die VSA en Brittanje is verskeie projekte onderneem waarin ouer- en gemeenskapsinstansies fondse insamel ten einde vernuwings in die onderwys, veral op wetenskaplike en tegnologiese gebied te kan finansier. Voorbeelde hiervan is die Kentucky Educational Foundation Inc. (McDonald, 1986:752) wat fondse in vir kompetisies vir leerlinge, en die Chemical Industry Education Centre te York (VK) (Mapletoft, 1990:8), wat gestig is ten einde skole in Brittanje in staat te stel om die nuutste bevindings op wetenskaplik-tegnologiese gebied te kan onderrig deur die fondse te bewillig vir die aankoop van die nodige hulpmiddels.

#### 2.6.2.7.5 Bestuur van skool-gemeenskapsverhoudinge

Barnard (1990(a):421) verklaar die begrip skool-gemeenskapsverhoudinge deur die begrippe skool en gemeenskap te skei, te beskryf en weer saam te voeg.

'n Skool is 'n onderrig-leerplek wat gestig is om onderwys en opleiding aan die kinders van 'n bepaalde gemeenskap te voorsien (Barnard, 1990(a):421). Die skool is egter nie 'n geïsoleerde entiteit nie (Gorton, 1983:433), maar funksioneer binne 'n sosiale konteks, naamlik die skoolgemeenskap. Die skoolgemeenskap kan in enger sin gesien word as die vorm van gemeenskapslewe waarin die skoolpersoneel, ouers, kinders en oud-leerlinge saamwerk ten behoeve van die opvoedende onderwys van die kind (Barnard, 1990(a):422). In breër sin is die skoolgemeenskap individue, groepe en sa-

melewingsverbande wat onder meer deur kultuurbande met die skool verbind word (Barnard, 1990(a):422). Die skoolgemeenskap bestaan uit die ouergemeenskap - dit is ouers van leerlinge in die skool, oud-leerlinge, en toekomstige leerlinge van die skool; die plaaslike gemeenskap bestaande uit afsonderlike individue en gesinne en die breë gemeenskap wat bestaan uit die handel, nywerheid, staatsektor, kerk, sportklubs en die algemene publiek (Barnard, 1990(a):421).

Die bestuur van skool-gemeenskapsverhoudinge sluit onder meer die volgende algemene take in (Gorton, 1983:48) en (Barnard, 1990(a):421-458):

- \* die ontwikkeling van beleid en prosedures ten opsigte van ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid by die skool;
- \* skakeling met ouers asook die bewerkstelling van effektiewe kommunikasie met die gemeenskap;
- \* hantering van klagtes van ouers;
- \* ondersteuning en samewerking met die verskillende ouerverenigings soos die OOV, TAO en TEMPA;
- \* verteenwoordiging van die skool in gemeenskapsorganisasies soos die kerk, sportklubs, en kultuurverenigings;
- \* samewerking met ander gemeenskapsondernemings soos omgewingsbewaringswerkgroepe, en
- \* voortdurende beplanning van gemeenskapsontwikkeling veral met betrekking tot die dienste wat die skool in dié verband lewer.

Uit voorgaande bespreking is dit duidelik dat wat die bestuur van skool-gemeenskapsverhoudings betref, die bestuurder of bestuursliggaam van 'n skool oor besondere vermoëns ten opsigte van kommunikasie moet beskik en daarom is dit nodig dat daar net van die beste kommunikasiemedia op die mees doeltreffende wyse gebruik gemaak sal word. Verder moet die bestuurs-

raad soveel moontlik van die verskillende samelewingsverbande binne die gemeenskap by die skool verteenwoordig, omdat dit belangrik is dat die lede van die raad uit so 'n wyd moontlike spektrum van gemeenskapsverbande getrek sal word.

Gray (1984:405) wys daarop dat wat skool-gemeenskapsverhoudings betref daar in die VSA vennootskappe gestig is waarin onderwysers, leerlinge, ouers en ander belangstellendes uit die gemeenskap saamwerk ten einde die opvoedende onderwys op die mees doeltreffende wyse te laat geskied.

Verskeie skool-gemeenskapsvennootskappe is reeds sedert 1956 in die VSA gestig (Gray, 1984:405). Hierdie vennootskappe funksioneer op vrywillige grondslag en die vrywilligers kom uit verskeie kundigheidsgebiede soos besigheidsmense, kollege- en hoërskoolstudente, lede van openbare en diensorganisasies, ouers en afgetredenes. Volgens Gray (1984:405) is daar in 1984 reeds meer as 'n duisend vennootskapsprogramme regoor die VSA in werking wat hulle veral besig hou met aktiwiteite soos leidinggewing aan jong ouers ten opsigte van hulle opvoedingstaak en raadgewing aan leerlinge met betrekking tot verskeie sake rakende hulle studies en sosialisering. Die hart van hierdie vennootskapsprogramme is volgens Gray (1984:405) die opleidingsaspek daarvan.

Die bestuursraad as amptelike mondstuk van die ouers kan en moet in die toekoms 'n belangrike rol speel ten opsigte van die bestuur van gemeenskapsverhoudinge in die openbare skole van Transvaal.

#### 2.6.2.7.6 Kurrikulumbestuur

Die kurrikulum is die weg of baan waarlangs die onderrig-leerhandelinge in die skool as sekondêre opvoedingsintansie plaasvind (Taba, 1962:11). Gorton (1983:48) onderskei onder meer die volgende aspekte ten opsigte van kurrikulumbestuur:

- \* die formulering van kurrikulêre doelwitte;
- \* die bepaling van die kurrikuluminhoud en die organisering van die verskillende kurrikulêre aktiwiteite;
- \* die toetsing van die opgestelde kurrikulum aan die beskikbare tyd, beskikbare fisiese fasiliteite en die vermoëns van die personeel;
- \* die voorsiening van onderrigbronne en -toerusting;
- \* die voorsiening van toesig oor die onderrigprogram, en
- \* die voorsiening van indiensopleiding van die doserende personeel.

Van bogenoemde kurrikulêre aspekte, soos die formulering van die breë doelstellings en doelwitte en inhoudsbepaling, verg gespesialiseerde kennis waaroor nóg die onderwyser nóg die ouer beskik en wat deur kundiges op die gebied van kurrikulumontwikkeling gedoen word (Van Schalkwyk, 1990:99).

Johnson en Slotnik (1985:430) wys daarop dat daar wat die openbare skole in die VSA betref, programme in werking gestel is waarby ouers, die georganiseerde samelewing en leerlinge groter seggenskap in die besluitnemingsproses in die skool vra, veral met betrekking tot besluitneming ten opsigte van die optimale ontwikkeling van die kind se vermoëns en die ontwikkeling van 'n breë skoolkurrikulum.

Die bestuursraad hanteer wat die openbare skole in Transvaal betref geen kurrikulêre sake nie, maar kan moontlik help om kurrikula te evalueer, addisionele onderrigmiddele te voorsien, toesig te hou oor die onderrigprogram en finansiële sowel as morele steun te verleen ten opsigte van indiensopleiding van onderwysers. Verder kan die bestuursraad namens die ouers toesien dat die gees waarin die leerinhoude soos in die kurrikulum vervat, aangebied word in ooreenstemming is met die gees en rigting van die opvoeding in die ouerhuis.

#### 2.6.2.7.7 Die bestuur van fisiese fasiliteite

Fisiese fasiliteite, soos skoolgeboue en -terreine, vorm die raamwerk waarbinne die stelsel van onderwysvoorsiening fungeer (Barnard (1990(b): 507). Barnard (1990(b):504) en Gorton (1983:48-49) onderskei onder andere die volgende subtake ten opsigte van die bestuur van die fisiese fasiliteite van 'n skool naamlik:

- \* die vasstelling van die behoeftes van die bepaalde gemeenskap ten opsigte van fisiese onderwysgeriewe;
- \* die verkryging van skoolgeboue en -terreine;
- \* die beplanning en benutting van die verkreë fisiese fasiliteite;
- \* die ontwikkeling van 'n komprehensiewe plan vir ordelike uitbreiding en verbetering van die fisiese fasiliteite en die implementering daarvan;
- \* die ontwikkeling van 'n effektiewe strategie vir instandhouding van die fisiese fasiliteite van die skool, en
- \* toesig oor die fisiese fasiliteite en die instandhoudingspersoneel.

Die bestuursraad bepaal die behoeftes ten opsigte van onderwysgeriewe aan die hand van die TOD se akkommodasieskedules vir sover dit openbare skole in Transvaal betref (TOD, 1990:2). Die terrein en geboue word deur die Departement voorsien indien die nodige fondse beskikbaar is. Die benutting van die geboue, terrein en toerusting binne skoolure word hoofsaaklik deur die skoolhoof en sy bestuurspan beplan en geïmplementeer. Die bestuursraad mag egter toestemming verleen aan buitestaanders wat die skool se geriewe buite skoolure wil gebruik op voorwaarde dat die gebruik daarvan nie die skoolprogram mag ontwrig nie. Die skool het dus altyd eerste aanspraak op die gebruik van die fisiese fasiliteite. Verder moet die bestuursraad toesien dat by die beskikbaarstelling van dié fasiliteite aan

buitestaanders die karakter van die onderwysinrigting nie in gedrang gebring word nie en dat die staats- en skoolleierdom nie beskadig of verniel word nie.

Wat die uitbreiding en instandhouding van die fisiese fasiliteite van alle TOD-skole betref, stel die bestuursraad jaarliks behoeftelyste op ten opsigte van kapitaal-, Kleinwerke- en opknappingsdienste; noodakkommodasie, en ook om noodsaaklike reparasies aan geboue en meubels onder die aandag van die skoolraad te bring.

Toesig oor instandhoudingspersoneel by die skool, soos die faktotum en die algemene assistente, is hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die skoolhoof.

#### 2.6.2.7.8 Die bestuur van administratiewe aangeleenthede

Administratiewe aangeleenthede impliseer aangeleenthede wat administratief van aard is en wat papierwerk vereis (Basson, 1990:461). Gorton (1983:48) verwys na administratiewe aangeleenthede as algemene take (general tasks). Die bestuur van administratiewe aangeleenthede behels dus die beplanning, organisering, implementering en kontrolering van administratiewe en algemene take. Basson (1990:463-505) en Gorton (1983:49) onderskei onder meer die volgende administratiewe aangeleenthede:

- \* die beplanning van aspekte, soos die bewaring van data en die beskikbaarstelling van inligting;
- \* die organisering van take van die administratiewe personeel, soos die bewaring van dokumente (liassering van korrespondensie, etikettering van rekenaardataskyfiles ensovoorts), woordverwerking (tikwerk), reproduksie (fotokopieerwerk, duplisering en drukwerk), bevoorrading (aankoop, rekordhouding en vervanging van skoolvoorrade), finansbeheer

(skool- en koshuisfondse, onderrig-, bus- en departementele geld), en kommunikasie en inligtingsdiens (intern en ekstem);

- \* die implementering van bogenoemde administratiewe take en die gee van leiding aan die betrokke administratiewe personeel ten opsigte van die uitvoering van hulle taak;
- \* die uitoefening van beheer oor die administratiewe werk deur die daargestelling van 'n doeltreffende beheerstelsel deur waarneming, meting, en verslagdoening van werklike prestasie, deur evaluering van die werkprestasie en deur korrektiewe optrede.

Die bestuursraad speel 'n belangrike rol ten opsigte van administratiewe bestuur veral met betrekking tot finansbeheer. Die raad is die enigste statutêre liggaam wat beheer uitoefen oor fondse wat nie geheel en al die verantwoordelikheid van die skoolhoof en sy personeel is nie (TOD, 1990: 8).

Die bestuursraad kan as amptelike spreekbuis van die ouers, veral met betrekking tot die bevordering van kommunikasie tussen die skool en die publiek, die oordra van relevante inligting betreffende die gemeenskap na die skool en ook andersom, 'n uiters belangrike bydrae lewer ten opsigte van die gladde verloop van die skoolprogram.

#### 2.6.2.8 Beperkings op die bevoegdhede van die bestuursraad.

- \* Die bestuursraad mag hom nie met die professionele werk van die onderwyser by die verrigting van sy pligte bemoei nie (RSA, 1990(a):37).
- \* Ofskoon die bestuursraad sekere sake wat die welsyn van die betrokke skool raak aan die betrokke onderwysdepartement kan rapporteer en aanbevelings ten opsigte daarvan mag maak, mag hy wat die Transvaalse Onderwysdepartement betref, nie regstreeks met die Departement skakel nie behalwe in die volgende gevalle:

- waar die bestuursraad enige saak wat verband hou met die opvoeding van leerlinge wil oordra, en
- oor die aanstelling van onderwysers (TOD, 1986:410-411).

Skakeling met die Departement moet deur die plaaslike skoolraad gereël word (TOD, 1986:411).

Bogenoemde take en pligte voer die bestuursraad namens die ouergemeenskap van die skool uit en vervul in die verband dus 'n baie belangrike funksie ten opsigte van ouerinspraak in die onderwys.

Uit dit wat tot dusver van die bestuursraad ten opsigte van ouerinspraak in die onderwys bevind is, wil dit voorkom asof hierdie seggenskap in die persoon van die bestuursraad besonder goed is, maar die vraag is of dié verteenwoordiging wel deurgaans van deurslaggewende aard is. In 'n referaat gelewer op die Afrikaanse Onderwyskongres gehou te Bloemfontein op 18 - 22 Mei 1982, wys Eloff (1982:24) daarop dat besluite wat deur bestuursrade geneem word nie beslissings is nie en dat dit deur departementele ampsdraers omver gegooi kan word. Verder beweer Eloff (1982:24) dat, hoewel dit tans nie baie gebeur dat 'n direkteur van onderwys 'n aanbeveling van 'n bestuursraad nie aanvaar nie, die betreklik gunstige posisie nie soveel aan die huidige stelsel te danke is nie, maar aan die goedgesindheid en 'n hoë mate van enersdenkendheid van die betrokke ampsdraers en die ouers. As eensgesindheid tussen die ouers en die owerheid sou ontbreek, sal dit daarop neerkom dat die stelsel die ouers in die steek sou laat. Dekker (1986:4) sluit hierby aan as sy beweer dat daar nog weinig ouerinspraak in die onderwys bestaan, aangesien die staat as voorsiener en verskaffer van onderwys, die beleid sowel as die praktyk daarvan bepaal. Verder beweer Dekker (1986:4) dat die klem eerder op die institusio-

nele vlak geplaas word as om die ouers vir die oerrol en samewerking met die onderwysers gereed te maak. Belangrike besluite word deur die onderwysdepartemente, Kabinet en selfs ander staatsdepartemente soos die Departement van Finansies geneem (Dekker, 1986:4). Die verantwoordelikhede van die bestuursraad word dus hoofsaaklik deur wetgewing bepaal en is wat openbare skole in Transvaal betref, beperk tot fisiese, finansiële, personeelaanstellings- en beheeraangeleenthede.

Die nie-statutêre oerliggame, daarenteen, kan as vrye en outonome liggame wyer en meer omvattende verantwoordelikhede vir hulleself in 'n skool beding as die bestuursraad (Van Schalkwyk, 1990:92). Daarom sal dit vir die onderwys in die algemeen en vir die oer-onderwyser-kind-vennootskap in die besonder, van kardinale belang wees dat daar 'n gesonde en positiewe gees van samewerking tussen die bestuursraad en die betrokke nie-statutêre oerliggame sal heers. Om die stand van samewerking tussen die bestuursrade en nie-statutêre oerliggame vas te stel, is dit nodig dat daar vervolgens meer indringend na die rol van dié liggame ten opsigte van oerbetrokkenheid in die onderwys gekyk sal word.

## 2.7 OERVERTEENWOORDIGING DEUR NIE-STATUTÊRE OERVERENIGINGS

### 2.7.1 Inleiding

Nie-statutêre liggame is liggame wat op vrywillige basis funksioneer (Van Wyk, 1987:70) en die knoopstrukture wat die ouers in die onderwys in Transvaal verteenwoordig, is die TAO (Transvaalse Afrikaanse Oervereniging) vir Afrikaanssprekendes, TEMPA (Transvaal English Medium Parents Association) vir Engelssprekendes en die OOV (Oer-onderwysersvereniging).

Daar sal vervolgens kortliks aandag gegee word aan die doelstellings van elkeen van hierdie verenigings ten einde te bepaal watter aanvullende rol hulle moontlik ten opsigte van die bestuursraad kan vervul.

## 2.7.2 Die TAO

Die Transvaalse Afrikaanse Oervereniging vir Christelike opvoeding en onderwys is op 6 November 1982 gestig met die volgende doelstellings soos uiteengesit op bladsy 1 van die vereniging se grondwet -

- \* om Christelike en Afrikaner-volkseie opvoeding op informele, formele en nie-formele onderwysvlak te bevorder;
- \* om die Afrikanerkultuur, -taal, en -tradisie te veredel, te bestendig en uit te bou, en
- \* om die ouer toe te rus vir sy ouerlike taak.

Die grondslag van die TAO is die Christelike godsdiens wat die Bybel as die onfeilbare Woord van God erken met as belydenis die absolute soewereiniteit van God Drieëinig oor die ganse skepping en oor die hele lewe (TAO, 1986:B1).

Die TAO is gestig op grond van die behoefte aan 'n goedgeorganiseerde ouervereniging wat volgens die grondslag, doel en funksies van die vereniging uit die volgende behoeftes spruit (TAO, 1986:A1-2) -

- \* die feit dat die ouer algaande meer en meer van die onderwystoneel verdwyn het - moontlik omdat die staat en die onderwyser die verantwoordelikheid vir die onderwys in 'n groot mate oorgeneem het;
- \* die behoefte aan 'n goedgeorganiseerde, meewerkende ouergemeenskap wat groter plaaslike verantwoordelikheid van die onderwys op hulle kan neem;
- \* die feit dat die ouer in 'n nuwe staatkundige bedeling en in die nuwe onderwysopset groter verantwoordelikheid sal kry en in 'n groter mate inspraak op die derde en die tweede regeringsvlak sal kry, en
- \* die feit dat nuwe tye nuwe eise aan ouerlike verantwoordelikheid stel, hulle met kennis toegerus moet word oor die onderwys en opvoe-

dingsaangeleenthere en -verantwoordelikehere.

### 2.7.3 Transvaal English Medium Parents Association (TEMPA)

Die Transvaal English Medium Parents Association is ongeveer gedurende dieselfde tyd gestig as die TAO met die volgende doelstellings (Starfield, 1987:6) -

- \* om Engels as onderrig-medium te bevorder;
- \* om 'n hoë standaard Engels as spreektaal en skryftaal in Transvaalse provinsiale skole aan te moedig;
- \* om geskikte persone aan te moedig om die onderwysprofessie te betree en om in die beroep te bly;
- \* om voorstelle vir beter besoldiging en beter diensvoorwaardes vir onderwysers te ondersteun;
- \* om bepaalde insette te lewer by die Onderwysdepartement en ander betrokke liggame ten opsigte van wetgewing met betrekking tot die belange van ouers en hul kinders in provinsiale skole;
- \* om nou saam te werk met die Departement, onderwysverenigings en ander ouerverenigings asook enige ander liggame wat met provinsiale onderwys gemoeid is;
- \* om 'n forum vir die menings van sy lede oor onderwys sake daar te stel en om hulle aan te moedig om betrokke te raak by sodanige sake;
- \* om die belange van sy lede te alle tye te beskerm;
- \* om geskikte persone te verkies om hom te verteenwoordig op komitees en ander liggame wat te doen het met onderwysaangeleenthere;
- \* om alles in sy vermoë te doen om sy doelwitte soos hierbo uiteengesit, te bereik, sonder om in te meng in die professionele aspekte van die onderwys, en
- \* om die onderwys en opvoeding van kinders te bevorder deur dit daad-

werklik te ondersteun en deur samewerking met onderwysinstitusies en die statutêre oerliggende sonder om op die gebiede van die liggame of die professionele personeel te oortree.

#### 2.7.4 Die OOV

Die Ouer-onderwysersvereniging is 'n ouervertegenwoordigende liggaam waarvan die oorsprong nie baie duidelik is nie, maar dit het waarskynlik spontaan ontstaan kort nadat die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet No. 39 van 1967) waarin daar 'n plek aan ouers in die onderwys toegeken is, deur die Parlement goedgekeur is. Die Ouer-onderwysersvereniging bestaan tans nog by die meeste skole waar daar nie 'n tak van die TAO of TEMPA bestaan nie. Volgens die TOD se Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie (TOD, 1986:416 par. 32.10.3.2) het hierdie liggame talle geleenthede om op opvoedkundige, kulturele, maatskaplike en liefdadigheidsgebied goeie diens te lewer.

Die funksie van die OOV, waar dit nog bestaan, is hoofsaaklik die insameling van fondse om geriewe wat nie deur die betrokke onderwysdepartement voorsien word nie, aan te koop (TOD, 1986:416).

Van die vele prestasies wat hierdie verenigings al gelewer het, is onder meer die uitlê van skool- en sportterreine, die aanlê van tuine, die bou van skoolsale en die aankoop van verskeie gesofistikeerde onderwys hulpmiddels (TOD, 1986:416). Die waarde van die OOV's, waar hulle nog bestaan, moet nie onderskat word nie.

Op 17 Junie 1985 is aan beide die TAO en TEMPA erkenning verleen deur die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad van Transvaal kragtens art. 6(h) van die Onderwysordonnansie (Starfield, 1987:6), wat beteken dat die ouers aan die hand van hierdie nie-statutêre liggame inspraak het tot

op die hoogste beleidmakende vlak van die onderwys in Transvaal.

Uit die doelstellings van die TAO en TEMPA is dit duidelik dat Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes verskillende opvoedingsbenaderings huldig. Hierdie verskille in die opvoedingsbenaderings van die twee taalgroepe kan lei tot verskille in die interpretering van die breë onderwysbeleid asook in die interpretering van ouerinspraak in die onderwys - 'n feit waarmee daar deeglik rekening gehou sal moet word by die bestudering van die moontlike aanvullende rol wat hierdie ouerverenigings saam met die bestuursraad in skoolbestuur kan vervul. Afgesien van dié verskille is daar tog baie moontlikhede vir samewerking tussen die statutêre en die nie-statutêre liggame op die gebied van ouerinspraak en skoolbestuur en sal daar in die empiriese ondersoek wat in die volgende hoofstuk onderneem word, meer indringend aandag aan hierdie moontlikhede gegee word.

Tot dusver is daar ten opsigte van ouerinspraak in die onderwys slegs aandag gegee aan formele ouerverteenwoordiging, maar ouers het ook op nie-formele basis inspraak in die onderwys deur middel van byvoorbeeld oueraande.

2.7.5 Oueraande as middel tot nie-formele ouerinspraak in die onderwys  
Oueraande is byeenkomste waarin ouers genooi word om die skool te besoek en word willekeurig deur die skool gereël (Van der Westhuizen, Loots, Mentz, Oosthuizen & Theron, 1990:93). Die doel van oueraande is die volgende:

- \* Om inligting aan die ouers deur te gee betreffende 'n aktuele onderwerp wat deur die skoolhoof of 'n gasspreker aangebied word (TOD, 1986:415);
- \* Inligting oor 'n individuele leerling kan deur die onderwyser aan die ouers oorgedra word. Jones en Jones (1986:185) noem in dié verband die

volgende:

- inligting oor die leerling se kurrikulêre- en buite-kurrikulêre prestasies;
  - inligting oor die leerling se sosiale aanpassing in die skool, en
  - inligting oor die leerling se gedrag en optrede in die skool.
- \* Waardevolle inligting kan deur die ouer aan die onderwyser gegee word ten opsigte van 'n leerling met probleme, soos byvoorbeeld huislike omstandighede wat tot die probleme aanleiding kon gegee het (TOD, 1986:415).

## 2.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die fundering, historiese agtergrond en die juridiese begroning van ouerinspraak in die onderwys van nader beskou en is daar ook indringend na statutêre en nie-statutêre verteenwoordiging van die ouers gekyk. Daar is kortliks ook gewys op die uiteenlopende aard van die opvoedingsbenaderings van Afrikaans- en Engelstalige ouerverteenwoordigende liggame en die moontlike implikasie wat dit kan hê op samewerking tussen bestuursrade en dié ouerliggame in 'n nuwe onderwysbedeling. Ten slotte is daar ook verwys na moontlikhede vir samewerking tussen die Bestuursraad en die twee nie-statutêre ouerliggame - moontlikhede wat in die volgende hoofstuk meer indringend ondersoek sal word.

## HOOFSTUK 3

### EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE ROL VAN DIE BESTUURSRAAD IN SKOOLBESTUUR

#### 3.1 INLEIDING

Die doel van die empiriese ondersoek was om inligting in te win oor:

- \* die siening van bestuursraadsvoorsitters van sekondêre skole onder die jurisdiksie van die Transvaalse Onderwysdepartement, oor die belangrikheid van en die mate waartoe uitvoering geskied ten opsigte van die pligte, bevoegdhede en werksaamhede van dié rade met betrekking tot hul bestuurstaak en die bestuursareas waarvoor hulle verantwoordelik is;
- \* die kennis van bestuursraadsvoorsitters van hul bestuurstaak en hulle siening oor die nodigheid vir opleiding van bestuursraadslede vir hul taak;
- \* die metodes wat na die mening van die bestuursraadsvoorsitters die beste daartoe sal kan bydra om oerbetrokkenheid by die onderwys te bevorder, en
- \* die huidige stand van samewerking tussen die bestuursraad en die betrokke ouerverenigings op die breë vlak en op verskillende terreine.

'n Transversale (horisontale) opname is onderneem om die nodige inligting van bestuursraadsvoorsitters van die TOD-skole te verkry ten einde genoemde doelwitte te bereik. Die opname is onderneem aan die hand van die volgende navorsingsplan:

#### 3.2 NAVORSINGSONIWERP

##### 3.2.1 Die ontwerp van die meetinstrument

###### 3.2.1.1 Die posvraelys

Die doel van 'n vraelys is om navraag te doen oor bestaande praktyke en

toestande en/of om houdings en menings te peil (Van der Westhuizen, 1988: 56). Die doel van 'n vraag of item in 'n vraelys is om 'n spesifieke reaksie of boodskap uit te lok (Pietersen, 1988:87).

'n Gestruktureerde posvraelys is vir die doel van hierdie ondersoek saamgestel en aan 'n statistiese konsultant van die PU vir CHO se statistiese konsultasiedienste voorgelê vir kommentaar en hulp met die beplanning van die statistiese bewerking van die navorsingsresultate. Die vraelys is ook voorgelê aan die betrokke studieleiers vir hul kommentaar en leiding.

#### 3.2.1.2 Voordele van die posvraelys

'n Gestruktureerde vraelys het die volgende voordele (De Wet, Monteith, Steyn & Venter, 1981:163; Van der Westhuizen, 1988:56; Pietersen, 1988:-95):

- \* Die gedrukte posvraelys is meer doeltreffend en prakties.
- \* 'n Groter groep mense kan betrek word en daarom kan daar van 'n groter steekproef gebruik gemaak word met 'n meer betroubare afleidingsmoontlikheid. Die respondente kan ook makliker bereik word deur die pos.
- \* Die vraelys is maklik om toe te pas, aangesien dit vooraf gekodeer kan word om kwantifisering te vergemaklik.
- \* Die vraelys is as meetinstrument meer betroubaar as die onderhoud, aangesien persoonlike oordeel van die navorser uitgeskakel word. Objektiewe menings van die respondente is dus moontlik.
- \* Respondente kan anoniem bly.
- \* Instruksies vir die voltooiing van die vraelys is gestandaardiseer en is dus makliker verstaanbaar vir die respondent.
- \* Die invul van die vraelys neem minder tyd in beslag as die onderhoud.

- \* Die vraelys is goedkoper as onderhoude.
- \* Analisering en tabulering van response word deur die vraelys vergemaklik.

#### 3.2.1.3 Nadele van die posvraelys

Van der Westhuizen (1988:56) en Pietersen (1988:95) dui die volgende nadele van die vraelys aan:

- \* Die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys is moeilik bepaalbaar.
- \* Vrae kan verskillend deur die respondente vertolk word.
- \* Die korrektheid van antwoorde is moeilik bepaalbaar en beantwoording van die vrae kan na willekeur geskied.
- \* Die voltooiing van die vraelys kan gedelegeer word na iemand anders as vir wie dit bedoel is.
- \* Terugvoering kan swak wees.
- \* Daar is nie voorsiening gemaak vir alternatiewe antwoorde nie en respondente kan slegs keuses maak uit die voorgeskrewe antwoorde.
- \* Gestruktureerde vrae is dikwels minder subtiel as oop vrae en laat die ondersoeker daardeur die geleentheid verbeur om 'n peilingsvraag te stel.

#### 3.2.1.4 Die loodsvraelys

'n Aantal loodsvraelyste ( $n = 3$ ) is aan verskeie bestuursraadsvoorsitters vir voltooiing gestuur ten einde te bepaal of daar enige gebreke ten opsigte van die vraelys bestaan en of die vrae wat gestel is, verstaanbaar is. Van die lyste (3) is ook aan die rekenaardienste by die PU vir CHO voorgelê om te bepaal of dit sonder probleme gepons kan word.

#### 3.2.1.5 Die finale vraelys

Nadat enkele regstellings aan die loodsvraestel aangebring is, is die finale vraelys saamgestel (kyk Bylae D).

### 3.2.1.6 Konstruksie van die vraelys

'n Gestruktureerde vraelys bestaande uit vyf afdelings is gebruik. Die afdelings (kyk Bylae D) is:

#### \* Afdeling A Biografiese en demografiese inligting

Die biografiese gegewens wat in hierdie afdeling (Vraag 1 tot 4) ingesamel is, is ingesamel met die doel om te bepaal of die ouderdom, geslag, hoogste kwalifikasie en ondervinding van bestuursraadsvoorsitters 'n invloed uitoefen op die rol wat bestuursrade in skoolbestuur vervul.

Die demografiese inligting ingewin in Vraag 5 tot 9, het ten doel om te bepaal of die tipe skool, geslag van leerlinge in die skool, voertaal van die skool, gradering van die skool en koshuisinwoning 'n invloed het op die bestuursrol van die bestuursraad.

#### \* Afdeling B In hierdie afdeling is inligting ingewin ten opsigte van die pligte, bevoegdhede en werksaamhede van bestuursrade met betrekking tot hul bestuurstaak en die bestuursareas waarvoor hulle verantwoordelik is.

Aspekte van bestuurstake van die bestuursraad is soos volg aangeraak:

- Vraag 10 tot 13 : Beplanning;
- Vraag 14 en 15 : organisering;
- Vraag 16 en 17 : leidinggewing en
- Vraag 18 tot 20 : beheeruitoefening.

Aspekte van die bestuursareas waarvoor die bestuursrade van skole verantwoordelik is, is soos volg gedek:

- Vraag 21 en 22 : personeelbestuur;
  - Vraag 23 tot 25 : bestuur van leerlingaangeleentehede;
  - Vraag 26 tot 29 : finansiële bestuur;
  - Vraag 30 tot 35 : bestuur van skool-gemeenskapsverhoudinge;
  - Vraag 36 en 37 : kurrikulumbestuur en
  - Vraag 38 tot 41 : bestuur van fisiese fasiliteite.
- \* Afdeling C In hierdie afdeling is die kennis van bestuursraadsvoorsitters getoets ten opsigte van hul bestuurstaak asook hul mening oor die nodigheid vir opleiding van bestuursraadslede en die moontlike metodes wat aangewend kan word indien opleiding noodsaaklik blyk te wees.
- Genoemde aspekte is soos volg gedek:
- Vraag 42.1 tot 42.15 : kennis ten opsigte van hul bestuurstaak;
  - Vraag 43 : die noodsaaklikheid van opleiding van bestuursraadslede;
  - Vraag 44 : metodes wat moontlik aangewend kan word om opleiding te verskaf indien dit nodig blyk te wees.
- \* Afdeling D In hierdie afdeling is die bestuursraadsvoorsitters se menings gepeil oor moontlike metodes wat aangewend kan word om ouers se betrokkenheid by die skool te bevorder. In Vraag 45 moes respondente aandui watter metode volgens hul menings die beste vir dié doel aangewend kan word.
- \* Afdeling E Hierdie afdeling handel oor samewerking tussen die bestuursrade van die betrokke skole en die nie-statutêre ouerverenigings by daardie skole. In Vraag 46 is bestuursraadsvoorsitters gevra om aan te toon in watter mate daar samewerking is tussen die bestuursrade en die betrokke ouerverenigings by hul onderskeie skole. In Vraag 47.1

tot 47.10 is die mate van samewerking tussen die bestuursrade en die betrokke ouerverenigings ten opsigte van verskeie doelwitte getoets.

#### 3.2.1.7 Administratiewe prosedure

Toestemming is skriftelik van die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry om die ondersoek in openbare skole van dié Departement uit te voer (vergelyk Bylae B).

Die finale vraelyste is aan die betrokke skoolhoofde gestuur met die versoek om dit aan die bestuursraadsvoorsitter te oorhandig vir voltooiing. Skoolhoofde is ook skriftelik versoek om bestuursraadsvoorsitters waar nodig te help met die invul van die vraelyste.

Om die terugsending van die voltooide vraelyste te vergemaklik is gefrankeerde koeverte saam met die vraelyste aan die verskillende respondente gestuur.

#### 3.2.2 Populasie en Steekproef

Die populasie vir hierdie ondersoek is die bestuursraadsvoorsitters van 'n aantal openbare sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement (uitgesluit enige spesiale-, verbetering- en kliniekskole).

'n Gestratifiseerde ewekansige steekproef ( $n = 50$ ) is getrek uit bogenoemde skole ten einde die verlangde inligting te bekom.

Vraelyste wat terug ontvang is, is ingesleutel en verwerk op 'n hoofraamrekenaar van die PU vir CHO. Die rekenaaruitdruk van die vraelys-data is gekontroleer en ponsfoute is reggestel.

TABEL 3.1 VRAELYSTE ONTVANG

Vraelyste gepos	Vraelyste terug ontvang	Persentasie Terugvoering
Afrikaans 29	29	100
Engels 15	9	63
Parallel 6	4	67
Totaal 50	42	84

Uit Tabel 3.1 hierbo is dit duidelik dat 84% van die vraelyste terug ontvang is. Volgens Landman (1980:112) is terugvoering van meer as 70% voldoende om betekenisvolle afleidings te kan maak.

### 3.2.3 Statistiese tegnieke

Die 42 vraelyste wat terug ontvang is, is met behulp van 'n SAS (Statistical Analysis System)-rekenaarprogrammpakket verwerk.

\* By elke vraag is daar frekwensies en persentasies volgens die FREQ-prosedure van SAS bepaal.

## 3.3 RESULTATE EN INTERPRETASIE

Ten einde 'n sinvolle vertolking van die versamelde data te kan maak, is die biografiese en demografiese gegewens van die respondente ontleed.

### 3.3.1 Biografiese gegewens

Die doel waarvoor die biografiese inligting (vergelyk Bylae D, Vraag 1 tot 4) ingewin is, was om vas te stel of die ouderdom, geslag, kwalifikasies en ondervinding van bestuursraadsvoorsitters enige invloed uitoefen op die uitvoering van hul bestuurstaak (vergelyk Tabel 3.2).

TABEL 3.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN BESTUURSRAADSVORSTTERS

Biografiese gegewens		Aantal	Persentasie
1. Ouderdom	20 - 29 jaar	0	0
	30 - 39 jaar	0	0
	40 - 49 jaar	25	59,5
	50 - 59 jaar	13	31,0
	60 en ouer	4	9,5
2. Geslag	Manlik	41	97,6
	vroulik	1	2,4
3. Hoogste kwalifikasies	Tersiër (Univ./O.K Tech.kon)	30	71,4
	St.10 + T.K/Dip/Vakleerlingskap	4	9,5
	St.10 of gelykwaardig	8	19,0
	St 8 of gelykwaardig	0	0,0
4. Ondervinding as lid van 'n bestuursraad	1 jaar en minder	1	2,4
	2 - 3 jaar	6	14,3
	4 - 5 jaar	4	9,4
	6 jaar en meer	31	73,8

### 3.3.1.1 Ouderdom van bestuursraadsvoorsitter

Van die respondente val meer as die helfte (59,5%) in die ouderdomsgroep 40 - 49 jaar (vergeelyk Tabel 3.2), terwyl 31,0 persent van die respondente in die ouderdomsgroep 50 - 59 jaar val. Geen respondente val in die ouderdomsgroep 20 - 39 jaar nie, terwyl slegs 9,5 persent ouer as 60 jaar is.

### 3.3.1.2 Geslag van bestuursraadsvoorsitter

Van die 42 respondente was 41 (96,6%) mans en slegs een (2,4%) was vroulik.

### 3.3.1.2 Hoogste kwalifikasies van bestuursraadsvoorsitters

Die grootste persentasie van die respondente, naamlik 71,4 persent beskik oor 'n tersiêre kwalifikasie byvoorbeeld, 'n universiteitsgraad, of 'n diploma van 'n onderwyskollege of 'n technikon. Slegs 9,5 persent beskik oor matriek plus 'n diploma van 'n tegniese kollege of 'n voltooide vakleerlingskap. Almal beskik dus minstens oor matriek of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

### 3.3.1.4 Ondervinding van bestuursraadsvoorsitters as lid van 'n bestuursraad

Van die 42 respondente het 73,8 persent ses jaar en meer ondervinding as lid van 'n bestuursraad, 9,5 persent het vier tot vyf jaar ondervinding, 14,3 persent het twee tot drie jaar ondervinding en slegs 2,4 persent het minder as twee jaar ondervinding.

### 3.3.1.5 Profiel van respondente

Uit voorgaande ontleding kan die gevolgtrekking gemaak word dat bestuursraadsvoorsitters van sekondêre skole, onder die jurisdiksie van die Transvaalse Onderwysdepartement, hoofsaaklik manlike persone (97,6%) is tussen die ouderdom 40 tot 59 jaar (59,5%). Verder is bevind dat die meerderheid van die bestuursraadsvoorsitters (71,4%) oor tersiêre kwalifikasies beskik en dat hulle oor genoegsame ondervinding beskik (73,8% het ses jaar en meer ondervinding) as lede van bestuursrade van skole, wat hulle in staat behoort te stel om die taak as bestuursraadsvoorsitter suksesvol te kan uitvoer.

### 3.3.2 Demografiese gegewens

Die doel met die demografiese inligting wat ingewin is (vergelyk Bylae D, Vraag 5 tot 9), was om vas te stel of die tipe skool, geslag van leerlinge in die skool, voertaal van die skool, gradering van die skool, en 'n kos-

huis by die skool enige invloed uitoefen op die bestuurstaak van bestuursraadslede.

TABEL 3.3 DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN SKOLE

Demografiese gegewens		Aantal	Persentasie
5. Tipe skool	Suiwer akademies	27	65,9
	Akademies met Tegnies	6	14,6
	Hoofsaaklik Tegnies	3	7,3
	Hoofsaaklik Handel	4	9,8
	Hoofsaaklik Landbou	1	2,4
	Geen respons	1	-
6. Geslag van leerlinge in skool	Gemeng	38	92,7
	Seuns	1	2,4
	Meisies	2	4,8
	Geen respons	1	-
7. Voertaal van skool	Afrikaans	29	69,0
	Engels	9	21,4
	Afrikaans en Engels	4	9,5
8. Gradering van skool	GS (gekompliseerd)	15	41,7
	S1	16	44,4
	S11	5	13,9
	Geen respons	6	-
9. Koshuisinwoning	Word voorsien	22	52,4
	Word nie voorsien nie	20	47,6

### 3.3.2.1 Tipe skool

Van die 42 respondente het een nie aangedui watter tipe skool hy verteenwoordig nie en van die 41 het 27 (65,9%) aangedui dat hul skole suiwer akademiese skole is, ses (14,6%) is akademiese skole met 'n tegniese stu-

dierigting, terwyl die res hoofsaaklik tegnies (7,3%), handel (9,8%) en landbou (2,4%) is.

#### 3.3.2.2 Geslag van leerlinge in skole

Van die 42 respondente het een nie aangedui wat die geslag van die leerlinge in sy skool is nie. Van die 41 skole waarvan die geslag van die leerlinge wel aangedui is, was 38 (92,7%) gemeng, een (2,4%) seunskole en twee (4,9%) meisieskole.

#### 3.3.2.3 Voertaal van skool

Die verhouding van Afrikaanstalige, Engelstalige en Afrikaans en Engelsstalige skole onder die jurisdiksie van die Transvaalse Onderwysdepartement is 58 persent Afrikaans, 30 persent Engels en 12 persent Afrikaans en Engels. Vraelyste is in dieselfde verhouding uitgestuur, naamlik 29 aan Afrikaanse skole, 15 aan Engelse skole en ses aan die res. Uit die 42 skole waarvan die vraelyste terugontvang is, is al die Afrikaanstalige skole s'n terugontvang (69,0% van die totaal), terwyl slegs nege (21,4% van die totaal) Engelstalige skole s'n terugontvang is en vier (9,5% van die totaal) van die Afrikaans en Engelstalige skole s'n terugontvang is.

#### 3.3.2.4 Gradering van skole

Van die 42 respondente het ses nie 'n aanduiding van die gradering van hul skool gegee nie. Van die 36 respondente wat wel 'n aanduiding gegee het is 44,4 persent SI-skole, 41,7 persent GS-skole en slegs 13,9 persent SII-skole.

#### 3.3.2.5 Koshuisinwoning

Koshuisvoorsiening word aan 52,4 persent van die respondente se skole voorsien, terwyl 47,6 persent van die respondente se skole nie koshuisinwoning voorsien nie.

### 3.3.2.6 Sintese

Volgens die response wat ontvang is, kan die volgende afleidings met betrekking tot die demografiese gegewens gemaak word:

- \* Die respondente is voorsitters van bestuursrade van skole waarvan die meeste (69,0%) Afrikaanse skole is.
- \* Die skole is oorwegend (92,7%) gemengde SI (44,4%) skole.
- \* Die skole is hoofsaaklik (65,9%) akademiese skole waarvan verskeie, (14,6%) persent, oor 'n tegniese studierigting beskik.
- \* Meer as die helfte (52,4%) van die skole voorsien koshuisinwoning.

### 3.4 PLIGTE, BEVOEGDHEDE EN WERKSAAMHEDE VAN BESTUURSRADE

Die pligte, bevoegdhede en werksaamhede van 'n bestuursraad word vergeestalt deur die bestuurstake (vergelyk 2.6.2.6) wat deur 'n bestuursraad verrig word binne die konteks van die bepaalde bestuursareas (vergelyk 2.6.2.7) waarvoor so 'n raad verantwoordelik is.

#### 3.4.1 Bestuurstake

##### 3.4.1.1 Beplanning

Die doel van die vrae wat handel oor die beplanningstaak van die bestuursraad (vergelyk Bylae D, Vraag 10, 11, 12 en 13) was om vas te stel hoe belangrik bestuursraadsvoorsitters die aandeel van die bestuursraad ten opsigte van die beplanningsfunksie in die skool beskou en die mate waarin die bestuursraad hulle beplanningstaak daadwerklik uitvoer (vergelyk Tabel 3.4).

TABEL 3.4 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE BEPLANNINGSTAAK

Beplanning	Belangrikheid *								Uitvoering **							
	1		2		3		4		1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
10. Bepaling van doelstellings	1	2,4	5	11,9	15	36,7	21	50,0	4	9,5	9	21,4	16	38,1	13	31,0
11. Bepaling van doelwitte	0	0,0	2	4,8	16	38,1	24	57,1	0	0,0	5	11,9	19	45,2	18	42,9
12. Bepaling van skoolbeleid	2	4,9	6	14,6	16	34,2	19	46,3	7	17,1	4	9,8	20	48,8	10	24,3
13. Besluitneming	0	0,0	1	2,4	4	9,5	37	88,1	0	0,0	1	2,4	7	16,6	34	81,0

\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

\*\* 1 - glad nie  
 2 - in mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

3.4.1.1.1 Analise van response ten opsigte van die beplanningstaak van die bestuursraad

\* Vraag 10: Bepaling van langtermyndoelstellings

Daar is bevind dat die meerderheid van die bestuursraadsvoorsitters (85,7%) bepaling van langtermyndoelstellings, gerig op doeltreffender opvoedende onderwys, as belangrik beskou. Slegs 14,3 persent beskou dit as nie van groot belang nie. Daar is verder bevind dat 69,1

persent van die respondente aangetoon het dat hul betrokke bestuursrade in 'n baie groot mate uitvoering verleen aan die bepaling van langtermyn doelstellings, en 30,9 persent meen dat hulle bestuursrade glad nie of slegs in 'n mindere mate uitvoering daaraan verleen.

Bestuursraadsvoorsitters meen wel dat hul aandeel in die bepaling van langtermyn doelstellings belangrik is, maar hulle is nog nie in 'n baie groot mate daarby betrokke nie (85,7% beskou dit as baie belangrik, en slegs 69,1% is grootliks betrokke). Die moontlike rede hiervoor is dat skoolhoofde nog nie ten volle van bestuursrade in dié verband gebruik maak nie.

\* Vraag 11: Bepaling van korttermyn doelwitte

Wat die bepaling van korttermyn doelwitte betref, het 95,2 persent van die respondente aangetoon dat hulle dit van groot belang ag dat die bestuursraad daarby betrokke moet wees, terwyl 4,8 persent dit as minder belangrik beskou. Verder het 88,1 persent van die respondente aangetoon dat hul bestuursrade in 'n baie groot mate betrokke is by die bepaling van korttermyn doelwitte, terwyl 11,9 persent slegs in 'n mindere mate betrokke is.

Die feit dat die bepaling van korttermyn doelwitte oor die algemeen deur die bestuurspan (hoof, adjunkhoof en departementshoofde) gedoen word, kan 'n rede wees waarom die bestuursraad moontlik in 'n mindere mate daarby betrokke is.

\* Vraag 12: Bepaling van skoolbeleid

Die meeste van die respondente (80,5%) het aangetoon dat hulle die betrokkenheid van die bestuursraad by die bepaling van skoolbeleid as van baie groot belang beskou, terwyl 19,5 persent dit glad nie of in 'n mindere mate as belangrik beskou. 'n Groot persentasie (73,1%) van die respondente het aangetoon dat hul bestuursrade wel betrokke is by die formulering van skoolbeleid, terwyl 26,9 persent nie betrokke is nie.

Daar is 'n groot korrelasie tussen die belangrikheidsbeskoting en die uitvoering van die bepaling van skoolbeleid deur bestuursrade, moontlik omdat bestuursrade statutêr medeverantwoordelik is vir die bepaling van verskeie beleidsake soos die opstel van 'n gedragskode, bepaling van skooldrag en opening- en sluitingstye vir die skool (vergelyk 2.6.2.6.2).

\* Vraag 13: Besluitneming

Die oorgrote meerderheid (97,6%) van die respondente beskou die bestuursraad se betrokkenheid by besluitneming as baie belangrik en die meeste (97,6%) het aangetoon dat hul lede in 'n baie groot mate aan die besluitnemingsproses by hul onderskeie skole deelneem.

Die hoë persentasie (97,6%) bestuursraadsvoorsitters wat aangetoon het dat hulle grootliks by die besluitnemingsproses betrokke is, is moontlik toe te skryf aan die feit dat bestuursrade statutêr besluite moet neem soos die aanbeveling van personeel vir aanstelling in permanente

poste; opstel van 'n gedragskode vir leerlinge; bepaling van skooldrag; toestemming vir die gebruik van die geriewe van die skool deur buitestaanders, ensovoorts (vergelyk 2.6.2.5).

### 3.4.1.1.2 Sintese

Uit die response op Vrae 10 tot 13 in die vraelys gestel, blyk dit dat bestuursrade die belangrikheid van hul betrokkenheid by die beplanningstaak van die skool grootliks besef en dat hulle wel in 'n groot mate by die uitvoering daarvan betrek word.

### 3.4.1.2 Die organiseringstaak van die bestuursraad

Die doel van hierdie vrae (vergelyk Bylae D, Vrae 14 en 15) was om vas te stel hoe belangrik bestuursraadsvoorsitters organiseringfunksies soos struktuurskepping en die koördinerings van die werksaamhede van die onderskeie komitees in die struktuurraamwerk beskou. Verder was die doel van genoemde vrae om vas te stel in watter mate uitvoering van die organiseringstaak deur bestuursrade geskied (vergelyk Tabel 3.5).

TABEL 3.5 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE ORGANISERINGSTAAK

Organisering	Belangrikheid *								Uitvoering **							
	1		2		3		4		1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
14. Stelting van 'n raamwerk van komitees	1	2,4	2	4,8	9	21,4	30	71,4	0	0,0	3	7,2	10	23,8	29	69,0
15. Koördinerings van werk van komitees	2	4,8	7	16,7	11	26,2	22	52,3	2	4,8	8	19,0	12	28,6	20	47,6

\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

\*\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

### 3.4.1.2.1 Analise van response ten opsigte van die organiseringstaak van die bestuursraad

#### \* Vraag 14: Skepping van 'n raamwerk van komitees

Die oorgrote meerderheid (92,8%) van die respondente beskou dit as belangrik dat bestuursrade betrokke moet wees by die skepping van 'n struktuur van komitees wat hul bestuurstaak kan vergemaklik. 'n Baie groot persentasie (92,8%) van die respondente het aangetoon dat daar by hul skole reeds sulke komitees bestaan.

Die bestuurstaak van enige organisasie vereis effektiewe delegering van take (vergelyk 2.6.2.6.3) en daarvoor is 'n raamwerk van persone of groepe persone nodig. Bestuursrade besef wel deeglik die waarde van delegering, soos blyk uit die response op Vraag 14 hierbo. Die hoë persentasies (92,8%) ten opsigte van beide die belangrikheid en uitvoering van die skepping van 'n raamwerk van bestuursraads komitees spreek duidelik van hierdie besef.

#### \* Vraag 15: Koördinerings van die werksaamhede van komitees

Die meerderheid (78,5%) van respondente is van mening dat dit van groot belang is dat die bestuursraad die werksaamhede van die bestuursraads komitees moet koördineer, terwyl 21,5 persent voel dat koördinerings deur die bestuursraad minder belangrik is. 76,2 persent van die respondente het aangetoon dat die werksaamhede van die onderskeie komitees by hul skole wel deur die bestuursraad gekoördineer word.'

Wanneer take gedelegeer word, is dit nodig dat die persone wat die take moet uitvoer weet waar en hoe hulle in die raamwerk inpas. Bestuursraadsvoorsitters besef dus in 'n baie groot mate die waarde van koördinerings van gedelegeerde take, soos blyk uit die hoë persentasies

(78,6% en 76,2% respektiewelik) ten opsigte van die belangrikheidsbeskoning en uitvoering van die koördinering van die werksaamhede van die betrokke komitees.

#### 3.4.1.2.2 Sintese

Uit die response op Vrae 14 en 15 van die vraelys is dit duidelik dat bestuursraadsvoorsitters wel deeglik bewus is van die belangrikheid van die daarstelling van komitees en die koördinering van hul werksaamhede as deel van hul organiseringstaak by die skool. Dit is ook verder uit die response duidelik dat in die meerderheid gevalle (76,2%) die bestuursrade by hul betrokke skole hul organiseringstaak grootliks uitvoer.

#### 3.4.1.3 Leidinggewing as bestuurstaak van die bestuursraad

Die doel van die vrae oor leidinggewing (vergelyk Bylae D, Vrae 16 en 17) was om vas te stel hoe belangrik bestuursraadsvoorsitters leidinggewing aan die skoolhoof en personeel beskou, en die mate waarin leiding by hul betrokke skole gegee word (vergelyk Tabel 3.6).

TABEL 3.6 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE LEIDINGGEWINGSTAAK

	Belangrikheid*								Uitvoering**									
	1		2		3		4		1		2		3		4			
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%		
Leidinggewing																		
16. Leiding by aanstelling van mense	0	0,0	4	9,5	13	31,0	25	59,5	2	4,8	4	9,5	11	26,2	25	59,5		
17. Inligting aan mense	2	4,8	2	4,8	17	40,4	21	50,0	4	9,5	2	4,8	21	50,0	15	35,7		

\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

\*\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

#### 3.4.1.3.1 Analise van response ten opsigte van die leidinggewingstaak van die bestuursraad

\* Vraag 16: Leiding aan die skoolhoof by die aanbeveling van onderwysers

Die meeste (90,5%) van die respondente beskou leidinggewing by die aanstelling van onderwysers as 'n baie belangrike taak van die bestuursraad. Slegs 9,5 persent beskou leidinggewing in 'n mindere mate belangrik. Die meeste (85,7%) van die respondente het aangetoon dat die bestuursraad 'n hoogs belangrike rol speel met betrekking tot advies en leiding aan die skoolhoof by die aanbeveling van onderwysers vir permanente poste. Slegs 14,3 persent van die respondente voel dat die bestuursraad nie 'n belangrike rol te speel het in dié verband nie.

Die hoë persentasies (90,5% en 86,7% respektiewelik) ten opsigte van die belangrikheidsbeskouing en uitvoering van hul leidinggewende taak met betrekking tot die aanstelling van onderwysers is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat dit een van die basiese pligte van die bestuursraad is om die hoof by te staan by die aanbeveling van onderwysers vir permanente poste (vergelyk 2.6.2.5).

\* Vraag 17: Die oordra van belangrike inligting aan die ouers

Die meeste (90,4%) van die respondente het aangetoon dat dit baie belangrik is dat relevante inligting oor die skool aan die ouers oorge- dra moet word. Slegs 9,6 persent het aangetoon dat dit glad nie of in 'n mindere mate belangrik is. Die meeste (85,7%) van die respondente het aangetoon dat hul bestuursrade ten volle uitvoering gee aan die verskaffing van inligting aan die ouergemeenskap.

Die hoë persentasies (90,5% en 85,7% respektiewelik) ten opsigte van

die belangrikheidsbeskouing en uitvoering van hul taak met betrekking tot die oordrag van belangrike inligting aan die ouers is moontlik toe te skryf aan die besef van die belangrikheid by bestuursraadsvoorsitters dat ouers ingelig moet wees oor die skool waar hul kinders skoolgaan.

#### 3.4.1.3.2 Sintese

Uit die response op vrae 16 en 17 van die vraelys is dit duidelik dat bestuursraadsvoorsitters die belangrikheid van leidinggewing aan die hoof en personeel wel besef en dat daar by die meeste van hulle betrokke skole in 'n baie groot mate leiding aan sowel die skoolhoof as die personeel gegee word.

#### 3.4.1.4 Beheeruitoefening as bestuurstaak van die bestuursraad

Die doel van die vrae oor beheeruitoefening (vergeelyk Bylae D, Vraag 18, 19 en 20) was om vas te stel hoe belangrik bestuursraadsvoorsitters beheeruitoefening as bestuurstaak beskou, en in watter mate bestuursrade daarin slaag om beheer uit te oefen oor dié sake waaroor hulle jurisdiksie het (vergeelyk Tabel 3.7).

TABEL 3.7 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN BEHEER DEUR DIE BESTUURS-  
RAAD

	Belangrikheid *								Uitvoering **							
	1		2		3		4		1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
18. Opstel van beheervoorskrifte	2	4,8	14	33,3	7	16,7	19	45,2	8	19,0	12	28,6	10	23,8	12	28,6
19. Evalueer van die hantering van skool/koshuisfonds	0	0,0	2	4,8	9	21,4	31	73,8	1	2,4	2	4,7	12	28,6	27	64,3
20. Rapportering van verslag van personeel	4	9,5	5	11,9	13	31,0	20	47,6	7	16,7	11	26,2	10	23,8	14	33,3

* 1 - glad nie	** 1 - glad nie
2 - in 'n mindere mate	2 - in 'n mindere mate
3 - in 'n groot mate	3 - in 'n groot mate
4 - volkome	4 - volkome

#### 3.4.1.4.1 Analise van response ten opsigte van beheeruitoefening

##### \* Vraag 18 : Opstelling van beheervoorskrifte

Die meeste (61,9%) van die respondente beskou die opstelling van beheervoorskrifte as van groot belang, terwyl 38,1 persent van die respondente dit as onbelangrik beskou. By 52,4 persent van die respondente se skole is bestuursrade ten volle betrek by die opstelling van beheervoorskrifte. 'n Groot persentasie (47,6%) het egter aangetoon dat hul bestuursrade onbetrokke is by die opstel van beheervoorskrifte.

Die feit dat slegs 41,9 persent van die bestuursraadsvoorsitters die opstelling van beheervoorskrifte as uiters belangrik beskou, spruit waarskynlik daaruit voort dat die staat die breë beleid vir die uitoeffening van beheer daarstel (vergelyk 2.6.2.5). Dit is waarskynlik ook die rede waarom bestuursrade ook nie ten volle betrokke is by die opstelling van beheervoorskrifte nie.

##### \* Vraag 19: Evaluering van die hantering van skool- en koshuisfondse

Die meerderheid (95,2%) van die respondente beskou die evaluering van die hantering van skool- en koshuisfondse deur die bestuursraad as essensieel. Slegs 4,8 persent van die respondente het aangetoon dat sodanige evaluering nie belangrik is nie. Die meeste (92,9%) van die respondente het aangetoon dat evaluering van die hantering van genoemde fondse deur die bestuursraad by hul onderskeie skole ten volle uitgevoer word. Slegs 7,2 persent het aangetoon dat evaluering van die betrokke fondse deur die bestuursraad by hul skole nie geskied nie.

Bestuursrade evalueer gereeld die hantering van skoolfonds en koshuisgelde aan die hand van kwartaalverslae van die hoof en senior huisvader asook aan die hand van die jaarlikse ouditverslae van die betrokke fondse en daarom is die persentasies ten opsigte van die belangrikheid (95,2%) en die uitvoering (92,9%) so hoog.

\* Vraag 20: Rapportering van wangedrag van personeel

Die meerderheid (78,6%) respondente het aangetoon dat hulle die rapportering van wangedrag deur personeel as van groot belang beskou, terwyl 21,4 persent van die respondente aangetoon het dat hulle dit as onbelangrik beskou. Slegs 57,1 persent van die respondente het aangetoon dat gevalle van wangedrag by hul aandag geniet, terwyl 42,9 persent van die respondente aangetoon het dat daar by hulle skole min of geen aandag deur die bestuursraad gegee is aan gevalle van wangedrag van personeel.

Wangedrag kom nie so dikwels voor by onderwysers nie en daarom is die persentasie repondente wat aangetoon het dat hul rade ten volle betrokke is by die rapportering van wangedrag van onderwysers waarskynlik so betreklik klein (57,1%). Bestuursraadsvoorsitters beskou wangedrag egter in 'n baie ernstige lig (78,6 persent van die respondente het aangetoon dat hulle die hantering van wangedrag van onderwysers, as 'n uiters belangrike taak van die bestuursraad beskou).

#### 3.4.1.4.2 Sintese

Uit die response ten opsigte van die vrae oor beheeruitoefening in die vraelys, blyk dit dat bestuursrade oor die algemeen bewus is van die belangrikheid van hul taak in dié verband en dat daar oor die algemeen goeie kontrole deur die bestuursraad uitgeoefen word oor die sake waarvoor hulle verantwoordelik is.

### 3.4.2 Bestuursareas

#### 3.4.2.1 Personeelbestuur

Die doel van die vrae oor personeelbestuur (vergelyk Bylae D, Vrae 21 en 22) was om vas te stel in watter mate bestuursraadsvoorsitters die belangrikheid van die betrokkenheid van bestuursrade by personeelbestuur beskou en in watter mate bestuursrade betrokke is by personeelbestuur (vergelyk Tabel 3.8)

TABEL 3.8 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN PERSONEELBESTUURSAANGELEENTHEDE DEUR DIE BESTUURSRAAD

Personeelbestuur	BELANGRIKHEID						Uitvoering **									
	1		2		3		4		1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
21. Inskakeling van beginnerpersoneellede	13	30,9	11	26,2	11	26,2	7	16,7	19	45,2	11	26,2	6	14,3	6	14,3
22. Stepping/afskaffing/opskorting van poste	14	33,3	11	26,2	5	11,9	12	28,6	21	50,0	8	19,0	3	7,1	10	23,8

- \* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

- \*\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

#### 3.4.2.1.1 Analise van response ten opsigte van personeelbestuur

\* Vraag 21: Organiseringsaksies vir beginnerpersoneel

Slegs 42,9 persent van die respondente het aangetoon dat die betrokkenheid van die bestuursraad by inskakelingsaksies vir beginneronderwysers belangrik is, terwyl 57,1 persent dit as onbelangrik beskou en slegs 28,6 persent van die bestuursrade is wel by sulke inskakelingsaksies betrokke. 'n Groot persentasie (71,4%) het aangetoon dat bestuursrade nie juis 'n aandeel het aan inskakelingsprogramme vir beginneronderwysers nie.

Die inskakeling van nuwe personeel word in die praktyk hoofsaaklik deur die bestuurspan (hoof, adjunkhoof en departementshoofde) gedoen. Die relatief lae persentasies (42,9% en 28,6% respektiewelik) ten opsigte van die belangrikheidsbeskouing en die uitvoering van inskakelingsaksies vir beginnerpersoneel, deur die bestuursraad, kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die bestuurspan van die skool dit doen.

\* Vraag 22: Die skepping/afskaffing/opskorting van poste

Die meeste (59,5%) van die respondente beskou die bestuursraad se betrokkenheid by die skepping/afskaffing/opskorting van poste as glad nie belangrik nie, of as van minder belang. Slegs 40,5 persent beskou dit as belangrik. 'n Groot persentasie (69,0%) het aangetoon dat hulle bestuursrade onbetrokke is daarby, terwyl 31,0 persent wel daarby betrokke is.

Die skepping/afskaffing/opskorting van poste word deur die onderwysdepartemente behartig en daarom is dit te wagte dat die bestuursrade nie noemenswaardig daarby betrokke sal wees nie. Bestuursrade kan wel aanbevelings in dié verband doen. Die rede vir die 31,0 persent bestuursrade wat wel betrokke is by die skepping/afskaffing/opskorting van poste kan moontlik op dié wyse betrokke wees.

#### 3.4.2.1.2 Sintese

Wat personeelbestuur betref, wil dit uit die response op vrae 21 en 22 in die vraelys voorkom asof die bestuursrade personeelbestuur as onbelangrik beskou. Die moontlike rede hiervoor is dat bestuursrade dalk voel dat deur betrokke te wees by personeelbestuur, hulle dalk op die professionele vlak van die onderwysers kan oortree. 'n Ander moontlikheid is dat skoolhoofde bestuursraadslede nie genoeg betrek by personeelaangeleenthede nie, omdat die meeste van dié aangeleenthede, soos byvoorbeeld inskakelingsaksies vir

nuwe personeel, deur die hoof self gereël word. Bestuursrade kan hier egter 'n baie belangrike rol speel deur byvoorbeeld die inskakeling van nuwe personeellede in die gemeenskap te behartig.

#### 3.4.2.2 Bestuur van leerlingaangeleenthede

Die doel van die vrae oor leerlingbestuur (vergeelyk Bylae D, Vrae 23, 24 en 25) was om vas te stel hoe belangrik bestuursraadsvoorsitters die berokkenheid van bestuursrade by die bestuur van leerlingaangeleenthede beskou en hoe bestuursrade betrokke is by leerlingbestuur (vergeelyk Tabel 3.9).

TABEL 3.9 DIE BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN LEERLINGBESTUURSAANGELEENTHEDE

	Belangrikheid *								Uitvoering **							
	1		2		3		4		1		2		3		4	
Leerlingbestuur	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
23.Opleidingsprogramme vir leerlingeiers	19	45,2	10	23,8	9	21,5	4	9,5	29	69,0	9	21,4	2	4,8	2	4,8
24.Verykingskurse vir hoërgraafde leerlinge	21	50,0	13	31,0	4	9,5	4	9,5	33	78,6	7	16,7	1	2,3	1	2,4
25.Oor-oorleestuningsgroepe vir sport	9	21,4	3	7,1	18	42,9	12	28,6	10	23,8	10	23,8	14	33,3	8	19,1

\* 1 - glad nie  
2 - in 'n mindere mate  
3 - in 'n groot mate  
4 - volkome

\*\* 1 - glad nie  
2 - in 'n mindere mate  
3 - in 'n groot mate  
4 - volkome

#### 3.4.2.2.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor leerlingbestuur

\* Vraag 23: Opleidingsprogramme vir leerlingeiers

Slegs 31,0 persent van die respondente beskou die betrokkenheid van

die bestuursraad by die aanbieding van opleidingsprogramme vir leerlingleiers as belangrik, terwyl 79,0 persent dit as onbelangrik beskou. Slegs 9,6 persent van die bestuursrade is by opleidingsprogramme vir leerlingleiers betrokke, terwyl 90,4 persent glad nie daarby betrokke nie.

Die klein persentasie (9,6%) bestuursrade wat betrokke is by opleidingsprogramme vir leerlingleiers kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat sulke programme steeds deur opgeleide onderwyspersoneel behartig word. Die feit dat daar wel 'n aantal (30,9%) van die respondente is wat meen dat die betrokkenheid van die bestuursraad by sulke opleidingsprogramme belangrik is, dui daarop dat sodanige betrokkenheid oorweeg moet word.

#### Vraag 24: Aanbieding van verrykingskursusse vir hoogbegaafde leerlinge

Met betrekking tot die belangrikheid van die aanbieding van verrykingskursusse vir hoogbegaafde leerlinge deur die bestuursraad, het 19,0 persent van die respondente aangedui dat dit belangrik is en 81,0 persent het aangedui dat dit nie belangrik is nie. 'n Baie klein persentasie (4,7%) het aangedui dat die bestuursrade by hul onderskeie skole betrokke is by sulke verrykingskursusse, terwyl 95,3 persent nie daarby betrokke is nie.

Die lae persentasie (19,0%) van die bestuursraadsvoorsitters wat aangedui het dat die betrokkenheid van bestuursrade by die aanbieding van verrykingskursusse vir hoogbegaafde leerlinge baie belangrik is, is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat daar op departementele vlak sentra bestaan waar sulke leerlinge geakkomodeer kan word. Dié feit verklaar ook waarom daar by soveel skole (78,6%) geen betrokkenheid van bestuursrade by die verrykingskursusse is nie.

\* Vraag 25: Ouer-ondersteuningsgroepe vir sportaktiwiteite by die skool

Die meeste (71,5%) van die respondente het aangedui dat hulle die bestaan van ouer-ondersteuningsgroepe vir sport by skole as belangrik beskou, terwyl 28,5 persent dit nie as belangrik beskou nie. Wat die bestaan van sulke ondersteuningsgroepe betref, het 47,6 persent van die respondente aangedui dat daar by hul skole nie sulke groepe bestaan nie, terwyl 52,3 persent aangedui het dat daar by hul skole wel ondersteuningsgroepe vir sport funksioneer.

Die hoë persentasie (71,5%) van die respondente wat aangedui het dat ouer-ondersteuningsgroepe vir sport en kultuuraktiwiteite baie belangrik is, is waarskynlik daaraan toe te skryf dat ouers oor die algemeen baie goeie ondersteuners is van sport en kultuuraktiwiteite waaraan hulle kinders deelneem. Daar is egter nog 'n groot persentasie (47,6%) skole waar bestuursrade nie by sulke ondersteuningsgroepe betrokke is nie. Die waarskynlike rede hiervoor is dat ouers gewoonlik individueel by hul kinders se sport en kultuuraktiwiteite betrokke is.

#### 3.4.2.2.2 Sintese

Uit die response op Vrae 23, 24 en 25 van die vraelys, is dit duidelik dat wat leerlingbestuur betref, bestuursrade redelik (52,3%) betrokke is by ondersteuningsgroepe vir sport, waarskynlik omdat lede gewoonlik ouers is en ouers gewoonlik goed by hul kinders se sportaktiwiteite betrokke is. Bestuursrade is veral by opleidingsprogramme vir leerlingeilers en verrykingskursusse vir hoogbegaafde leerlinge onbetrokke, waarskynlik omdat die onderwysers en die skool gewoonlik vir die reëlings van sodanige kursusse verantwoordelikheid is.

#### 3.4.2.3 Finansiële bestuur

Die doel van die vrae oor finansiële bestuur (vergelyk Bylae D, Vrae 26

tot 29) was om vas te stel hoe belangrik bestuursraadsvoorsitters die betrokkenheid van die bestuursraad by die hantering van skool- en koshuisfinansies beskou en in watter mate bestuursrade uitvoering verleen aan hul taak in dié verband (vergelyk Tabel 3.10).

TABEL 3.10 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN FINANSIËLE BESTUUR DEUR DIE BESTUURSRAAD

Finansiële bestuur	Belangrikheid *								Uitvoering **							
	1		2		3		4		1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
26. Goedkeuring van begrotings van skool/koshuisfondse	1	2,4	1	2,4	3	7,1	37	88,1	1	2,4	1	2,4	5	11,9	35	83,3
27. Insameling van skool/koshuisfondse	4	9,5	11	26,2	15	35,7	12	28,6	8	19,0	10	23,8	15	35,7	9	21,5
28. Tiesig oor besteding van skool/koshuisfondse	0	0,0	2	4,8	8	19,0	32	76,2	0	0,0	4	9,5	15	35,7	23	54,8
29. Insameling van fondse vir onder-rygmiddels wat nie deur die staat voorsien word nie	3	7,1	7	16,7	10	23,8	22	52,4	4	9,5	11	26,2	9	21,4	18	42,9

\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

\*\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

#### 3.4.2.3.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor finansiële bestuur

Vraag 26: Goedkeuring van die begrotings van die skool- en koshuisfondse

Die oorgrote meerderheid (95,2%) van die respondente beskou die betrokkenheid van die bestuursraad by die goedkeuring van die begrotings van skool- en koshuisfondse as belangrik, terwyl slegs 4,8 persent dit

as onbelangrik beskou. Ten opsigte van die uitvoering van hierdie goedkeuringstaak het 95,2 persent van die respondente aangetoon dat die bestuursrade by hulle skole grootliks betrokke is by die goedkeuring van die skool- en koshuisbegrotings, terwyl 4,8 persent nie daarby betrokke is nie.

Die hoë persentasie (95,2%) van die respondente wat aangedui het dat die betrokkenheid van die bestuursraad by goedkeuring van die skool- en koshuisfondsbegrotings baie belangrik is, spruit waarskynlik daaruit dat dit een van die take is wat deur die onderwysdepartement aan die bestuursraad by wyse van regulasie opgedra het (vergelyk 2.6.2.5). Dit verklaar ook die hoë persentasie (95,2%) van die bestuursrade wat grootliks betrokke is by die goedkeuring van die begrotings.

\* Vraag 27: Insameling van skool- en koshuisfondse

Die meeste (64,3%) van die respondente beskou dit as belangrik dat bestuursrade verantwoordelik is vir die insameling van skool- en koshuisfondse, terwyl 35,7 persent dit as onbelangrik beskou. By 57,2 persent van die respondente se skole is bestuursrade by dié betrokke fondsinzameling betrokke, terwyl daar by 42,8 persent 'n gebrek aan betrokkenheid is.

Aangesien bestuursrade hoofsaaklik vir skoolfondse en koshuisgelde verantwoordelik is, beskou 'n redelike hoë persentasie (64,3%) van die bestuursraadsvoorsitters die betrokkenheid van bestuursrade by die insameling daarvan as belangrik en dit verklaar waarskynlik ook waarom daar 'n relatief groot persentasie (57,2%) daarby betrokke is. Daar is egter nog 'n redelike groot persentasie (42,8%) van die bestuursrade wat nog nie betrokke is nie. Die rede hiervoor is waarskynlik dat sko-

le self in die verlede die taak op hulle geneem het om skoolfonds en koshuisgelde in te vorder.

- \* Vraag 28: Toesig oor die besteding van skool- en koshuisfondse
- Die meeste (95,2%) van die respondente het aangedui dat die bestuursraad ten volle daarvoor verantwoordelik is om toesig te hou oor die besteding van skool- en koshuisfondse, terwyl 90,5 persent van die respondente aangedui het dat die bestuursrade van hulle betrokke skole wel toesig hou.

Toesig oor die besteding van skoolfonds en koshuisgelde word deur die onderwysdepartement by wyse van regulasie aan die bestuursraad opgedra (vergelyk 2.6.2.5), en daarom beskou die meeste (95,2%) van die respondente dit as belangrik dat bestuursrade toesig moet hou oor die besteding van genoemde gelde. 'n Verdere moontlike rede vir die groot mate van aanvaarding van hul verantwoordelikheid in dié verband, is dat bestuursraadsvoorsitters besef dat die betrokke gelde eintlik aan die ouers behoort.

- \* Vraag 29: Insameling van fondse vir onderrigmiddels wat nie deur die staat voorsien word nie

Die meerderheid (76,2%) van die respondente beskou die insameling van fondse vir die aankoop van onderrigmiddels wat nie deur die staat voorsien word nie, as baie belangrik, terwyl 23,8 persent dit nie as belangrik beskou nie. By 64,3 persent van die respondente se skole word insamelings van die betrokke fondse reeds deur die bestuursrade onderneem, terwyl daar by 35,7 persent van die respondente se skole nie sulke fondsinsamelings deur bestuursrade onderneem word nie.

Die hoë persentasie (76,2%) van die respondente wat aangedui het dat hulle die verkryging van fondse vir die aankoop van onderrighulpmid-

dels wat nie deur die staat voorsien word nie, as uiters belangrik beskou, spruit waarskynlik uit die besef by bestuursraadsvoorsitters dat onderwys 'n baie duur diens is, dat die ouers in die toekoms vir 'n groter persentasie van die uitgawes verantwoordelik gaan wees en dat die ouers dus vir die verkryging van die betrokke fondse verantwoordelik is. Dit verklaar moontlik ook waarom 'n relatief groot persentasie (64,3%) van die respondente aangedui het dat hul bestuursrade reeds besig is met die insameling van fondse vir dié doel.

#### 3.4.2.3.2 Sintese

Uit voorgaande analise is dit duidelik dat bestuursrade wel deeglik by die finansiële bestuursaktiwiteite van hul skole betrokke is en dat hulle die belangrikheid van hul betrokkenheid by die bestuur van skoolfinansies besef en onderskryf.

#### 3.4.2.4 Die bestuur van skool-gemeenskapsverhoudings

Die doel van hierdie Vrae (vergelyk Bylae D, vrae 30 tot 35) was om te bepaal in watter mate bestuursraadsvoorsitters die belangrikheid van hul plig as knoopstruktuur tussen die skool en die gemeenskap beskou, asook die mate waarin uitvoering aan hierdie taak deur bestuursrade verleen word (vergelyk Tabel 3.11).

TABEL 3.11 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE BESTUUR VAN SKOOL-  
GEMEENSAPSVERHOUDINGS DEUR DIE BESTUURSRAAD

Bestuur van skool- gemeenskapsverhou- dings	Belangrikheid *								Uitvoering **							
	1		2		3		4		1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
30. Beplanning van beleid t.o.v. ou- er-gemeenskapsbe- trokkenheid by die skool	0	0,0	3	7,2	20	47,6	19	45,2	1	2,4	6	14,3	20	47,6	15	35,7
31. Kommunikasie tussen die skool en die ouers	1	2,4	4	9,5	13	31,0	24	57,1	2	4,8	8	19,0	18	42,9	14	33,3
32. Hantering van klagtes van ouers	0	0,0	6	14,3	16	38,1	20	47,6	2	4,8	10	23,8	18	42,8	12	28,6
33. Samewerking met nie-staatêre ouerverenigings	1	2,4	2	4,8	13	31,0	26	61,8	1	2,4	9	21,4	16	38,1	16	38,1
34. Verteenwoordi- ging van die skool in gemeenskapsor- ganisasies	11	26,2	10	23,8	10	23,8	11	26,2	16	38,1	11	26,2	7	16,7	8	19,0
35. Stigting van skool-gemeenskaps- verootskappe	10	23,8	8	19,0	20	47,6	4	9,6	19	45,2	14	33,3	8	19,1	1	2,4

\* 1 - glad nie  
2 - in 'n mindere mate  
3 - in 'n groot mate  
4 - volkome

\*\* 1 - glad nie  
2 - in 'n mindere mate  
3 - in 'n groot mate  
4 - volkome

3.4.2.4.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor die bestuur van skool-gemeenskapsverhoudings

- \* Vraag 30: Bepaling van beleid ten opsigte van ouer-gemeenskapsbetrokkenheid by die skool

Die meeste (92,8%) van die respondente beskou die betrokkenheid van die bestuursraad by die bepaling van beleid vir ouer-gemeenskapsbetrokkenheid by die skool as belangrik, terwyl 7,1 persent dit as onbelangrik beskou. 'n Groot persentasie (83,3%) van die respondente se bestuursrade is grootliks betrokke by die formulering van bogenoemde beleid, terwyl slegs 16,7 persent nie daarby betrokke is nie.

Die groot aantal (92,8%) respondente wat van mening is dat die betrokkenheid van die bestuursraad by die bepaling van beleid met betrekking tot ouer-gemeenskapsbetrokkenheid by die skool belangrik is, kan waarskynlik toegeskryf word daaraan dat die bestuursraad die amptelike verteenwoordiger van die ouers en die gemeenskap by die skool is en dat daar dus bepaalde beleid moet wees waarvolgens die ouers en die gemeenskap by die skool betrokke kan raak. Die hoë persentasie (83,3%) van die respondente wat aangedui het dat hul bestuursrade in 'n groot mate betrokke is by die formulering van hierdie beleid, kan waarskynlik ook die gevolg wees van die feit dat die bestuursraad die amptelike verteenwoordiger van die ouers en die gemeenskap by die skool is.

\* Vraag 31: Kommunikasie tussen die skool en ouer-gemeenskap

Die oorgrote meerderheid (88.1%) van die respondente beskou die bestuursraad se taak om kommunikasie tussen die skool en die ouers te bewerkstellig as belangrik, terwyl 11,9 persent dit in nie as belangrik beskou nie. 'n Groot persentasie (76,2%) van die respondente het aangetoon dat die bestuursrade by hulle betrokke skole kommunikasie tussen die skool en ouer-gemeenskap help bewerkstellig.

As amptelike mondstuk van die ouers by die skool (vergelyk 2.6.2.5) is die persentasie van 88,1 persent van die respondente wat aangetoon het dat hulle die bewerkstelling van kommunikasie tussen die skool en die ouers as baie belangrik beskou, in ooreenstemming met die verwagtings wat aan 'n amptelike mondstuk gestel word. Die moontlike rede hiervoor is geleë in die feit dat bestuursraadvoorsitters, en dikwels ook van die ander lede, noue kontak met die skoolhoof en die ouergemeenskap het.

\* Vraag 32: Hantering van klagtes van ouers wat die welsyn van die skool raak

Die hantering deur die bestuursraad van die klagtes van ouers, wat die welsyn van die skool raak, word deur 85,7 persent van die respondente as belangrik beskou, terwyl slegs 14,3 persent dit as onbelangrik beskou. 'n Groot aantal (71,4%) van die respondente het aangetoon dat ouers se klagtes wel deur hul bestuursrade hanteer word, terwyl 28,6 persent aangedui het dat hul bestuursrade nie sodanige klagtes hanteer nie.

Die hoë persentasie (85,7%) van die respondente wat aangedui het dat hulle die hantering van klagtes van ouers wat die welsyn van die skool raak as baie belangrik beskou, kan waarskynlik toegeskryf word daaraan dat die bestuursraad die amptelike verteenwoordigers van die ouers by

die skool is. Daar is egter 'n aansienlike persentasie (28,6%) van die die bestuursrade wat nie klagtes van ouers hanteer nie. Die moontlike rede daarvoor is dat daar óf min klagtes van ouerkant af is óf die skoolhoofde hanteer die klagtes by die betrokke skole self.

\* Vraag 33: Samewerking met nie-statutêre ouerverenigings

Wedersydse samewerking tussen bestuursrade en die betrokke nie-statutêre ouerverenigings word deur 92,8 persent van die respondente as belangrik beskou. Slegs 7,2 persent beskou dit as onbelangrik. By 76,2 persent van die respondente se skole is die samewerking met die nie-statutêre ouerverenigings goed, terwyl 23,8 persent aangedui het dat daar by hulle skole 'n gebrek aan samewerking ondervind word.

Die hoë persentasie (92,9%) van die respondente wat aangetoon het dat hulle die samewerking tussen die bestuursrade en die betrokke ouerverenigings as baie belangrik beskou, is moontlik toe te skryf aan die feit dat beide liggame beseft dat indien hulle saamwerk, hulle die saak van die onderwys van hul kinders beter kan dien. Dit is ook moontlik waarom daar 'n relatief hoë persentasie (76,2%) skole is waar bestuursrade in 'n groot mate met nie-statutêre ouerverenigings saamwerk.

\* Vraag 34: Verteenwoordiging van die skool in gemeenskapsorganisasies deur die bestuursraad

Die helfte (50,0%) van die respondente beskou die verteenwoordiging van die skool by gemeenskapsorganisasies as baie belangrik, terwyl 50,0 persent dit as onbelangrik beskou. Slegs 35,7 persent van die bestuursrade verteenwoordig hul skole in gemeenskapsorganisasies, terwyl 64,3 persent nie die skool in sodanige organisasies verteenwoordig nie.

Dié 50 persent van die respondente wat aangedui het dat hulle die verteenwoordiging van die skool in gemeenskapsorganisasies as baie belangrik beskou, verteenwoordig waarskynlik rade van skole waar hoofde baie van die bestuursinisiatief aan hul bestuursrade oorlaat. By die 50,0 persent wat aangedui het dat sodanige verteenwoordiging nie belangrik is nie, is waarskynlik van mening dat verteenwoordiging van dié aard die verantwoordelikheid van die skoolhoof self is. Die klein persentasie (19,0%) wat wel hul skole in gemeenskapsorganisasies verteenwoordig, dui moontlik daarop dat skole oor die algemeen deur die skoolhoof of 'n gemagtigde verteenwoordiger (ander personeellid) verteenwoordig word.

- \* Vraag 35: Stigting van skool-gemeenskapsvennootskappe waarin kundiges leiding aan ouers en leerlinge gee ten opsigte van bepaalde eietydse vraagstukke

Die meeste (57,2%) van die respondente beskou die stigting van skool-gemeenskapsvennootskappe as grootliks van belang, terwyl 42,8 persent dit as onbelangrik bestempel. Slegs 21,5 persent van die respondente het aangetoon dat daar by hulle skole reeds sulke vennootskappe bestaan, terwyl daar by 78,5 persent glad nie sodanige vennootskappe gevorm is nie.

Skool-gemeenskapsvennootskappe waarin leiding aan ouers en leerlinge ten opsigte van eietydse vraagstukke gegee word, is 'n betreklik nuwe konsep en dus betreklik onbekend in die RSA. Die belangrikheid van projekte van dié aard en die totstandkoming van vennootskappe in dié verband kon dus nog nie werklik tot sy reg kom nie. Dit is dan ook waarskynlik waarom daar relatief min (57,1%) van die respondente die vorming van die betrokke vennootskappe as belangrik beskou en waarom daar aansienlik minder (21,5%) respondente wel sulke vennootskappe by

hulle skole gevorm het. Dit wil dus voorkom of die belangstelling vir die vorming van skool-gemeenskapsvennootskappe wel bestaan, maar dat baie nog gedoen sal moet word om dit te verwesenlik.

#### 3.4.2.4.2 Sintese

Uit die response op Vrae 30 tot 35 blyk dit dat bestuursraadsvoorsitters, met die uitsondering van die verteenwoordiging van die skool by gemeenskapsorganisasies en die stigting van skool-gemeenskapsvennootskappe, wel die belangrikheid van hul taak ten opsigte van die bestuur van skool-gemeenskapsverhoudings onderskryf. Uitvoering van hierdie taak vind egter nie in dieselfde mate plaas nie.

#### 3.4.2.5 Kurrikulumbestuur

Die doel van die vrae ten opsigte van kurrikulumbestuur (vergelyk Bylae D, Vrae 36 en 37) was om vas te stel of die bestuursraad die belangrikheid van die evaluering van leerinhoude deur die bestuursraad insien en toepas ten einde toe te sien dat onderwysvernuwing kan plaasvind en om te verseker dat leerinhoude nie in stryd sal wees met die gees en rigting van die opvoeding in die ouerhuis nie (vergelyk Tabel 3.12).

TABEL 3.12 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN KURRIKULUMBESTUUR DEUR DIE BESTUURSRAAD

	Belangrikheid *								Uitvoering **							
	1		2		3		4		1		2		3		4	
Kurrikulumbestuur	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
36. Evaluering van leerinhoude	10	23,8	6	14,2	13	31,0	13	31,0	21	50,0	9	21,4	5	11,9	7	16,7
37. Evaluering van die skoolkurrikulum	1	38,1	10	23,8	10	23,8	6	14,3	24	57,1	12	28,6	4	9,5	2	4,8

- \* 1 - glad nie
- 2 - in 'n mindere mate
- 3 - in 'n groot mate
- 4 - volkome

- \*\* 1 - glad nie
- 2 - in 'n mindere mate
- 3 - in 'n groot mate
- 3 - volkome

#### 3.4.2.5.1 Analise van reponse ten opsigte van die vrae oor kurrikulum-bestuur

##### \* Vraag 36: Evaluering van leerinhoud deur die bestuursraad

Die evaluering van leerinhoud word deur 62,0 persent van die respondente as belangrik beskou, terwyl 38,0 persent dit as onbelangrik beskou. By slegs 28,6 persent van die respondente se skole is bestuursrade by die evaluering van leerinhoud betrokke, terwyl 71,4 persent nie betrokke is nie.

Die relatief hoë persentasie (62,0%) van die respondente wat aangedui het dat hulle die betrokkenheid van die bestuursraad by die evaluering van leerinhoud as belangrik beskou, kan moontlik toegeskryf word aan die erns wat daar by ouers bestaan dat die leerinhoud in ooreenstemming moet wees met die gees en rigting van die opvoeding tuis (vergeelyk 2.2.2 en 2.2.3). Die betreklik lae persentasie (28,6%) van die respondente wat aangetoon het dat hul bestuursrade wel betrokke is by die evaluering van leerinhoud, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die evaluering van leerinhoud gespesialiseerde kennis verg (in die praktyk word dit deur hoogsopgeleide departementele didaktici onderneem - vergelyk 2.6.2.7.6) en dat hulle daarom nie daarby betrokke kan wees nie.

##### \* Vraag 37: Evaluering van die skoolkurrikulum

Die evaluering van die skoolkurrikulum deur die bestuursraad word deur 38,1 persent van die respondente as belangrik beskou, terwyl 61,9 persent dit as onbelangrik beskou. By slegs 14,3 persent van die respon-

dente se skole word bestuursrade betrek by die evaluering van die skool se kurrikulum, terwyl 85,7 persent nie betrek word nie.

Die lae persentasies (38,1% en 14,4% respektiewelik) ten opsigte van belangrikheidsbeskouing en betrokkenheid van bestuursrade by die evaluering van die skoolkurrikulum kan moontlik daaraan toegeskryf word dat bestuursraadsvoorsitters voel dat indien hulle daarby betrokke sou raak, dit daarop neerkom dat hulle in die professionele sake van die onderwysers inmeng.

#### 3.4.2.5.2 Sintese

Uit die response op Vrae 36 en 37 van die vraelys blyk dit dat bestuursraadsvoorsitters kurrikulumbestuur nog nie reg na waarde skat nie. Hoewel 'n groot deel van die respondente die belangrikheid van kurrikulumbestuur wel insien, word die toepassing daarvan nog in die meeste gevalle agterweë gelaat.

#### 3.4.2.6 Bestuur van fisiese fasiliteite

Die doel van die vrae ten opsigte van die bestuur van fisiese fasiliteite (vergelyk Bylae D, Vrae 38 tot 41) was om vas te stel hoe belangrik bestuursraadsvoorsitters hul taak in dié verband beskou en in watter mate bestuursrade uitvoering verleen aan die bestuur van fisiese fasiliteite (vergelyk Tabel 3.13).

TABEL 3.13 BELANGRIKHEID EN UITVOERING VAN DIE BESTUUR VAN FISIESE FASILITEITE

Bestuur van fisiese fasiliteite	Belangrikheid *								Uitvoering **							
	1		2		3		4		1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
38. Behoeftebepaling van fisiese fasiliteite	0	0,0	4	9,5	14	33,3	24	57,2	1	2,4	7	16,6	16	38,1	18	42,9
39. Opstelling van 'n plan vir uitbreiding van fisiese fasiliteite	2	4,8	4	9,5	14	33,3	22	52,4	6	14,3	7	16,7	14	33,3	15	35,7
40. Ontwikkeling van strategiese vir die instandhouding van fisiese fasiliteite	2	4,8	4	9,5	17	40,5	19	45,2	4	9,5	12	28,6	14	33,3	12	28,6
41. Toestemming aan huijtestaanders vir gebruik van geboue en terrein van die skool	1	2,4	2	4,8	8	19,0	31	73,8	2	4,8	6	14,3	9	21,4	25	59,5

- \* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

- \*\* 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volkome

3.4.2.6.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor die bestuur van fisiese fasiliteite

\* Vraag 38: behoeftebepaling van fisiese fasiliteite

Die meerderheid (90,4%) van die respondente het aangetoon dat hulle die behoeftebepaling van fisiese fasiliteite by hul skole as belangrik beskou, terwyl slegs 9,5 persent dit as onbelangrik beskou. By die meeste (81,0%) van die respondente se skole is bestuursrade wel betrokke by die bepaling van die behoeftes vir fisiese fasiliteite, terwyl 19,0 per sent van die respondente se bestuursrade nie betrokke daarby is nie.

Die hoë persentasies (90,4% en 81,0% respektiewelik) ten opsigte van die belangrikheidsbeskouing en die betrokkenheid van bestuursrade by die bepaling van die behoeftes van die fisiese fasiliteite van hulle skole, is moontlik toe te skryf aan die feit dat dit 'n statutêre opdrag aan die bestuursraad is om sodanige behoeftebepalings te maak (vergelyk 2.6.2.7.7).

- \* Vraag 39: Opstelling van planne met betrekking tot die uitbreiding van fisiese fasiliteite by die skool

Die beplanning vir die uitbreiding van fisiese fasiliteite is vir 85,7 persent van die respondente 'n saak van belang, vir 14,3 persent is dit nie belangrik nie. By slegs 69,0 persent van die respondente se skole word bestuursrade betrek by die beplanning van die uitbreiding van fisiese fasiliteite, terwyl 31,0 persent nie betrek word nie.

Die beplanning van die uitbreiding van die fisiese geriewe van skole is ook 'n staande departementele opdrag (vergelyk 2.6.2.7.7) en daarom beskou die meeste bestuursraadsvoorsitters (85,7%) die aangeleentheid as baie belangrik en is 'n redelike groot persentasie (69,0%) bestuursrade daarby betrokke. Daar is egter 'n aansienlike aantal (16,7%) van die bestuursrade wie se voorsitters die aangeleentheid as baie belangrik beskou, wat nie daarby betrokke is nie. Die moontlike rede hiervoor is dat dié bestuursrade nie weet dat dit 'n staande opdrag is nie of die betrokke skoolhoofde doen dié beplanning sonder om hul bestuursrade in die saak te ken.

- \* Vraag 40: Ontwikkeling van instandhoudingstrategieë vir fisiese fasiliteite by die skool

Vir 85,7 persent van die respondente is die ontwikkeling van instandhoudingstrategieë belangrik. Vir 14,3 persent is dit onbelangrik. By

slegs 61,9 persent van die respondente se skole word bestuursrade wel betrek by die ontwikkeling van bogenoemde strategieë, terwyl 38,1 persent nie betrek word nie.

Die hoë persentasie (95,7%) van die respondente wat aangedui het dat hulle die betrokkenheid van bestuursrade by die ontwikkeling van instandhoudingstrategieë as baie belangrik beskou, spruit moontlik uit 'n besef dat vir effektiewe opvoedende onderrig die fisiese geriewe in 'n goeie toestand moet wees. Die feit dat slegs 61,9 persent van hierdie respondente se bestuursrade by genoemde ontwikkeling betrokke is, is moontlik daaraan toe te skryf dat instansies soos die skoolrade en die Werkedepartemente hoofsaaklik verantwoordelik is vir die instandhouding van skoolgeriewe.

- \* Vraag 41: Die verlening van toestemming aan buitestaanders vir die gebruik van die geboue en terrein van die skool buite skoolure

Toestemming vir die gebruik van die skoolgeboue en terrein aan buitestaanders deur die bestuursraad word deur 92,8 persent van die respondente as belangrik beskou. Vir slegs 7,2 persent is dit onbelangrik. Die oorgrote meerderheid (80,9%) van die respondente het aangetoon dat die bestuursrade by hulle onderskeie skole sodanige toestemming verleen, terwyl slegs 19,1 persent aangetoon het dat toestemming daarvoor nie deur die bestuursraad verleen word nie.

Statutêr is die bestuursraad verantwoordelik vir die toestemming vir die gebruik van die skoolgeboue, terrein en ander geriewe van 'n skool buite skoolure deur buite-instansies (vergelyk 2.6.2.7.7), en daarom is die persentasies van die belangrikheidsbeskouing en die uitvoering van besluite in dié verband hoog (92,8% en 81,2% respektiewelik).

#### 3.4.2.6.2 Sintese

Uit die analise van die response op Vrae 38 tot 41 op die vraelys is dit duidelik dat die bestuursraadvoorsitters van mening is dat die bestuur van fisiese fasiliteite 'n baie belangrike aspek van die bestuurstaak van die bestuursraad is. Wat die uitvoering van hierdie taak betref, wil dit voorkom asof bestuursrade grootliks, maar nog nie ten volle nie, betrokke is.

### 3.5. OPLEIDING VAN BESTUURSRAADSLEDE

#### 3.5.1 Kennis van bestuursraadslede van hul bestuurstaak

Die doel van die vrae in hierdie afdeling (vergelyk Bylae D, Vraag 42) was om vas te stel in watter mate bestuursraadsvoorsitters kennis dra ten opsigte van sekere aspekte van hul bestuurstaak (vergelyk Tabel 3.14).

TABEL 3.14 KENNIS VAN BESTUURSRADSVORSITTERS VAN HUL BESTUURSTAAK

	1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%
42.1 Kennis t.o.v. die kriteria vir die aanstelling van skoolhoofde.	2	4,8	2	4,8	15	35,7	23	54,8
42.2 Kennis van die departementele regulasies t.o.v. die aanstelling van onderwysers.	0	0,0	5	11,9	16	38,1	21	50,0
42.3 Kennis van die departementele regulasies t.o.v. die hantering van wangedrag van onderwysers.	3	7,1	12	28,6	12	28,6	15	35,7
42.4 Kennis t.o.v. skoolreëls vir leerlinge van u skool.	2	4,8	4	9,5	20	47,6	16	38,1
42.5 Kennis t.o.v. geslagstede van leerlinge van u skool.	2	4,8	5	11,9	20	47,6	15	35,7
42.6 Kennis van die departementele regulasies t.o.v. die hantering van skool- en koshuisfondse.	0	0,0	4	9,5	14	33,3	24	57,2
42.7 Kennis t.o.v. die wyse waarop u skool fondse insamel.	0	0,0	1	2,4	9	21,4	32	76,2
42.8 Kennis van die beleid van u skool t.o.v. die hantering van skool-gaerenskapsverhoudings.	3	7,1	7	16,7	8	19,0	24	57,2
42.9 Kennis van die beleid van u skool t.o.v. die verskaffing van essensiële inligting aan die outgaerskap.	0	0,0	3	7,1	15	35,7	24	57,2
42.10 Kennis t.o.v. die wyse waarop u skool met die ouers en die gaerskap kommunikeer.	0	0,0	1	2,4	18	42,8	23	54,8
42.11 Kennis t.o.v. watter vake by u skool gebaseer word.	0	0,0	1	2,4	14	33,3	27	64,3
42.12 Kennis t.o.v. watter sport- en kultuuraktiwiteite by u skool beoefen word.	0	0,0	0	0,0	6	14,3	36	85,7
42.13 Kennis t.o.v. die inhoud van u skool se raaiuse program.	0	0,0	2	4,8	18	42,8	22	52,4
42.14 Kennis van departementele regulasies t.o.v. die instandhouding van skoolgeboue en -terrein	0	0,0	4	9,6	19	45,2	19	45,2
42.15 Kennis van die departementele regulasies t.o.v. toestemming vir die gebruik van skoolgeriewe buite skoolure	0	0,0	3	7,1	12	28,6	27	64,3

skaal 1 - glad nie  
 2 - in 'n mindere mate  
 3 - in 'n groot mate  
 4 - volledig

3.5.1.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor die kennis van bestuursraadslede van hul bestuurstaak

\* Vraag 42.1: Kennis van kriteria vir aanstelling van skoolhoofde

Die oorgrote meerderheid (90,6%) van die respondente het volledige kennis ten opsigte van die kriteria vir die aanstelling van skoolhoofde, terwyl slegs 9.6 persent aangedui het dat hulle oor onvoldoende kennis van dié kriteria beskik.

Die feit dat so 'n hoë persentasie (90,5%) van die respondente aangedui het dat hulle grootliks op hoogte is van die kriteria vir die aanstelling van skoolhoofde, kan moontlik toegeskryf word daaraan dat bestuursraadsvoorsitters op hoogte is van die inhoud van die formele voorskrifte vir die aanstelling van skoolhoofde.

\* Vraag 42.2: Kennis van departementele regulasies t.o.v die aanstelling van onderwysers

Die meeste (88,1%) van die respondente het aangedui dat hulle ten volle op hoogte is met die regulasies ten opsigte van die aanstelling van onderwysers. Slegs 11,9 persent het onvoldoende kennis in dié verband.

Die hoë persentasie (88,1%) respondente wat aangedui het dat hulle in 'n groot mate op hoogte is van die regulasies vir die aanstelling van onderwysers kan moontlik toegeskryf word daaraan dat bestuursraadsvoorsitters baie ervaring (73,8% het meer as ses jaar - vergelyk Tabel 3.5) het as lede van 'n bestuursraad, en daarom dikwels betrokke moes-gewees het by die aanbeveling van onderwysers vir permanente aanstel-lings.

\* Vraag 42.3: Kennis van departementele regulasies ten opsigte van wangedrag van onderwysers

Die meeste (64,3%) van die respondente het aangedui dat hulle ten volle op hoogte is met die departementele regulasies ten opsigte van die

hantering van wangedrag van onderwysers, terwyl 35,7 persent aangedui het dat hulle onvoldoende kennis daaroor beskik.

Ofskoon die meeste (64,3%) van die respondente aangedui het dat hulle oor voldoende kennis ten opsigte van die regulasies vir die hantering van wangedrag van onderwysers beskik, het 'n relatief groot persentasie (35,7%) aangedui dat hulle oor geen of onvoldoende kennis in dié verband beskik. Die rede vir hierdie tendens is moontlik toe te skryf aan die feit dat wangedrag nie so dikwels by onderwysers voorkom nie (Oosthuizen, 1987:204).

\* Vraag 42.4 Kennis ten opsigte van skoolreëls vir leerlinge

Die meeste (85,7%) van die respondente het aangedui dat hulle ten volle op hoogte is met die skoolreëls vir leerlinge van hul onderskeie skole. Slegs 14,6 persent het aangedui dat hul oor onvoldoende kennis ten opsigte van die skoolreëls beskik.

Uit response op Vraag 42.4 kan afgelei word dat die meeste bestuursraadsvoorsitters (85,7%) in 'n groot mate op hoogte is van die skoolreëls vir leerlinge van hul betrokke skole en daar word dus aanvaar dat bestuursrade wel in 'n groot mate inspraak het in die opstel van skoolreëls (vergelyk 2.6.2.7.3).

\* Vraag 42.5: Kennis ten opsigte van die gedragskode van leerlinge

Die meerderheid (83,3%) van die respondente het aangedui dat hulle ten volle op hoogte is met die inhoud van die gedragskode van hul onderskeie skole. Daar was slegs 16,7 persent wat aangedui het dat hulle oor onvoldoende kennis in dié verband beskik.

Uit die response op Vraag 42,5 blyk dit dat die meeste (83,3%) van die bestuursraadsvoorsitters op hoogte is van die inhoud van die gedragskode vir leerlinge van hul onderskeie skole, aangesien dit deel van

hul bestuurstaak is om die gedragskode te help opstel (vergelyk 2.6.2.5).

- \* Vraag 42.6: Kennis van departementele regulasies ten opsigte van die hantering van skool- en koshuisfondse

Die meeste (90,5%) van die respondente het aangedui dat hulle ten volle op hoogte is met die regulasies ten opsigte van die hantering van skool- en koshuisfondse. Slegs 9,5 persent het onvoldoende kennis in dié verband.

Die feit dat die hantering van skool- en koshuisfondse een van die die basiese bestuursrakteristieke van die bestuursraad is (vergelyk 2.6.2.5) is moontlik daarvoor verantwoordelik dat so 'n hoë persentasie (90,5%) van die respondente aangedui het dat hulle ten volle op hoogte is ten opsigte van die betrokke regulasies.

- \* Vraag 42.7: Kennis ten opsigte van die wyses waarop skole fondse insamel

Die oorgrote meerderheid (97,6%) van die respondente is ten volle op hoogte van die wyses waarop hul onderskeie skole fondse insamel, terwyl slegs 2,4 persent oor gebrekkige kennis in dié verband beskik.

Die feit dat die meeste bestuursraadslede ouers is en ouers so dikwels self betrokke is by fondsinsamelingspogings kon meegebring het dat so 'n baie groot persentasie (98,6%) van die respondente aangedui het dat hulle ten volle op hoogte is van die fondsinsamelingswyses van hulle skole.

- \* Vraag 42.8 Kennis van skoolbeleid ten opsigte van die hantering van skool-gemeenskapsverhoudinge

Die meeste (76,2%) van die respondente het aangedui dat hulle ten volle op hoogte is met die beleid van hul skole ten opsigte van die han-

tering van skool-gemeenskapsverhoudings, terwyl 23,8 persent oor onvoldoende kennis van dié beleid beskik.

Die betreklik hoë mate van kennis (76,2% beskik oor ten volle kennis) by bestuursraadsvoorsitters van die beleid ten opsigte van die hantering van gemeenskapsverhoudings is moontlik toe te skryf aan die feit dat bestuursrade dikwels betrokke is by die bepaling van beleid ten opsigte van ouer-gemeenskapsbetrokkenheid by die skool, ondersteuning en samewerking met nie-statutêre ouerverenigings, ensovoorts (vergeelyk 2.6.2.7.5).

- \* Vraag 42.9: Kennis van skoolbeleid ten opsigte van die verskaffing van essensiële inligting aan die ouergemeenskap

Die oorgrote meerderheid (92,9%) van die respondente het aangetoon dat hulle ten volle op hoogte is met die beleid van hul skole ten opsigte van die verskaffing van inligting aan die ouergemeenskap. Net 7,1 persent het onvoldoende kennis in dié verband.

As amptelike modstuk van die ouers by die skool verskaf bestuursraadsvoorsitters dikwels inligting aangaande die skool aan die ouergemeenskap, byvoorbeeld die jaarlikse verlag oor die werksaamhede van die bestuursraad (vergeelyk 2.6.2.5). Die hoë persentasie (92,9%) respondente wat aangetoon het dat hulle grootliks op hoogte is met hul skole se beleid met betrekking tot die verskaffing van inligting aan die ouergemeenskap, spruit moontlik uit die ervaring wat bestuursraadsvoorsitters in dié verband opgedoen het.

- \* Vraag 42.10: Kennis ten opsigte van die wyses waarop die skool met die ouers en gemeenskap kommunikeer

Wat kommunikering met die gemeenskap betref, het 97,6 persent van die respondente aangetoon dat hulle ten volle kennis het van die wyses

waarop hul onderskeie skole dit doen. Slegs 2,4 persent het nie geweet hoe hul skole met die gemeenskap kommunikeer nie.

Die hoë persentasie (97,4%) respondente wat aangetoon het dat hul ten volle op hoogte is van die kommunikasiewyses van hul skole met ouers en die gemeenskap, spruit moontlik daaruit dat bestuursrade dikwels met die ouergemeenskap skakel, aangesien hulle die amptelike mondstuk van die ouers is (vergeelyk 2.6.2.5). Bestuursraadslede is self ook lede van die gemeenskap en is ook oorwegend ouers.

\* Vraag 42.11: Kennis ten opsigte van watter vakke die skool aanbied  
Die oorgrote meerderheid (97,6%) van die respondente het aangedui dat hulle ten volle op hoogte is van die vakke wat hul skole aanbied, terwyl slegs 2,4 persent nie seker is oor watter vakke hulle skole aanbied nie. Die rede vir dié groot persentasie (97,6%) is moontlik daarin geleë dat die meeste bestuursraadslede ouers van die skool is en daarom sal weet watter vakke die skool doseer.

\* Vraag 42.12: Kennis ten opsigte van watter sport- en kultuuraktiwiteite by die skool aangebied word  
Al die respondente (100,0%) het aangetoon dat hulle ten volle op hoogte is van watter sport- en kultuuraktiwiteite hul skole aanbied. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die meeste ouers lief is vir sport en kultuur en dit dus in 'n groot mate ondersteun. Vandaar die besondere kennis van die betrokke aktiwiteite wat die skool aanbied. Verder is kinders normaalweg óf by sport óf by kultuuraktiwiteite óf by albei betrokke en weet die ouers deur die kinders watter aktiwiteite die skool beoefen.

- \* Vraag 42.13: Kennis ten opsigte die inhoud van die skool se na-uurse program

Die oorgrote meerderheid (95,2%) van die respondente het aangedui dat hulle ten volle op hoogte is van hul skool se naurse program. terwyl slegs 4,8 persent onvoldoende kennis in dié verband het.

Aangesien die meeste van die bestuursraadslede ouers is van die skool, behoort hulle, deur middel van die kinders se betrokkenheid by die skool, op hoogte te wees met die naurse program van die skool. Die meeste skole voorsien ook aan die ouers jaarprogramme waarin die skool se naurse program uiteengesit word.

- \* Vraag 42.14: Kennis van departementele regulasies ten opsigte van die instandhouding van skoolgeboue en terrein

Die meeste (90,4%) van die respondente het aangetoon dat hulle ten volle op hoogte is met die regulasies ten opsigte van die instandhouding van die geboue en terrein van 'n skool. Slegs 9,6 persent het aangedui dat hulle oor onvoldoende kennis in dié verband beskik.

Die feit dat die bestuursraad baie nou betrokke is by die behoeftebepaling, toesig, verbetering, die daarstelling van 'n omvattende plan vir die ordelike uitbreiding en instandhouding van die fisiese fasiliteite van die skool (vergelyk 2.6.2.7.7), is waarskynlik die rede waarom so 'n groot persentasie van die respondente aangedui het dat hulle op hoogte is van die regulasies ten opsigte van die instandhouding van die skoolgeboue en terrein.

- \* Vraag 42.15: Kennis van departementele regulasies ten opsigte van die gebruik van skoolgeriewe buite skoolure

Die oorgrote meerderheid (92,9%) van die respondente het aangedui dat hulle op hoogte is met die regulasies ten opsigte van die gebruik

van skoolgeriewe buite skoolure, terwyl slegs 7,1 persent onvoldoende kennis in dié verband het.

Die bestuursraad verleen dikwels toestemming aan buite-instansies wat van die skool se geriewe buite skoolure wil gebruik maak (vergelyk 2.6.2.7.7), en daarom is hulle in die reël dus baie goed op hoogte van die departementele regulasies met betrekking tot die betrokke regulasies.

### 3.5.1.2 Sintese

Wat die kennis van bestuursraadsvoorsitters ten opsigte van hul bestuurstaaftak betref, blyk dit uit die response op Vraag 42 op die vraelys dat die meeste voorsitters in 'n baie groot mate op hoogte is van die verskillende fasette van hul bestuurstaaftak. Die hoë mate van kennis waaroor bestuursraadsvoorsitters beskik is moontlik toe te skryf aan die volgende feite, soos blyk uit die biografiese gegewens (vergelyk 3.3.1 en Tabel 3.2):

- \* Die meeste (73,8%) van die respondente het ses jaar en meer ondervinding as lede van 'n bestuursraad.
- \* Die meeste (90,5%) van hulle val in die leeftydsgroep 40 - 59 jaar en het dus ryke lewenservaring.
- \* Die meeste (71,4%) beskik oor 'n tersiële onderwyskwalifikasie (universiteitsgraad of diploma, onderwyserskollege-diploma of 'n kwalifikasie van 'n teknikon), wat beteken dat hulle sodanig gekwalifiseerd is dat hulle hul bestuurstaaftak met gemak sal kan hanteer.

### 3.5.2 Noodsaaklikheid van opleiding van bestuursraadslede

Die doel van hierdie vraag (vergelyk Bylae D, Vraag 43) was om vas te stel of bestuursraadsvoorsitters 'n behoefte gevoel ten opsigte van opleiding

van bestuursraadslede ten einde hul toe te rus vir hul bestuurstaak (vergelyk Tabel 3.15).

TABEL 3.15 NOODSAAKLIKHEID VAN OPLEIDING VAN BESTUURRAADSLEDE

Noodsaaklikheid van opleiding van bestuursraadslede	f	%
Glad nie noodsaaklik nie	3	7,1
In 'n mindere mate noodsaaklik	3	7,1
In 'n groot mate noodsaaklik	10	23,8
Noodsaaklik	26	61,9

### 3.5.2.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor die noodsaaklikheid van opleiding van bestuursraadslede

Die meeste (85,7%) van die respondente het aangedui dat hulle opleiding van bestuursraadslede as noodsaaklik beskou, terwyl 14,2 persent dit glad nie of slegs in 'n mindere mate as noodsaaklik beskou.

### 3.5.2.2 Sintese

Uit die response op Vraag 43 is dit duidelik dat bestuursraadsvoorsitters opleiding van bestuursraadslede as noodsaaklik beskou. Die redes hiervoor is moontlik in die volgende geleë:

- \* In 'n toenemend gekompliseerde samelewing word die bestuurstaak ook meer gekompliseerd.
- \* Bestuursrade het genoegsame kennis van die algemene take wat hul sta-têr opgelê is, soos die hantering van finansies, toesig oor die geboue en die terrein van die skool, aanbevelings van onderwysers en-sovoorts, maar besef dalk hul onvoldoende kennis ten opsigte aspekte soos:
  - Die volle onderwysperspektief, doelstellings en sienswyses.
  - Die Christelike uitgangspunt van die onderwys in die RSA.

- Die juridiese aspekte van die onderwys.

### 3.5.3 Metodes vir die opleiding van bestuursraadslede

Die doel van die vrae in hierdie afdeling (vergelyk Bylae B, Vraag 44) was om vas te stel watter metode na die mening van bestuursraadsvoorsitters die beste resultate sal lewer by die opleiding van bestuursraadslede (vergelyk Tabel 3.16).

TABEL 3.16 BESTE METODE VIR DIE OPLEIDING VAN BESTUURSRAADSELE

Metode	f	%
Toeligting deur die skoolhoof tydens vergaderings	2	5,0
Opleidingsseminare deur departementele amptenare	3	7,5
Opleidingskursusse deur kundiges op die gebied van die onderwysbestuur	6	15,0
Handleidings vir selfstudie	2	5,0
'n Kombinasie van bogenoemde metodes	24	60,0
Ander (sien spesifikasies)	3	7,5

#### 3.5.3.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor die metodes van opleiding van bestuursraadslede

Die oorgrote meerderheid (60,0%) van die respondente verkies 'n kombinasie van die metodes genoem in Vraag 44. Van die res het 15,0 persent opleidingskursusse deur kundiges op die gebied van die onderwysbestuur verkies, en 7,5 persent opleidingsseminare deur departementele amptenare, terwyl 5 persent óf toeligting deur die skoolhoof tydens vergaderings óf handleidings vir selfstudie verkies. Drie van die respondente het ander metodes voorgestel waarvan slegs een werklik 'n voorstel was, naamlik groepstudie aan die hand van gevallestudies.

### 3.5.3.2 Sintese

Die hoë persentasie response waarin 'n kombinasie van die voorgestelde opleidingsmetodes verkies word, is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat in 'n toenemend gekompliseerde wêreld die bestuur van enige organisasie (i.c. die skool) 'n toenemend gekompliseerde saak is wat al hoe meer kennis en bekwaamheid van bestuurders vereis.

### 3.5.4 Opsomming

Ofskoon bestuursraadsvoorsitters in 'n baie groot mate op hoogte is van die kennis ten opsigte van hul bestuurstaak (vergelyk 3.5.1.2), is die meeste die mening toegedaan dat opleiding van bestuursraadslede noodsaaklik is (vergelyk 3.5.2.2), en dat verskillende metodes (vergelyk Tabel 3.16) aangewend behoort te word ten einde elke bestuursraadslid vir hierdie belangrike taak toe te rus.

## 3.6 OUERBETROKKENHEID

Die doel met die vraag oor ouerbetrokkenheid (vergelyk Bylae D, Vraag 45) was om vas te stel wat bestuursrade kan doen om ouers in 'n groter mate die skool betrokke te kry (vergelyk Tabel 3.17).

TABEL 3.17 METODES VIR DIE BEVORDERING VAN OUERBETROKKEHEID BY DIE SKOOL

Metode van aanmoediging	f	%
Persoonlike aanmoediging deur skoolhoof en personeel	0	0,0
Persoonlike aanmoediging deur bestuursraadsvoorsitter en ander lede	1	2,6
Persoonlike aanmoediging deur die voorsitter en ander lede van die betrokke ouervereniging (bv. TAO)	0	0,0
Aktualiteitsprogramme vir ouers by die skool	3	7,9
Sosiale funksies vir ouers te reël	1	2,6
'n Kombinasie van bogenoemde metodes	33	86,8
Ander metodes (spesifiseer)	0	0,0

3.6.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor die metodes wat aangewend kan word om ouers meer betrokke by die skool te kry

Die oorgrote meerderheid (86,8%) van die respondente het aangedui dat hulle 'n kombinasie van die genoemde metodes verkies.

### 3.6.2 Sintese

Die dringendheid van groter betrokkeheid van ouers by die skool word weer eens deur die response op Vraag 45 bevestig (vergelyk ook 2.2.2).

### 3.7 SAMEWERKING TUSSEN BESTUURSRAAD EN NIE-STATUTÊRE OEUERVERENIGINGS

#### 3.7.1 Mate van samewerking

Die doel van die vraag oor die mate van samewerking (vergelyk Byae D, Vraag 46) was om vas te stel wat die stand van samewerking tussen bestuursrade en die betrokke nie-statutêre ouerverenigings is (vergelyk Tabel 3.18).

TABEL 3.18 STAND VAN SAMEWERKING TUSSEN BESTUURSRAAD EN NIE-STATUTÊRE OEUERVERENIGINGS

Graad van samewerking	f	%
Werk glad nie saam nie	0	0,0
Werk tot 'n mindere mate saam	10	25,0
Werk tot 'n groot mate saam	11	27,5
Werk uitstekend saam	19	47,5

#### 3.7.1.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor samewerking tussen bestuursrade en die nie-statutêre ouerverenigings

Die meerderheid (75,0) van die respondente het aangetoon dat die bestuursraad en die betrokke ouervereniging by hul skole baie goed saamwerk, terwyl 25,0 persent slegs in 'n mindere mate saamwerk.

#### 3.7.1.2 Sintese

Ofskoon die meerderheid bestuursrade en ouerverenigings wel uitstekend saamwerk, is daar 'n nog te groot persentasie waar daar 'n gebrek aan samewerking is. Dit is moontlik dat daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen bestuursraad en ouervereniging bestaan op grond daarvan dat daar op mekaar se bevoegdheidsterreine oortree word. Politieke verskille tussen lede van die betrokke liggame mag ook 'n faktor wees.

3.7.2 Samewerking tussen die bestuursraad en nie-statutêre ouervereniging op verskeie terreine

Die doel van die vrae in hierdie afdeling (vergelyk Bylae D, Vraag 47) was om te bepaal op watter terreine bestuursrade en nie-statutêre ouerverenigings saamwerk en op watter terreine daar min of geen samewerking is nie (vergelyk Tabel 3.19).

TABEL 3.19 MATE VAN SAMEWERKING TUSSEN BESTUURSRaad EN OUERVERENIGING OP VERSKEIE TERREINE

Samewerkingsterrein	1		2		3		4	
	f	%	f	%	f	%	f	%
47.1 Die bevordering van Christelike more	6	14,3	2	4,8	10	23,8	24	57,1
47.2 Die bevordering van die taal van die betrokke kultuurgroep as onderrigmedium	4	9,5	8	19,0	7	16,7	23	54,8
47.3 Die bevordering van die volkseie kultuur	5	11,9	5	11,9	10	23,8	22	52,4
47.4 Die beheer oor die onderwys op die plaaslike vlak van regering	7	18,4	12	31,6	6	15,8	13	34,2
47.5 Inpraak in die onderwys op departementale en nasionale vlak	10	25,0	6	15,0	15	37,5	9	22,5
47.6 Toerusting van ouers t.o.v. hul opvoedingstak in 'n nuwe onderwysbedeling	7	17,1	7	17,1	16	39,0	11	26,8
47.7 Identifisering en motivering van geskikte persone vir die onderwysprofessie	14	34,1	14	34,1	7	17,2	6	14,6
47.8 Die bedinging vir beter besoldiging en diensvoorwaardes vir onderwysers	12	29,3	11	26,8	12	29,3	6	14,6
47.9 Insigte t.o.v. wetgewing m.b.t. die belange van ouers en hul kinders in provinsiale skole	8	19,0	15	35,7	9	21,5	10	23,8
47.10 Om persone aan te wys wat die ouers verteenwoordig op komitees en ander liggame wat te doen het met onderwysaangeleenthede	8	19,0	7	16,7	16	38,1	11	26,2

1 - glad nie

2 - in 'n mindere mate

3 - in 'n groot mate

4 - algeheel

3.7.2.1 Analise van response ten opsigte van die vrae oor die samewerking tussen die bestuursraad en die nie-statutêre oerverenigings op verskeie terreine

\* Vraag 47.1: Die bevordering van Christelike norme

Wat die bevordering van Christelike norme betref, het 80,9 persent van die respondente aangedui dat daar by hul skole algehele samewerking is tussen die bestuursraad en die betrokke oervereniging. By 19,1 persent is daar glad nie of slegs in 'n mindere mate samewerking.

Die hoë mate van samewerking, (80,9%) soos blyk uit die response op Vraag 47.1 kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat Christelike norme nog steeds hoë prioriteit geniet. Die 14,3 persent wat aangetoon het dat daar geen samewerking met betrekking tot die bevordering van Christelike norme is nie, kan waarskynlik toegeskryf word aan persoonlike verskille ten opsigte van politiek, oortreding op mekaar se bevoegdheidsterreine, ensovoorts.

\* Vraag 47.2: Taalbevordering van betrokke kultuurgroep as onderrig-medium

Die meerderheid (71,5%) respondente het aangetoon dat daar goeie samewerking is tussen die bestuursraad en die betrokke oervereniging ten opsigte van die bevordering van die taal van die betrokke kultuurgroep. By 28,5 persent was daar geen of slegs 'n mindere mate van samewerking aangetoon.

Taal is en bly 'n bindende faktor vir enige gemeenskap en daarom is die moontlike verklaring vir die groot aantal (71,5%) respondente wat aangetoon het dat samewerking ter bevordering van die betrokke kultuurgroep se taal, hulle taalgebondenheid is. Slegs 28,5 persent het egter aangetoon dat daar swak samewerking tussen die bestuursraad en oerverenigings ten opsigte van die bevordering van taal is. Die rede hiervoor is moontlik geleë in politieke onversoenbaarheid, oortreding op mekaar se bevoegdheidsterreine, persoonlike verskille, ensovoorts.

\* Vraag 47.3: Bevordering van 'n volkseie kultuur

Die meeste (76,2%) van die respondente het aangetoon dat daar goeie samewerking is tussen die bestuursraad en die betrokke ouervereniging ten opsigte van die bevordering van 'n volkseie kultuur. Slegs 23,8 persent het aangetoon dat daar 'n gebrek aan samewerking is.

Kultuur is, soos taal, ook 'n sterk saambindende faktor. Hierdie groot mate van samewerking tussen die bestuursraad en die betrokke ouervereniging spruit waarskynlik uit hierdie samebindende faktor. Die rede vir die 23,8 persent wat 'n gebrek aan samewerking tussen die betrokke partye ondervind, kan moontlik politieke van aard wees of kan 'n gebrek aan belangstelling in kulturele aktiwiteite by beide partye wees.

\* Vraag 47.4: Die beheer oor die onderwys op plaaslike vlak

Die helfte (50,0%) van die respondente het aangetoon dat samewerking tussen die bestuursraad en die betrokke ouervereniging ten opsigte van die beheer oor die onderwys op plaaslike vlak goed is.

Die beheer oor die onderwys in die RSA was tot nog toe in die hande van die staat of die provinsies, met ander woorde plaaslike beheer oor die onderwys is vir die meeste bestuursrade en nie-statutêre ouerverenigings iets vreemds. Daarom ondersteun slegs die helfte van die respondente waarskynlik die gedagte van plaaslike beheer oor die onderwys.

\* Vraag 47.5: Inspraak in die onderwys op departementele en nasionale vlak

Die meeste (60,0%) van die respondente het aangetoon dat daar algehele samewerking is tussen die bestuursraad en die betrokke ouervereniging ten opsigte van inspraak in die onderwys op departementele en nasiona-

le vlak. By 40,0 persent is daar slegs 'n mindere mate van samewerking.

Die meeste (60,0%) bestuursrade en ouerverenigings verkies inspraak in die onderwys tot op die hoogste vlak van beheer, aangesien die ouer primêr verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders (vergeelyk 2.2.1) en daarom is samewerking in dié verband tussen die twee liggame besonder goed. Die relatief groot persentasie (40,0%) wat aangedui het dat geen samewerking of 'n gebrek daaraan by hul bestuursrade en die betrokke ouerverenigings bestaan, kan moontlik toegeskryf word aan 'n gebrek in belangstelling, politieke verskille, en die oortreding van mekaar se bevoegdheidsterreine.

\* Vraag 46.6: Toerusting van ouers ten opsigte van hul opvoedingstaak in 'n nuwe onderwysbedeling

By die meeste (65,8%) respondente se skole is daar 'n groot mate van samewerking tussen die bestuursraad en die betrokke ouervereniging ten opsigte van die toerusting van ouers vir hul opvoedingstaak in 'n nuwe bedeling. By 34,2 persent is daar 'n gebrek aan samewerking.

Die hoë mate (65,8%) van samewerking kan waarskynlik toegeskryf word aan 'n besef by ouers dat dit noodsaaklik is om te midde van 'n toenemend gekompliseerde wêreld goed toegerus te wees om hul kinders op te voed (vergeelyk 2.2.2). Die relatief hoë persentasie (34,2%) van die respondente wat 'n gebrek aan samewerking ten opsigte van die toerusting van ouers vir hul opvoedingstaak aangetoon het, is moontlik toe te skryf aan verskeie faktore, soos politieke verskille, 'n gebrek aan belangstelling in opvoedkundige aangeleenthede, oortreding van bevoegdheidsterreine deur die betrokke partye, ensovoorts.

- \* Vraag 47.7: Identifisering en motivering van geskikte persone vir die onderwysprofessie

Die oorgrote meerderheid respondente, naamlik 68,2 persent, het aangedui dat daar 'n gebrek aan samewerking tussen die bestuursraad en die betrokke ouervereniging by hul skole is ten opsigte van die identifisering en motivering van geskikte persone vir die onderwysberoep. Slegs 31,7 persent het aangetoon dat daar 'n baie groot mate van samewerking in dié verband by hul skole is.

Uit die response op vraag 47.7 kan dus afgelei word dat bestuursrade en ouerverenigings nog aanvaar dat dit die taak van die skool is om persone te identifiseer en te motiveer om onderwysers te word.

- \* Vraag 47.8: Die bedinging vir beter besoldiging en diensvoorwaardes vir onderwysers

By 56,1 persent van die respondente se skole is daar 'n gebrek aan samewerking tussen die bestuursraad en die betrokke ouervereniging ten opsigte van die bedinging van beter besoldiging en diensvoorwaardes vir onderwysers. Slegs 33,9 persent het 'n groot mate van samewerking tussen die betrokke partye aangetoon.

Aangesien besoldiging en diensvoorwaardes van onderwysers 'n saak van die staat is, wil dit voorkom asof die gebrek aan samewerking tussen bestuursrade en die betrokke ouerverenigings toegeskryf kan word aan die onbetrokkenheid van dié liggame by sake van dié aard.

- \* Vraag 47.9: Insette ten opsigte van wetgewing met betrekking tot die belange van ouers en hul kinders in provinsiale skole

Die meeste (54,7%) van die respondente het aangetoon dat daar 'n gebrek aan samewerking tussen die bestuursraad en die betrokke ouervereniging is ten opsigte van wetgewing met betrekking tot ouerbelange

in die provinsiale skole, terwyl 45,2 persent 'n groot mate van same-  
werking in dié verband aangetoon het.

Die ondersoek het nie 'n groot verskil tussen die liggame wat saam-  
werk en dié waar daar 'n gebrek aan samewerking bestaan aan die lig  
gebring nie, met ander woorde die belangrikheid van die aangeleent-  
word wel besef, maar die lewering van insette is bloot 'n saak van  
eie keuse eerder as op aandrang van die ouers.

- \* Vraag 47.10: Die aanwysing van persone wat die ouers moet verteenwoor-  
op komitees en ander liggame wat te doen het met onderwys

Die meeste (64,3%) van die respondente het aangetoon dat die bestuurs-  
raad en die betrokke ouervereniging grootliks saamwerk ten opsigte van  
die aanwysing van persone wat die ouers moet verteenwoordig op komi-  
tees en liggame wat met onderwysaangeleenthede te doen het. By 35,7  
persent is daar 'n gebrek aan samewerking tussen die partye aangetoon.

'n Deel van die taak van die bestuursraad - en in 'n baie groot mate  
ook die taak van enige ouervereniging - is om die skool, en dus ook  
die ouers van die skool, in gemeenskapsorganisasies te verteenwoordig  
(vergelyk 2.6.2.7.5), en daarom is die groot mate van samewerking tus-  
sen die bestuursraad en die betrokke ouerverenigings met betrekking  
tot die aanwys van persone wat die ouers op liggame wat met onderwys  
te doen het, moontlik toe te skryf aan die feit dat beide die be-  
stuursraad en die ouervereniging in 'n groot mate uitvoering gee aan  
hierdie besondere deel van hul taak.

### 3.7.2.2 Sintese

Uit die response op Vraag 47 van die vraelys is dit duidelik dat op grond  
van die bindende effek van Christelike norme, taal en volkseie kultuur,

samewerking tussen bestuursrade en nie-statutêre ouerverenigings oor die algemeen baie goed is. Verder is bevind dat daar ook 'n groot mate van samewerking is ten opsigte van inspraak in die onderwys op departementele en nasionale vlak, die toerusting van ouers ten opsigte van hul opvoedings-taak en om persone aan te wys wat die ouers verteenwoordig op komitees en ander liggame wat te doen het met onderwysaangeleenthede. Ten opsigte van die beheer oor die onderwys op plaaslike vlak, identifisering van geskikte persone vir die onderwysberoep, die bedinging vir beter besoldiging en diensvoorwaardes vir onderwysers en die lewering van insette met betrekking tot wetgewing ter beskerming van die belange van ouers en hul kinders, is daar 'n gebrek aan samewerking tussen die bestuursrade en die nie-statutêre ouerverenigings.

### 3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar, met behulp van 'n gestruktureerde posvraelys aan bestuursraadsvoorsitters van 50 blanke sekondêre skole in Transvaal, inligting ingewin ten opsigte van die uitvoering van hul bestuurstaak. Die aspekte wat ondersoek is, is onder andere die mening van bestuursraadsvoorsitters oor die belangrikheid van verskeie aspekte van hul bestuurstaak en die uitvoering daarvan, hul kennis met betrekking tot verskeie aspekte van hul pligte en bevoegdhede, die wyses waarop ouers se betrokkenheid by die skool verbeter kan word, en die stand van samewerking tussen die bestuursraad en die onderskeie nie-statutêre ouerverenigings.

## HOOFSTUK 4

### SAMEVATTENDE PERSPEKTIEFSTELLING

#### 4.1 INLEIDING

Die rol van die bestuursraad in skoolbestuur is 'n saak wat al hoe belangriker word, gesien in die lig van 'n geneigdheid tot afwenteling van gesag in die nuwe onderwysbedeling.

Skoolhoofde sal in die toekoms al hoe meer daarop ingestel moet raak om die kennis en kundigheid van die lede van bestuursrade te benut tot voordeel van die belangrikste vennoot in die opvoedingsituasie, naamlik die leerling.

#### 4.2 OORSIG

In Hoofstuk 1 is probleme ten opsigte van oerbetrokkenheid en -verteenvoording by die onderwys aangetoon. Om antwoorde te vind vir dié probleme is daar ten doel gestel om deur navorsing vas te stel:

- \* wat die begroning van oerinspraak in en die betrokkenheid van ouers by die onderwys is;
- \* wat die huidige pligte, magte en bevoegdhede van die bestuursraad is, of hulle oor genoegsame kennis beskik om hul bestuurstaak na behore te kan uitvoer en of opleiding van bestuursraadslede noodsaaklik is, en
- \* deur wie en hoe ouers by die onderwys verteenwoordig word en wat die stand van samewerking tussen die verskillende verteenwoordigende oerliggame is.

Voorts is aandag gegee aan die metode van navorsing, terreinafbakening, die uitvoerbaarheid van van die navorsing, en die program waarvolgens dit uitgevoer sou word.

In Hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie na die begroning van oerinspraak en -betrokkenheid in die onderwys onderneem. Daar is vervolgens aandag

gegee aan die wyses waarop ouers by die skool verteenwoordig word met die klem op die bestuursraad as statutêre oerliggaam. Daar is veral aandag gegee aan aspekte soos die huidige pligte, bevoegdhede en werksaamhede van bestuursrade, die rol wat hul speel of kan speel ten opsigte van die bestuurstake en die verskillende bestuursareas by die skool en samewerking met die nie-statutêre ouerverenigings.

Hoofstuk 3 behels die empiriese ondersoek. 'n Vraelys is ontwerp en as meetinstrument gebruik. Die doel, voor- en nadele, konstruksie van die vraelys, administratiewe prosedures en statistiese tegnieke wat gebruik is, is vervolgens bespreek.

Data is ingewin deur middel van vraelyste wat by geselekteerde sekondêre skole in Transvaal gesirkuleer is. Die versamelde data is deur die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir interpretasie met behulp van die rekenaar verwerk. Daar is met die interpretasie van die data gebruik gemaak van tabelle waarin die volgende data vervat is:

- \* Inligting ten opsigte van die vraelyste uitgestuur en terugontvang.
- \* Inligting ten opsigte van biografiese en demografiese besonderhede van respondente.
- \* Inligting ten opsigte van die belangrikheidsbeskouing en uitvoering met betrekking tot die bestuurstake en bestuursareas waarvoor die respondente verantwoordelik is.
- \* Inligting ten opsigte van die kennis van hul taak, die noodigheid van opleiding vir hul taak en, indien wel, die moontlike metodes wat aangewend kan word ten einde die nodige opleiding te voorsien.
- \* Inligting ten opsigte van die metodes wat aangewend kan word om ouers meer betrokke te kry by die skool waar hul kinders skoolgaan.

- \* Inligting ten opsigte van die mate van samewerking tussen die bestuursrade en die betrokke nie-statutêre ouerverenigings op verskeie terreine.

#### 4.3 BEVINDINGS

##### 4.3.1 Bevindings ten opsigte van die literatuurstudie

Op grond van die literatuurstudie is die volgende bevindings gemaak:

- \* Ten opsigte van die begroning van ouerinspraak in die onderwys is die volgende bevind:
  - Die ouers en die skool het fundamenteel 'n opvoedingsplig en is op mekaar aangewese (vergelyk 2.2).
  - Die ouers is histories by die opvoeding van hul kinders betrokke en dus by die skool, waar hulle kinders skoolgaan (vergelyk 2.3).
  - Die ouers is juridies (gemeenregtelik en statutêrregtelik) verplig om hulle kinders op te voed, maar hulle is as verbruikers van die onderwysdiens ook geregtig op inspraak in die onderwys (vergelyk 2.4).
  - Ouers het op opvoedkundige gronde die reg op inspraak in die onderwys, omdat die ouers, as skeppers van 'n bepaalde opvoedingsmilieu tuis, ook graag sal wil sien dat die skool sal voortbou op die arbeid wat tuis begin is (vergelyk 2.5).
- \* Wat ouerinspraak in die onderwys betref, is bevind dat ouers op amp telike wyse verteenwoordig behoort te wees en dat hierdie verteenwoording op twee maniere, naamlik statutêr en nie-statutêr, geskied.
  - Statutêr word die ouers deur verskeie liggame wat by wyse van wetgewing ingestel is, soos die Bestuursraad, die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys, Skoolrade, Streeksrade en die Provinsiale Onderwysrade verteenwoordig (vergelyk 2.6.1).

Vir die doel van hierdie studie is die verteenwoordiging deur die bestuursraad in besonder bestudeer en is daar bevind dat die bestuursraad besondere pligte, bevoegdhede en werksaamhede opgelê is ten einde die oer se aandeel in die bestuursaktiwiteite van die skool uit te voer (vergelyk 2.6.2).

- Nie-statutêre ouerverteenwoordiging vir skole onder die jurisdiksie van die Transvaalse Onderwysdepartement geskied deur die TAO (Transvaalse Afrikaanse Oervereniging), TEMPA (Transvaal English Medium Parent Association), die OOV (Ouer-onderwyserverenigings) en die PTA (Parent Teacher Association) (vergelyk 2.7.1).

Wat die nie-statutêre ouerverenigings betref, is bevind dat hulle werksaamhede meer te doen het met sake soos fondsinsamelingsveldtogte, ondersteuning van eie taal, godsdiens en kultuur, beskerming van die belange van ouers en leerlinge, en die identifisering van geskikte kandidate vir die onderwysberoep (vergelyk 3.7.2, 3.7.3 en 3.7.4).

Daar is verder bevind dat oueraande ook kan dien as middel tot ouerinspraak in die skool en wel op informele wyse. Inligting ten opsigte van aktuele sake soos individuele leerlinge se prestasies en probleme kan op sulke oueraande tussen personeel en ouers uitgeruil word (vergelyk 2.7.5).

#### 4.3.2 Bevindings ten opsigte van die empiriese ondersoek

Op grond van die empiriese ondersoek is die volgende bevind:

- \* Bestuursraadsvoorsitters van sekondêre skole onder die jurisdiksie van die Transvaalse Onderwysdepartement is oor die algemeen goed ingelig ten opsigte van die verskillende fasette van hul bestuurstaak (vergelyk 3.5.1), maar is nog nie ten volle by skoolbestuur betrokke nie.

- \* Bestuursraadsvoorsitters toon 'n hoë mate van begrip vir die belangrikheid van die meeste van die bestuursfasette wat in hierdie ondersoek onder die loep geneem is (vergelyk 3.4.1 en 3.4.2). Daar is egter 'n aantal probleemareas blootgelê met betrekking tot die volgende bestuursareas:
  - Wat personeelbestuur betref, word slegs personeelvoorsiening as belangrik beskou, terwyl daar 'n gebrek aan belangstelling ten opsigte van inskakelingsaksies vir beginnerpersoneel, en die skepping, afskaffing en opskorting van poste is (vergelyk 3.4.2.1).
  - Ten opsigte van Leerlingbestuur is daar 'n gebrek aan belangstelling vir opleidingsprogramme vir leerlingleiers, en verrykingskursusse vir hoogbegaafde leerlinge (vergelyk 3.4.2.2).
  - Daar is 'n gebrek aan belangstelling vir die evaluering van vakleerinhoud wat aan die leerlinge geleer word, en die evaluering van die skoolkurrikulum (vergelyk 3.4.2.5).
- \* Bestuursraadsvoorsitters het aangetoon dat hulle oor 'n hoë mate van kennis ten opsigte van die formeel-statutêre aspekte van hulle bestuurstaak beskik, maar meen dat opleiding ten opsigte van die meer funksionele aspekte van die bestuursraadsrol noodsaaklik is, en dat 'n verskeidenheid opleidingsmetodes gebruik behoort te word om die nodige opleiding moontlik te maak (vergelyk. 3.5.1, 3.5.2, en 3.5.3).
- \* Ouerbetrokkenheid kan volgens bestuursraadsvoorsitters op verskeie maniere bevorder word (vergelyk 3.6.1).
- \* Daar heers 'n hoë mate van samewerking tussen bestuursrade en die nie-statutêre ouerverenigings (vergelyk 3.7.1 en 3.7.2).

#### 4.4 AANBEVELINGS EN RIGLYNE VIR 'N MEER EFFEKTIEWE BYDRAE DEUR DIE BESTUURSRAAD

##### 4.4.1 Aanbevelings ten opsigte van die ondersoek

Op grond van die ondersoek wat onderneem is, kan die volgende aanbevelings met betrekking tot die rol van bestuursrade in skoolbestuur gedoen word:

- \* Aanbeveling 1: Bestuursrade moet in nog groter mate betrek word by die verskillende aktiwiteite en bestuursfasette van die skool.

Motivering: Uit die empiriese ondersoek het dit duidelik geblyk dat, ofskoon die bestuursraadsvoorsitters die meeste van die bestuursfasette as baie belangrik beskou, die uitvoering en deelname daaraan nog nie na wense geskied nie (vergelyk 3.4.1 en 3.4.2). Dit is die taak van die skoolhoof, as lid van die bestuursraad (vergelyk 2.6.2.3), om toe te sien dat die raad by al die bestuursfasette van die skool ingeskakel word.

##### Riglyne:

- Skoolhoofde kan bestuursraadslede betrek deur op eie inisiatief kundige lede te vra om behulpsaam te wees met 'n besondere projek, byvoorbeeld 'n rekenaardeskundige om te help by die skool se rekenaar-klub. 'n Ander saak waaraan skoolhoofde veral aandag kan gee is die stigting van komitees, waarin bestuursraadslede kan dien, wat verskeie bestuursfasette van die skool kan beplan, organiseer, lei en beheer. Die volgende bestuursraadskomitees wat in samewerking (of as oorkoepelende beheerliggaam) met die betrokke nie-statutêre ouerverenigings bepaalde funksies vir die skool verrig, kan oorweeg word:
  - = Beleidkomitee - wat die skoolhoof kan bystaan met die beplanning, opstelling, en vernuwung van skoolbeleid ten opsigte van, byvoorbeeld skoolreëls, kleredrag van leerlinge, en die instandhouding

en verfraaiing van die skoolgeboue en -terrein.

- = Sportkomitee - wat verantwoordelik is vir die stigting van ouer-ondersteuningsgroepe, addisionele afrigting, sportklere, reëling van afrigtingskursusse, ensovoorts.
- = Veiligheidskomitee - wat verantwoordelik is vir beskerming van leerlinge in krisistye, veilige straattoegang, beveiliging van geboue en terrein, ensovoorts.
- = Reklamekomitee - wat verantwoordelik is vir bekendstelling van skoolaktiwiteite soos kermisses, talentaande, operettes, toneel-opvoerings en sportdae.
- = Vervoerkomitee - reël vervoer vir leerlinge vir groot sportbyeenkomste. Help met die instandhouding van die skool se eie busse.
- = Fondsinsamelingskomitee - reël insamelingsaksies asook ouerhulp tydens die insamelingsaksies.
- = Onthaal- en inskakelingskomitee - help met reëling van onthale en help met die inskakeling van nuwe personeellede. Hierdie komitee kan ook verhoudingstigting en kommunisering tussen die skool en die ouergemeenskap as 'n staande opdrag ontvang.
- = Kultuurkomitee - help met afrigting van kultuuraktiwiteite - soos koorsang, toneel, en operettes. Reël werkwinkels vir byvoorbeeld toneel.
- = Akademiese komitee - evalueer leerinhoud om te bepaal of daar strydigheid is ten opsigte van die Christelike karakter van die onderwys. Reël verrykingskursusse vir hoogbegaafde leerlinge, ensovoorts.
- = Terrein- en gebouekomitee - verleen hulp aan die bestuursraad se toesigprogram oor geboue en terrein, maar sorg veral vir die verfraaiing van die skoolgeboue en -terrein.

- = Mediakomitee - is verantwoordelik vir die verkryging van fondse en die aankoop van onderrigmedia wat nie deur die staat voorsien word nie.
- = Komitee vir ouerbetrokkenheid - is verantwoordelik vir die verdeling van die ouergemeenskap in wyke en die aanwys van kontakpersone in wyke ten einde ouerbetrokkenheid te bevorder.

Die komitees moet deur lede van die bestuursraad geïnisieer word en daar moet waar moontlik 'n bestuursraadslid op so 'n komitee dien sodat daar by bestuursraadsvergaderings verslag gegee kan word van die werksaamhede van die onderskeie komitees.

- \* Aanbeveling 2: Bestuursrade moet meer bewus gemaak word van hul taak ten opsigte van personeel-, leerling- en kurrikulumbestuur.

Motivering: Die bestuursraad kan 'n baie groot rol speel by die inskalkeling van nuwe personeel in die skool en veral in die gemeenskap (vergelyk 3.4.3.1.1 en 3.4.3.1.2). Wat leerlingbestuur betref, kan die bestuursraad 'n baie groot bydrae lewer veral met betrekking tot die aanbieding van verrykings-, leiers- en sportafrigtingskursusse (vergelyk 3.4.2.2). Ten opsigte van kurrikulumbestuur kan bestuursrade veral 'n groot bydrae lewer met betrekking tot die evaluering van vak-leerinhoud en hulpverlening aan die skoolhoof by die beplanning van 'n skoolprogram (vergelyk 3.4.2.5).

#### Riglyne:

- \* Personeelbestuur - die bestuursraad bied deur middel van sy onthaal- en inskalkelingskomitee inskalkelingsprogramme vir nuwe personeel aan, gee aandag aan sake soos die meeleving met personeellede in tye van siekte, dood, en ook by vreugdes soos huwelike, geboorte van kin-

ders en verjaardae. Help met die reëling van sosiale byeenkomste vir ouers en personeel soos byvoorbeeld "ken-mekaaraande".

\* Leerlingbestuur - stigting van leesgroepe vir leerlinge, organisering van oriënteringskursusse vir leerlinge, aanbieding van verrykingskursusse vir hoogbegaafde leerlinge is sake waaraan bestuursrade met veel vrug kan meedoën.

\* Kurrikulumbestuur - bestuursrade kan deur middel van hul akademiese komitee die leerinhoud evalueer en aanbevelings in dié verband deur die Superintendent Kring of deur die betrokke ouerverenigings (byvoorbeeld die TAO of TEMPAA), wat inspraak in die onderwys het tot op departementele vlak, te kanaliseer na die verantwoordelike departemente. Die bestuursraad kan ook behulpsaam wees by die beplanning van veral die natuurse program van die leerlinge.

\* Aanbeveling 3: Bestuursraadslede behoort opleiding te ontvang ten einde hulle in staat te stel om hul bestuurstaak by die skool beter te kan uitvoer.

Motivering: Bestuursraadslede het, soos blyk uit hierdie ondersoek (vergelyk 3.5.1), voldoende kennis vir hulle statutêr-bepaalde en algemene pligte, maar die oorgrote meerderheid (85,7%) het aangetoon dat opleiding van bestuursraadslede noodsaaklik is. Dit wil dus voorkom of 'n diskrepansie bestaan: daar is genoeg kennis, maar opleiding is tog noodsaaklik. Die moontlikheid bestaan dat bestuursraadsvoorsitters besef dat hulle te min weet van die wese van dit wat hulle moet medebestuur, naamlik die onderwys.

Riglyne: Bestuursrade behoort opleiding te ontvang. Bestuursraadslede behoort veral opleiding te ontvang ten opsigte van die volgende aspekte:

- Die volle opvoedende onderwysperspektief, doelstellings en sienswyses van die blanke Suid-Afrikaanse onderwysidroom.
- Die Christelike karakter van die onderwys vir blankes in die RSA soos vergestalt in:
  - = Kurrikula.
  - = Die voorgeskrewe gedragskode vir onderwysers.
  - = Die vorming van die opvoedeling tot verantwoordelike volwassene.
  - = Die neergelegde statutêre bepalings soos vervat in onder andere onderwyswette, regulasies en handleidings wat die optrede van onderwysers en kinders reël.
  - = Aspekte soos die voorgeskrewe wyse van geldisameling; die hantering van alkohol by skoolprojekte en -funksies; die oorbeklemtoning van gelukseletjies; die wenslikheid al dan nie van danse, "sokkiejolle", disko's as maniere om geld in te samel behoort in die lig van die Christelike uitgangspunt onder die soeklig te kom.
  - = Die korrekte vergaderingsprosedures behoort onder die soeklig te te kom ten einde te verhoed dat vergaderings onnodig omslagtig en uitgerek is.
  - = 'n Juridies-gefundeerde oorsig oor die regte en pligte van die ouer, onderwyser en kind, byvoorbeeld die regsposisie van die onderwyser ingevolge sy in loco parentis-rol; die juridiese krag van skoolreëls; die beginsel van natuurlike geregtigheid; ouerlike pligte (soos die onderhouds- en opvoedingsplig).
  - = 'n Gedefinieerde (Christelike) grondslag moet aan ouers voorgehou sodat hulle hulself daarmee kan vereenselwig.

\* Aanbeveling 4: Bestuursrade moet 'n groter rol speel om ouers meer betrokke by die onderwys te maak.

Motivering: Bestuursrade is die amptelike verteenwoordigers van die ouers by die skool (vergelyk 2.6.2.5), en daarom is dit ook hul taak om die ouers te motiveer om meer betrokke te raak by die skool waar hul kinders skoolgaan. Dit sal verder ook die taak van die bestuursraad wees om metodes te vind om ouers meer bewus te maak van hul pligte in dié verband (vergelyk 3.5.3).

Riglyne: Die bestuursraad kan onder andere die volgende oorweeg om ouerbetrokkenheid by die skool te bevorder:

- Verdeling van die ouergemeenskap in wyke met 'n sameroeper wat die wyksaktiwiteite koördineer. Die sameroeper kan dan alle inligting ten opsigte van die skoolprogram, soos sportbyeenkomste, en kultuuraktiwiteite in sy wyk versprei en die ouers aanmoedig om die aktiwiteite by te woon en te ondersteun.
- Deur sosiale funksies aan te bied vir ouers en onderwysers ten einde kontak tussen ouer en onderwyser te bewerkstellig.
- Die propagering van oueraande - oueraande word dikwels swak byge-woon.

\* Aanbeveling 5: Die bestuursraad moet poog om groter samewerking met die betrokke nie-statutêre ouerverenigings te bewerkstellig.

Motivering: Bestuursraadsvoorsitters het aangedui dat die samewerking tussen die bestuursrade en die betrokke ouerverenigings oor die algemeen uitstekend is. Tog kan daar uit die response op Vraag 47 van die vraelys (vergelyk Bylae D, Vraag 47 en 3.7.2) afgelei word dat, ofskoon daar verskeie terreine is waarop daar uitstekend saamgewerk word, daar ander is waarop daar gebrekkige samewerking ondervind word.

Riglyne: die bestuursraad moet TAO-, TEMPA-, COV/PTA-lede so gou moontlik betrek by die werksaamhede van die voorgestelde komitees. Dit kan verseker dat daar nie oor en weer op mekaar se bevoegdheidsterreine oortree word nie. Skoolhoofde en bestuursraadsvoorsitters sal hier baie sterk leiding moet gee, aangesien oortreding van die verskillende liggame se bevoegdheidsterreine ernstige probleme kan meebring wat slegs skadelik vir die skool in die besonder en vir die opvoedende onderwys in die geheel kan wees.

#### 4.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

Daar kan aan die volgende temas aandag gegee word vir verdere navorsing:

- \* 'n Model vir opleiding van bestuursraadslede.
- \* Die rol van die onderwysowerhede by die opleiding van bestuursraadslede.
- \* Die moontlike taak van die bestuursraad in kurrikulumbestuur.
- \* Die bestuursraad se rol by die inskakeling van nuwe personeel.
- \* Die bestuursraad se rol by leerlingbestuur.

#### 4.5 SLOTOPMERKING

Die rol wat bestuursrade speel in skoolbestuur is besonder belangrik en die meeste bestuursrade voer hul bestuurstaak bevredigend uit.

Skoolhoofde kan egter meer gebruik maak van die kundigheid van lede van bestuursraadslede op verskeie vlakke. Deur die betrokkenheid van bestuursraadslede kan daar 'n gesonde verhouding tussen skool- en ouergemeenskap ontwikkel wat tot beter wedersydse begrip vir mekaar se probleme kan lei sodat die belangrikste vennoot in die onderwyssituasie, naamlik die kind, die beste bevoordeel sal word.

BRONNELYS

- ALLEN, L.A. 1964. The management profession. New York : McGraw-Hill.
- BARNARD, S.S. 1979. Blanke onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief. Durban : Butterworths.
- BARNARD, S.S. 1982. Wat is die skool? Woord en daad, 22(240):7-8, Aug.
- BARNARD, S.S. 1984. Inleiding tot die Vergelykende Opvoedkunde. Durban : Butterworths.
- BARNARD, S.S. 1986. Die samehang tussen onderwysbestuur en skool-gemeenskapsverhoudinge. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Onderwysbestuur : grondslae en riglyne. Pretoria : HAUM: p. 361 - 396.)
- BARNARD, S.S. 1990 a. Die samehang tussen onderwysbestuur en skool-gemeenskapsverhoudinge. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Doeltreffende onderwysbestuur. Pretoria : HAUM. p.431-457.)
- BARNARD, S.S. 1990 b. Opvoedkundige beplanning en benutting van fisiese fasiliteite. (In Van der Westhuizen, P.C., red. Doeltreffende onderwysbestuur. Pretoria : HAUM. p.507-531.)
- BASSON, C.J.J. 1990. Bestuur van administratiewe aangeleenthede (In Van der Westhuizen, P.C., red. Doeltreffende onderwysbestuur. Pretoria : HAUM. p.461-505.)
- BONDESIO, M.J. & DE WITTE, J.T. 1990. Personeelbestuur (In Van der Westhuizen, P.C. red. Doeltreffende onderwysbestuur. Pretoria : HAUM. p.249-359.)
- BYBEL. 1983. Die Bybel : nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- CIASE, P.J. 1985. Ouerbetrokkenheid. Die Vrystaatse onderwyser, 75(9): 4-8, Sept.
- COETZEE, J.C. 1941. Onderwys in Transvaal 1838 - 1937. Pretoria : J.L. van Schaik.
- COETZEE, J.C. 1963. Onderwys in Suid-Afrika 1652 - 1960. Pretoria : J.L. van Schaik.
- COETZEE, J.C. 1977. Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde. 2de uitg. Johannesburg : Perskor.
- COMER, J.P. 1986. Parent participation in the schools. Phi Delta Kappan, 67(6) : 442 - 446, Feb.
- DEKKER, Elize I. 1986. Ouerreg, oerseggenskap en ouersamewerking van die Wes-Duitse Länder. Algemene riglyne vir ouerbetrokkenheid in die onderwys. Pretoia (Proefskrif (D.Ed.)-UNISA.)

- DE LANGEN, Gertrude E. 1981. Die organisatoriese knooppunt tussen skool en huis. Pretoria (Verhandeling (M.Ed.)-UNISA.)
- DE WET, J.J., MONIETH, J.L. DE K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. 'n Inleiding tot empiriese navorsing. Pretoria : Butterworth.
- DE WET, P.R. 1981. Inleiding tot die Onderwysbestuur. Kaapstad : Lex Patria.
- DOOYEWEERD, H. 1968. The Christian idea of the state. Nutley N.J.: Craig Press.
- ELOFF, S.J. 1982. Ouerbetrokkenheid in die opvoeding en onderwys. (Referaat gelewer by die Afrikaanse Onderwyskongres 18 - 22 Mei 1982.) Bloemfontein.
- FISCHER, L. & SCHIMMEL, D. 1978. The rights of parents. Theory in practice, 17(4) : 321 - 328, Oct.
- GORTON, R.A. 1976. School administration : challenge and opportunity for leadership. Dubuque, Iowa : Wm. C. Brown.
- GORTON, R.A. 1983. School administration and supervision : leadership challenges and opportunities. Dubuque, Iowa : Wm. C. Brown.
- GRAY, Sandra T. 1984. How to create a successful school/community partnership. Phi Delta Kappan, 65(6) : 405-409, Feb.
- HATTINGH, D.L. 1978. Die plek van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel. Pretoria : RGN
- HOFFMAN, P.A.E. 1978. Inleiding tot die Sosiopedagogiek. Bloemfontein : Sacum.
- JOHNSTON, Marilyn & SLOTNIK, Joanne. 1985. Parent participation in the schools : are the benefits worth the burdens? Phi Delta Kappan, 66(6) : 430-433, Feb.
- JONES, V.F. & JONES, L.S. 1986. Comprehensive classroom management : creating positive learning environments. Boston : Allyn & Bacon.
- JOUBERT, J.J. 1973. Die praktiese beslag van die Christelike skool-verantwoordelikheid van die ouer. (Referaat gelewer by die tweede Coos-Kongres : 25-26 Mei 1973. Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika. Reeks B : Voorligtingstukke oor Opvoeding en Onderwys, no. 5. 1974. p. 22-28.) Potchefstroom : Pro Rege.
- KAZAMIAS, A.M. & MASSIALAS, B.G. 1965. Tradition and change in education : a comparative study. Englewood Cliffs N.J. : Prentice Hall.
- KOONIZ, H.D., O'DONNELL, C.J. & WEINRICH, H. 1982. Essentials of management. New York : McGraw-Hill.

- KRITZINGER, M.B.S., LABUSCHAGNE, F.J. & PIENAAR, P. 1981. Verklarende Afrikaanse woordeboek. Pretoria: Van Schaik.
- LANDMAN, W.A. 1972. Leesboek vir die Christen opvoeder. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- LANDMAN, W.A. 1987. Die bestuursraad en die TAO as verteenwoordigende liggame van die oergemeenskap met spesifieke verwysing na hulle verhouding tot die professionele personeel van 'n skool. (Toespraak gelewer voor die breë bestuur van die belangegroep laerskole van die Transvaalse Onderwysdepartement op 22 Augustus 1987.) Pretoria.
- MAPLETOFT, Miranda. 1990. The chemical industry education centre at York (UK). Spectrum, 28(4) : 8-10, Oct.
- MARX, F.W. 1981. Bedryfsleiding. Pretoria : HAUM.
- MCDONALD, Alice. 1986. Solving educational problems through partnerships. Phi Delta Kappan, 67(10) : 752-753, June.
- NELL, W.L. 1980. Die eis van toenemende spesialisasie in die onderwys : enkele fasette vanuit die onderwysadministrasie se bydrae tot 'n antwoord vanuit die opvoedkunde. (Referaat gelewer op die agtiende kongres van SAVBO, nr. 14.) Durban : SAVBO.
- NELL, W.L. 1982. Children suffer from tension. SAOR Bulletin, 12 :14, Sept.
